LOVE GOD GREATLY JOERNAAL

# VOLKOME OORGAWE

GOD SE HART VIR
SY DOGTERS

*VOLKOME OORGAWE: GOD SE HART VIR SY DOGTERS*

Kopiereg © 2022 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Volkome Oorgawe: God se Hart vir Sy Dogters* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

WANNEER VROUE
TOEGERUS IS MET DIE
KENNIS VAN GOD SE
WAARHEID, WORD DIE
WÊRELD VERANDER,
EEN VROU OP 'N SLAG.

# INHOUD

003 WELKOM
004 INLIGTING OOR LGG
005 ONS MISSIE
006 SOAP BYBELSTUDIE METODE
009 GETUIENIS
010 WÊRELDWYE BEDIENING
011 KEN HIERDIE WAARHEDE
014 INLEIDING
015 LEESPLAN
018 DOELWITTE
019 WEEK 1
042 WEEK 2
066 WEEK 3
091 WEEK 4
115 WEEK 5
140 WEEK 6
163 SLUIT BY ONS AAN
164 VIR JOU

*Vir Jou*

IS DAAR
GEBID; DIT IS
GEEN TOEVAL
DAT JY AAN
HIERDIE STUDIE
DEELNEEM NIE.

# WELKOM!

Ons is verheug dat jy besluit het om by ons aan te sluit vir hierdie Bybelstudie! Weet dat daar vir jou gebid is; dit is geen toeval dat jy aan hierdie studie deelneem nie.

Ons gebed vir jou is eenvoudig: dat jy nader aan God sal groei soos jy jouself daagliks in sy Woord verdiep! Voordat jy begin om die aangewese Bybelverse vir die dag te lees, bid en vra God om jou te help om dit te verstaan. Vra Hom om deur sy Woord met jou te praat. Luister dan. Glo dat Hy getrou sal wees om tot jou te spreek. Wees getrou om te luister en te gehoorsaam.

Neem tyd om die verse oor en oor te lees. Die Bybel leer vir ons dat wanneer ons wysheid soek soos ons silwer sou soek, en dit opspoor soos ‘n verborge skat, dan sal ons weet hoe om die Here te dien en sal ons ontdek wat dit is om God te ken. (Spr. 2:4-5)

Almal van ons hier by Love God Greatly kan nie wag vir jou om te begin nie, en ons hoop om jou by die wenstreep te sien.  Volhard, druk deur; moenie opgee nie! Eindig sterk met dít waarmee jy vandag begin.

Ons sal elke tree van die pad hier wees om jou aan te moedig! Ons is met jou. Kom ons sien wat God vir ons wil openbaar in hierdie studie. Reis saam met ons soos ons leer om God heelhartig met ons lewens lief te hê!

## OOR LGG

Love God Greatly bestaan om vroue reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus om God heelhartig lief te hê met hulle lewens.

Ons wil vroue INSPIREER om God se Woord 'n prioriteit te maak in hulle daaglikse lewens, deur middel van ons Bybelstudie hulpbronne.

Ons wil vroue AANMOEDIG in hulle daaglikse lewenswandel met God, deur middel van 'n aanlyn gemeenskap en persoonlike aanspreeklikheid.

Ons wil vroue TOERUS om in hulle geloof te groei, sodat hulle effektief ander mense vir Christus kan bereik.

Ons begin met 'n eenvoudige Bybelleesplan, maar dit eindig nie daar nie. Sommige vroue kom bymekaar in hulle huise en plaaslike kerke, terwyl ander aanlyn met vroue reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ookal gebruik word, ons vou liefdevol ons arms om mekaar en verenig vir hierdie doel: om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

By Love God Greatly sal jy ware, lewensegte vroue vind. Vroue wat minder van mekaar, en baie meer van Jesus begeer. Vroue wat daarna smag om God deur sy Woord te ken, want ons weet dat Waarheid ons hervorm en vrymaak. Vroue wat beter is wanneer hulle saam is, versadig in God se Woord en in 'n gemeenskap met mekaar.

Love God Greatly is toegewyd om kwaliteit Bybelstudiemateriaal te voorsien en glo dat finansies nooit in die pad moet staan van enige vrou om te kan deelneem aan een van ons Bybelstudies nie. Alle joernale is beskikbaar om gratis afgelaai te word van LoveGodGreatly.com

Ons joernale en boeke kan ook op Amazon gekoop word. Soek vir "Love God Greatly" om al ons Bybelstudie joernale en boeke te sien.

*JY SAL VROUE VIND WAT ONVOLMAAK EN TOG VERGEWE IS.*

Love God Greatly is 'n 501 (C) (3) nie-winsgewende organisasie. Bevondsing vir Love God Greatly kom van donasies en opbrengste van ons aanlyn Bybelstudie joernale en boeke.

Een-honderd persent van die opbrengs gaan direk terug in die ondersteuning van Love God Greatly en help ons om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus met God se Woord.

Arm-in-arm en hand-in-hand, kom ons doen dit saam.

# ONS MISSIE

## DIE BEHOEFTE

Biljoene vroue reg oor die wêreld het nie toegang tot God se Woord in hul eie moedertaal nie. Diegene wat wel 'n Bybel in hul eie taal het, het nie altyd Bybelstudiemateriaal wat spesiaal vir vroue ontwikkel is nie.

## DIE MISSIE

Love God Greatly bied Bybelstudies in meer as 40 tale aan. Ons rus sendelinge, Christelike organisasies, plaaslike kerke en vroue op 'n ongeëwenaarde wyse toe met God se Woord, deur toe te laat dat ons joernale gratis van ons internasionale webblaaie afgelaai kan word.

Deur die Bybel in hul eie taal te bestudeer met eensgesinde vroue, leer vroue meer oor God se Woord en word hulle daarmee toegerus.

Ons glo dat wanneer vroue God se Woord lees, dit toepas op hul lewens en God se onveranderende liefde vir hulle met ope arms aanneem, is die wêreld 'n beter plek. Ons weet dat een vrou wat God se Woord lees, 'n verandering kan bring in haar familie, haar gemeenskap en haar land... een vrou op 'n slag.

## SLUIT BY ONS AAN

Ons wil graag hê dat jy by ons aansluit in ons missie om alle vroue oor die wêreld die geleentheid te bied om toegang te hê tot God se Woord en kwaliteit Bybelstudiehulpbronne! Stuur gerus vir ons 'n e-pos of besoek ons aanlyn indien jy enige vrae het of meer inligting benodig. Ons hoor graag van jou!

INFO@LOVEGODGREATLY.COM
LOVEGODGREATLY.COM

## SOAP

*Bybelstudiemetode*

By Love God Greatly, glo ons dat God se Woord lewend en aktief is. Die woorde van die Skrif is kragtig en effektief en toepaslik vir lewe in alle tye en alle kulture. Om die Bybel korrek te interpreteer moet ons 'n begrip hê van die konteks en die kultuur van die oorspronklike geskrifte.

Ons gebruik die SOAP Bybelstudie metode wanneer ons die Bybel bestudeer. Dit staan vir Scripture, Observation, Application, and Prayer (Skrifgedeelte, Waarneming, Toepassing en Gebed). Dit is een ding om eenvoudig die Skrif te lees. Wanneer jy interaksie het met die Woord, doelbewus jou tyd neem om werklik daaroor na te dink, begin waarhede vir jou uitstaan. Die SOAP metode maak dit vir jou moontlik om dieper in die Bybel te delf en meer te sien as wanneer jy net die verse lees. Dit help ons om nie net te hoor wat die Woord sê nie, maar om te doen wat die Woord sê (Jak. 1:22).


*OM DIE BYBEL TE LEES IS NIE 'N VERSPILLING VAN TYD NIE. GOD SE WOORD IS LEWEND, KRAGTIG EN EFFEKTIEF, EN HY SPREEK TOT ONS DAARDEUR.*

In hierdie studiegids lees ons 'n Skrifgedeelte en pas dan die SOAP metode toe op spesifieke verse. Hierdie metode help ons om 'n beter begrip van die Bybel te kry, wat ons dan toelaat om dit effektief in ons lewens toe te pas.

Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe. Neem jou tyd om dit nougeset te bestudeer, en om die waarheid van God se karakter en sy hart vir die wêreld te ontdek.

**SOAP**

*Bybelstudiemetode*



SOAP

WEEK 1 • MAANDAG

SOAP / *Openbaring 12:10, 2 Tessalonisense 3:3*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

Openbaring 12:10
Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: "Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koninskap hier, en die gesag van die Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het."

2 Tessalonisense 3:3
Die Here is getrou; Hy sal Julle versterk en Julle van die Bose bewaar.

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

Harde stem, kragtig
Ons word daagliks aangekla - konstante stryd
Die Here sal my help, versterk en bewaar.
Hy is altyd daar.
Hy is konstant, 'n beskermer in my lewe, bewaarder

32

S
STAAN VIR
SCRIPTURE
(SKRIFGEDEELTE)

*Skryf die SOAP vers neer.*

*Jy sal verbaas wees oor wat God aan jou sal openbaar wanneer jy rustig tyd neem om dít wat jy lees, neer te skryf!*

O
STAAN VIR
OBSERVATION
(WAARNEMING)

*Wat sien jy in die verse wat jy lees?*

*Wie is die gehoor vir wie hierdie geskryf is? Is daar 'n herhaling van woorde?*


*Watter woorde staan vir jou uit?*

A
STAAN VIR
APPLICATION
(TOEPASSING)

*Dit is waar God se Woord persoonlik word.*

*Wat sê God vandag vir jou? Hoe kan jy dít wat jy nou net gelees het, toepas in jou eie lewe?*

*Watter veranderinge moet jy maak? Is daar iets wat jy moet doen?*


APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

Herinner myself dat God se krag sterker is as enige iets anders.
Memoriseer hierdie verse en sê dit hardop elke dag hierdie week.
Vra God om my geloof in Hom te versterk.
Vertrou God dat Hy my van die bose sal bewaar.
Bid vir my broers en susters in Christus.

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

Dierbare Here,
Dankie dat U konstant, getrou en liefdevol teenoor my is. Help my om daagliks en deur moeilike tye my vertroue en geloof in U te verdiep.
Help my om te weet dat U altyd by my is om my te beskerm.
Herinner my aan ander se lyding en help my om hulle in hul groei te bemoedig.
Ek vra dit alles in Jesus se naam.
Amen.

33

P
STAAN VIR PRAYER (GEBED)

*Bid God se Woord terug na Hom.*

*Spandeer tyd om Hom te dank.*

*Indien Hy iets aan jou geopenbaar het tydens hierdie tyd in sy Woord, bid daaroor.*

*Indien Hy sonde in jou lewe geopenbaar het, bely dit.*

*En onthou, Hy het jou innig lief.*

HOOGTEPUNTE VAN ONS WÊRELDWYE BEDIENING

# GETUIENIS

*LGG Roemeense Tak*

My naam is Sarah en ek bedien Roemeense vroue wêreldwyd met die vertaling van Love God Greatly Bybelstudies. Ek was bevoorreg om in 'n Christenhuis groot te word en te sien hoe my ouers hulle geloof uitleef. My suster het verskeie ernstige gesondheidsprobleme gehad toe ek jonk was, en ek het my verhouding met God begin bevraagteken. Ek het wel in God geglo en dat Hy in my lewe kan werk, maar ek het besef dat ek net ter wille van 'n gemaklike lewe tyd met God deurgebring het. Ek het geleer dat 'n verhouding met God nie 'n "as, dan"-verhouding is nie.

> *DIT HET MY JARE GENEEM OM TE BESEF DAT TYD SAAM MET GOD NIE ALTYD DIESELFDE LYK IN ELKE SEISOEN VAN DIE LEWE NIE.*

Dit was die begin van my worsteling met genade. Hoewel ek ywerig tyd met God in gebed en Bybel lees deurgebring het, was dit vir my moeilik om te aanvaar God se liefde vir my nie verander nie, ongeag van wat ek vir Hom doen. Dit het my jare geneem om te besef dat tyd saam met God nie altyd dieselfde lyk in elke seisoen van die lewe nie.

Nou het ek vrede gevind en my verhouding met Jesus het 'n nuwe betekenis. Ek geniet dit om aanbiddingsliedere te sing terwyl ek skottelgoed was, deur trane na preke te luister terwyl ek stryk, en terwyl ek regmaak vir werk na oordenkings te luister. Dit is waarom ek so lief is vir die SOAP-metode wat ons by Love God Greatly gebruik, want ek het geleer hoe om insig uit God se Woord te verkry, ongeag my agtergrond of begrip.

Toe ons Oostenryk toe verhuis het, het ek my in 'n nuwe seisoen bevind, onseker oor hoe en waar ek God moet dien. Ek het met Love God Greatly kontak gemaak en vasgestel dat ek hierdie Bybelstudies in my eie taal, Roemeens, kon help vertaal. Ek is so dankbaar vir die wyse waarop God my in staat stel om Hom te dien, ongeag waar ek is. En ek is so dankbaar vir 'n wonderlike span wat hulle beywer om God se Woord met vroue reg oor die wêreld in hulle eie taal te deel.

Sarah

*LGG Roemeense Tak*

HOOGTEPUNTE VAN ONS WÊRELDWYE BEDIENING

# WÊRELDWYE BEDIENING

*LGG Roemeense Tak*

KEN JY IEMAND WAT BY ONS LOVE GOD GREATLY BYBELSTUDIES IN ROEMEENS SOU KON BAAT VIND?

Indien wel, vertel hulle gerus van al die wonderlike Bybelstudiehulpbronne wat ons verskaf om hulle met God se Woord te help toerus!

---

OM MET HIERDIE TAK IN AANRAKING TE KOM:

Facebook: Love God Greatly România

Email: dedicataluidumnezeu@yahoo.com

Website: lovegodgreatly.com/romanian

---

HOE KAN JY VIR HIERDIE TAK BID?

Bid vir meer vrywilligers wat tyd het om toe te wy aan die ontwikkeling van joernale.

Bid vir ‘n meer interaktiewe gemeenskap met meer betrokkenheid van lede.

---

SAL JY GRAAG WIL HELP?

info@lovegodgreatly.com

## KEN HIERDIE WAARHEDE

### *GOD HET JOU LIEF*

God se Woord sê, "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê" (Joh. 3:16).

### *ONS SONDE SKEI ONS VAN GOD*

Ons is almal van nature en deur keuses sondaars, en as gevolg van dit is ons geskei van God, wat heilig is. God se Woord sê, "Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie" (Rom. 3:23).

### *JESUS HET GESTERF SODAT JY LEWE KAN HÊ*

Die gevolg van sonde is die dood, maar God se gratis geskenk van verlossing is aan ons beskikbaar. Jesus het die straf vir ons sonde gedra toe Hy aan die kruis gesterf het.

God se Woord sê, "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus" (Rom. 6:23); "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was" (Rom. 5:8).

### *JESUS LEEF!*

Die dood kon Hom nie vashou nie, en drie dae nadat Sy liggaam in die graf geplaas is, het Hy opgestaan, en sonde en die dood vir ewig oorwin! Hy leef vandag in die hemel en is besig om 'n plek in die ewigheid voor te berei vir almal wat in Hom glo.

Jesus sê, "In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is" (Joh. 14:2-3).

*WEET DAT JY VERGEWE KAN WORD*

Om Jesus as jou Verlosser te aanvaar gaan nie oor wat jy kan doen nie, maar eerder om geloof te hê in wat Jesus alreeds gedoen het. Dit verg dat jy herken dat jy ‘n sondaar is, dat jy glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, en dat jy vergifnis vra, deur jou volle vertroue te plaas in Jesus se werk aan die kruis om jou onthalwe.

God se Woord sê, “As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en word ons vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered” (Rom. 10:9-10).

*NEEM JESUS SE GRATIS GESKENK VAN VERLOSSING AAN*

Hoe lyk dit prakties? Met ‘n opregte hart kan jy ‘n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

Jesus,
Ek weet dat ek ‘n sondaar is. Ek wil nie nog ‘n dag leef sonder om u liefde en vergifnis met ope arms aan te neem nie. Ek vra vir u vergifnis. Ek glo dat U vir my sondes gesterf het en uit die dood opgestaan het. Ek gee alles wat ek is oor, en vra U om die Here van my lewe te wees. Help my om weg te draai van my sonde en U te volg. Leer my om te weet wat dit beteken om in vryheid te wandel soos ek onder u genade leef, en help my om te groei in u weë, soos ek daarna streef om U beter te ken.
Amen.

*SKAKEL IN EN GROEI*

As jy nou net hierdie gebed gebid het (of iets soortgelyks in jou eie woorde), sal ons graag met jou wil kontak maak.

Jy kan vir ons ‘n e-pos stuur by info@lovegodgreatly.com. Ons wil dit graag saam met jou vier, saam met jou bid en jou help om met ‘n plaaslike kerk in aanraking te kom. Ons is hier om jou aan te moedig soos jy jou nuwe lewe as ‘n kind van God begin.

# Kom Ons Begin

## VOLKOME OORGAWE

*God se Hart vir Sy Dogters*

# Inleiding

Die lewe kan moeilik voel. Wanneer ons ons lewens eerlik in oënskou neem kan ons dalk wonder, *is dit regtig wat God vir my beplan het? Is ek werklik binne sy wil? Indien wel, hoekom is my lewe so moeilik? Ek het gedink sodra ek 'n kind van God word, sou my lewe sonder stryd wees. Hoekom voel dit of my gebede onbeantwoord bly? Hoekom voel dit of ek deur een beproewing reguit in 'n ander een in loop? Hoekom is my lewe gekenmerk deur gebrokenheid en pyn? Hoekom kan my lewe nie maklik wees nie?*

Ons het almal al van tyd tot tyd hierdie vrae in die een of ander vorm gevra. Ons is almal van die pad af gedwing deur verraad, hartseer en gebrokenheid. Ons word daagliks daaraan herinner dat hierdie wêreld nie ons tuiste is nie, en tog is ons hartseer oor wat ons nie het nie. Ons is geskep vir soveel meer, en ons smag daarna om 'n stukkie hemel op aarde te ervaar. So wanneer die lewe moeilik raak, wanneer die antwoorde op ons gebede wegbly en wanneer pyn ons lewens binnedring, worstel ons met hoe ons gedink het ons lewe sou wees teenoor die realiteit daarvan.

Ons vind vroue met soortgelyke verhale regdeur die Bybel. Hulle het elkeen deur hulle eie pyn, twyfel en bekommernis gegaan. Hoewel hulle verhale elkeen uniek is, was hulle volkome oorgegewe lewens gekenmerk deur 'n mengsel van hoop en hartseer. Nie een van hulle het 'n maklike lewe gehad nie. Elkeen moes deur pyn loop. Elkeen moes God vertrou in die onbekende. Elkeen moes lewe deur geloof, nie deur sien nie. Elkeen moes kies om in God se goedheid te glo te midde van hulle onbeantwoorde gebede.

Elkeen moes in die spanning van God se soewereiniteit en die lewe se gebrokenheid leef.

En dit was God se wil vir hulle lewens.

***"Verbly julle in die hoop; staan vas in verdrukking; volhard in gebed." – Romeine 12:12***

Hulle verhale het verskil, maar maak nie saak waardeur hulle gegaan het nie, hulle het nooit alleen daardeur gegaan nie. God was met hulle in elke vallei en op elke bergtop. Hy het elke gebed gehoor en hulle pyn gevoel.

Was hierdie vroue volmaak? Nee, maar al hierdie vroue het een ding in gemeen gehad: 'n verhouding met God.

En as jy jou geloof in Christus geplaas het, het jy ook 'n verhouding met God.

Ons lewens word dalk nie gekenmerk deur gemak nie, maar maak geen fout nie, dit word gekenmerk. Gekenmerk deur God se liefde. Gekenmerk deur God se voorsiening. Gekenmerk deur God se salwing.

Staan dus sterk in jou geloof my liewe vriendin. Moenie bang wees nie, al bewe die wêreld. God is met jou. God is vir jou, en God het 'n groter doel met die pyn onderwyl jy kies om jou lewe met volkome oorgawe aan sy wil oor te gee. Soos die vroue in die Bybel wat ons voorafgegaan het, is God met ons, en in Hom vind ons ons krag, maak nie saak wat oor ons pad kom nie.

***"Ek het die Here altyd by my: omdat Hy by my is, sal ek nie struikel nie." – Psalm 16:8***

## LEESPLAN




### WEEK 1: GOD SE LIEFDE VIR VROUE: GELIEFD, GESIEN, GEKOESTER

○ *Maandag—Eva: Vroue Is Nodig*
Lees: Genesis 2:18–24
SOAP: Genesis 2:18; Genesis 2:22–23

○ *Dinsdag—Febe: Gebruik Unieke Gawes*
Lees: Romeine 16:1–2; 1 Korintiërs12:12–26
SOAP: 1 Korintiërs12:12

○ *Woensdag—Almal Is In Christus*
Lees: Galasiërs 3:24–29
SOAP: Galasiërs 3:28

○ *Donderdag—Die Weduwee Van Nain: Jesus Se Sorg Vir Vroue*
Lees: Lukas 7:11–17
SOAP: Lukas 7:13

○ *Vrydag—Selfs Terwyl Hy Sterwend Was, Het Jesus Na Sy Moeder Omgesien*
Lees: Johannes 19:20–30
SOAP: Johannes 19:26–27

### WEEK 2: VROUE VAN GROOT GELOOF

○ *Maandag—Elisabet: Niks Is Onmoontlik Nie*
Lees: Lukas 1:5–25, 39–45
SOAP: Lukas 1:45

○ *Dinsdag—Die Kanaänitiese Vrou: Groot Geloof*
Lees: Matteus 15:21–28
SOAP: Matteus 15:28

○ *Woensdag—Ragab: Sterk En Dapper*
Lees: Josua 2; Hebreërs 11:31; Jakobus 2:14–26
SOAP: Hebreërs 11:31

○ *Donderdag—Rut: Jou God En My God*
Lees: Rut 1:1–18
SOAP: Rut 1:16

○ *Vrydag—Die Vrou Wat Aan Bloedvloeiing Gely Het: Geloof Vir Genesing*
Lees: Markus 5:25–34; Lukas 8:40–48
SOAP: Markus 5:34

## WEEK 3: VROUE VAN GEBED

- *Maandag—Hanna: Vra Vir Die Onmoontlike*
  Lees: 1 Samuel 1:1—2:11
  SOAP: 1 Samuel 1:27–28
- *Dinsdag—Anna: Hou Nooit Op Om Te Bid Nie*
  Lees: Lukas 2:36–40
  SOAP: Lukas 2:37–38
- *Woensdag—Ragel: God Het Haar Uitroepe Gehoor*
  Lees: Genesis 29:31—30:24
  SOAP: Genesis 30:22–24
- *Donderdag—Hagar: Die God Wat Sien*
  Lees: Genesis 16; 21:1–20
  SOAP: Genesis 16:13
- *Vrydag—Die Samaritaanse Vrou: Glo By Die Put*
  Lees: Johannes 4:1–30
  SOAP: Johannes 4:14–15

## WEEK 4: VROUE VAN OORGAWE EN OPOFFERING

- *Maandag— Maria: Moeder Van Jesus*
  Lees: Lukas 1:26–38
  SOAP: Lukas 1:38
- *Dinsdag— Abigajil: Nederigheid En Moed*
  Lees: 1 Samuel 25
  SOAP: 1 Samuel 25:23–24
- *Woensdag—Ester: Geloof In Die Aangesig Van Die Dood*
  Lees: Ester 4
  SOAP: Ester 4:16
- *Donderdag—Moses Se Moeder: In Die Rivier In*
  Lees: Eksodus 2:1–10
  SOAP: Eksodus 2:3
- *Vrydag—Die Arm Weduwee: Gee Alles Aan God*
  Lees: Markus 12:41–44
  SOAP: Markus 12:43–44

**WEEK 5: VROUE VAN VREUGDE EN LOF**

- *Maandag—Mirjam: Sing Tot Eer Van Die Here*
  Lees: Eksodus 15:1–21
  SOAP: Eksodus 15:20–21
- *Dinsdag—Lea: Prys Die Here*
  Lees: Genesis 29:31–35; 30:9–21
  SOAP: Genesis 29:35
- *Woensdag—Vroue Van Bethlehem: Herkenning Van God Se Hand*
  Lees: Rut 4
  SOAP: Rut 4:14–15
- *Donderdag—Debora: Prys God Vir Oorwinning*
  Lees: Rigters 4:1—5:9
  SOAP: Rigters 5:3, 9
- *Vrydag—Maria van Betanië: Aan Jesus Se Voete*
  Lees: Lukas 10:38–42; Johannes 11:1–44; 12:1–11
  SOAP: Johannes 12:3

**WEEK 6: VROUE WAT 'N NALATENSKAP AGTERLAAT**

- *Maandag—Sifra en Pua: Red Hebreeuse Seuns*
  Lees: Eksodus 1:1–21
  SOAP: Eksodus 1:17, 21
- *Dinsdag—Lidia: Stig 'n Kerk*
  Lees: Handelinge 16:11–15, 40
  SOAP: Handelinge 16:15
- *Woensdag—Maria Magdalena: Die Eerste Getuie*
  Lees: Johannes 20:1–18
  SOAP: Johannes 20:18
- *Donderdag—Loïs en Eunice: Dra Die Geloof Oor*
  Lees: 2 Timoteus 1:3–7
  SOAP: 2 Timoteus 1:5
- *Vrydag—Vrou Met Edele Karakter: Vrees Die Here*
  Lees: Spreuke 31
  SOAP: Spreuke 31:28–30

## JOU DOELWITTE

*Skryf drie doelwitte neer waarop jy graag wil fokus elke dag wanneer jy God se Woord bestudeer. Maak seker dat jy gedurende die volgende paar weke terugverwys na hierdie doelwitte om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!*

*EEN*

……………………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………………….

*TWEE*

……………………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………………….

*DRIE*

……………………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………………….

*Dit maak nie saak*
*of iemand Jood of*
*Griek, slaaf of vry,*
*man of vrou is nie:*
*in Christus Jesus*
*is julle almal één.*

*Galasiërs 3:28*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Skryf hierdie week die verkillende maniere neer waarop God sy liefde vir en goedkeuring van vroue gewys het in die verse wat ons gelees het. Wat sê dit vir jou van hul waarde in sy oë?*

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

## LEES

*Week 1 • Maandag*

*Genesis 2:18-24*

Verder het die Here God gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal
vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke." 19 Die Here God het toe
uit grond al die wilde diere en al die voëls gevorm en na die mens toe gebring
om vas te stel hoe hy elkeen sou noem; en wat die mens elke lewende wese sou
noem, dit sou sy naam wees. 20 Die mens gee toe name vir al die mak diere, die
voëls en die wilde diere, maar vir homself het hy nie 'n helper, 'n gelyke, gekry
nie. 21 Toe het die Here God 'n diep slaap oor die mens laat kom, sodat hy vas
geslaap het. Die Here God neem toe 'n ribbebeen uit die mens, vul die plek met
vleis op, 22 en die ribbebeen wat Hy uit die mens geneem het, bou Hy om tot
'n vrou en bring haar na die mens toe. 23 Toe sê die mens: "Hierdie keer is dit
een uit myself, een soos ek. Daarom sal sy 'vrou'genoem word; sy is uit die man
geneem."24 Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou
lewe, en hulle sal een word.

## SOAP

*Week 1 • Maandag*

SOAP / *Genesis 2:18; Genesis 2:22–23*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Maandag*

**SOAP:**

*Genesis 2:18; Genesis 2:22–23*

*Verder het die Here God gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke." Die Here God neem toe ʻn ribbebeen uit die mens, vul die plek met vleis op, en die ribbebeen wat Hy uit die mens geneem het, bou Hy om tot ʻn vrou en bring haar na die mens toe. Toe sê die mens: "Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek. Daarom sal sy 'vrou' genoem word; sy is uit die man geneem."*

**OORDENKING**

Vroue is doelbewus ontwerp, vir ʻn spesifieke doel. God het vroue geskep, omdat Hy geweet het dat sonder hulle bydrae in die wêreld, iets sou ontbreek. Soos ons in die skeppingsverhaal in Genesis lees, noem God alles wat Hy geskep het "goed". God het egter in sy alwysheid en liefde verklaar dat iets aan sy skepping nie goed was nie: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie" (Genesis 2:18).

God het aan al sy skepsels die opdrag gegee om vrugbaar te wees en te vermeerder. Sonder ʼn behoorlike maat kon die man nie die rol vervul wat God aan hom gegee het nie. Terwyl die man die diere name gegee het, het hy besef dat niemand soos hy was nie. Hy het ʻn metgesel nodig gehad wat soos hy was, ʻn metgesel wie se vorm en aard by syne pas, ʻn metgesel wat hom sou weerspieël en aanvul.

Dit was slegs die vrou, ook na God se beeld gemaak, wat saam met die man kon werk om God se doel vir die mensdom te vervul.

Die vrou, Eva soos sy later genoem word, is geskep om ʻn metgesel vir die man te wees. Die Hebreeuse woord wat in Genesis 2:18 as "metgesel" vertaal word, is ezer, ʻn woord wat gereeld gebruik word om God te omskryf. God is ʻn metgesel vir sy volk. Hy is die ezer wat in ons behoeftes voorsien, wat vir sy mense doen wat ons nie vir onsself kan doen nie. Die vrou is geskep om ʻn onmisbare metgesel te wees, ʻn ezer vir die man. God se goddelike doel vir die vrou was goed. Sy is geskape om te voorsien in wat in die man ontbreek het, net soos hy voorsien het in wat in haar ontbreek. Die vrou het ʻn groot behoefte in die skepping vervul en hou aan om ʻn ongelooflike behoefte in ons wêreld te vervul.

Net soos Eva, is jy geskep vir ʻn doel groter as jouself. Jy is nodig. Jy word gekoester. Jy is geliefd. Ons wêreld sou nie dieselfde wees sonder die unieke gawes en bydraes van vroue nie. Wanneer jy voel dat jy nie genoeg is nie, onthou hoe God jou by sy ongelooflike plan vir die wêreld ingesluit het.

Soos ons ons studie saam begin, deur verhale van ons susters in geloof te lees, kom ons vertrou God om sy hart vir sy dogters aan ons te openbaar. God het die vrou met ʻn doel geskep, en Hy het elke vrou sedertdien ook met ʻn doel geskep. Hy maak nie foute nie. God sien elke vrou wat Hy geskep het raak en is lief vir haar. Deur ons studie sal ons God se hart vir sy dogters ontdek en wat dit beteken om ʻn lewe te lei wat volkome aan Hom oorgegee is.

## LEES

*Week 1 • Dinsdag*

*Romeine 16:1-2*

Ek beveel ons suster Febe wat dienaar is in die gemeente in Kenchreë, by julle aan. 2 Ontvang haar soos dit mense wat in die Here glo, betaam, en staan haar by in enige saak waarin sy julle hulp nodig kry, want sy was vir baie, en ook vir my, tot steun.

*1 Korintiërs 12:12-26*

Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus. 13 Omdat ons almal een liggaam geword het, is ons almal met die Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die een Gees deurdrenk. 14 Die liggaam bestaan ook nie net uit een lid nie, maar uit baie. 15 As die voet sou sê: "Omdat ek nie 'n hand is nie, is ek nie deel van die liggaam nie," hou hy om dié rede tog nie op om deel van die liggaam te wees nie. 16 En as die oor sou sê: "Omdat ek nie 'n oog is nie, is ek nie deel van die liggaam nie," hou hy om dié rede eweneens nie op om deel van die liggaam te wees nie. 17 As die hele liggaam oog was, hoe sou hy kon hoor? En as die liggaam oor was, hoe sou hy kon ruik? 18 Maar nou het God die lede, elkeen van hulle afsonderlik, in die liggaam gevoeg soos Hy dit wou hê. 19 As almal saam net een lid was, hoe sou daar 'n liggaam kon wees? 20 Nou is daar wel baie lede maar net een liggaam. 21 Die oog kan nie vir die hand sê: "Ek het jou nie nodig nie." Die kop kan weer nie vir die voete sê: "Ek het julle nie nodig nie." 22 Inteendeel, die lede van die liggaam wat as die swakste voorkom, is juis noodsaaklik, 23 en dié wat vir ons minder mooi lyk, klee ons met groter sorg. So word ons minder aansienlike dele besonder mooi gemaak, 24 terwyl die aantreklike dele dit nie nodig het nie. God het die liggaam so saamgestel dat Hy groter eer gegee het aan die lid wat eer kortkom, 25 sodat daar nie verdeeldheid in die liggaam sou wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar dra. 26 As een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly.

## SOAP

*Week 1 • Dinsdag*

SOAP / *1 Korintiërs 12:12*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Dinsdag*

**SOAP:**

*1 Korintiërs 12:12*

*Net soos die liggaam ‘n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus.*

**OORDENKING**

In Paulus se brief aan die Romeine maak hy melding van verskeie mense wat belangrike werk vir die Here gedoen het. Dit maak die brief persoonlik en vereer diegene wie se diens moontlik ongemerk verby gegaan het. Paulus het gelowiges van verskillende agtergronde, sosiale stande, rasse en geslagte ingesluit, met groot eenheid in die verskeidenheid.

Paulus het die kerk in Rome gevra om Febe te verwelkom, want sy was ‘n groot hulp vir hom. Sommige geleerdes meen dat die brief van Paulus aan die kerk in Rome aan Febe toevertrou was en dat sy dit moes aflewer. Hoewel daar onsekerheid is oor haar spesifieke rol binne die vroeë kerk, het haar geloof en diens, nie haar titel nie, Paulus se bediening beïnvloed.

Febe het maniere gevind om die gawes wat God aan haar gegee het te gebruik om sy koninkryk te dien. Sy het unieke gawes gehad, en sy het dit gebruik om Paulus en die vroeë kerk te dien. Alhoewel Febe slegs in ‘n paar verse van die Nuwe Testament genoem word, was haar werk vir die evangelie nie onbeduidend nie. Soos Febe, kan God se mense ‘n ongelooflike impak vir die evangelie maak, wanneer ons die unieke gawes wat Hy aan elkeen van ons geskenk het, ten volle aanvaar en gebruik.

1 Korintiërs 12 beskryf die kerk as ‘n menslike liggaam om vir ons te wys hoekom elke persoon met hulle unieke gawes nodig is. As die hele liggaam net een orgaan/ledemaat was: ‘n oog, ‘n oor, ‘n voet, ‘n arm, sou dit nutteloos wees. Dit neem elke lid, van die grootste orgaan tot die kleinste beentjie, met klein verbindings, briljante kommunikasie en doelbewuste samewerking om die liggaam te laat funksioneer. Elke lidmaat van die kerk het ‘n unieke gawe, wat spesifiek ooreenstem met hulle temperament, agtergrond en ervaring. Ons hoef nie ons gawes met dié van ander te vergelyk nie, aangesien elke lid van die liggaam van Christus uniek, waardevol en onvervangbaar is.

God het jou ontwerp om ‘n pragtige lid van die liggaam van Christus te wees. Sonder jou en jou unieke gawes sal die liggaam van Christus nie tot sy volle potensiaal kan funksioneer nie.

Neem vandag tyd om die gawes wat God vir jou gegee het te lys en vra Hom in gebed om te openbaar waar en hoe Hy wil hê jy Hom met daardie gawes moet dien. Wees dan bedag op die unieke geleenthede wat God bied terwyl jy stappe van geloof neem om sy mense te dien, te lei, te onderrig, aan te moedig en lief te hê op die manier wat Hy uniek vir jou ontwerp het om te doen.

## LEES

*Week 1 • Woensdag*

*Galasiërs 3:24-29*

Ons was dus onder die toesig van die wet totdat Christus sou kom, sodat ons deur te glo, vrygespreek sou word. 25 Maar nou dat die tyd van die geloof gekom het, staan ons nie meer onder die toesig van die wet nie. 26 Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God, 27 want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, het nou deel van Christus geword. 28 Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één. 29 En as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God.

## SOAP

*Week 1 • Woensdag*

SOAP / *Galasiërs 3:28*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Woensdag*

**SOAP:**

*Galasiërs 3:28*

*Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één.*

**OORDENKING**

Daar is absoluut niks wat ons kan doen, in ons eie krag of deur ons werke, om verlossing te verdien nie. Dit is 'n gawe van God, gratis geskenk aan diegene wat in Jesus Christus as Here glo. Dit is nie eksklusief vir die magtiges, rykes, opgevoedes of elite nie. Die lewensveranderende krag van die evangelie is beskikbaar vir almal. Die oomblik wat iemand Christus as hul Verlosser aanneem, word hy of sy 'n kind van God. Die evangelie is gevul met goeie nuus en vol krag om mure af te breek.

Vir baie Joodse gelowiges in die vroeë kerk was die wet van die Ou Testament al wat hulle geken het. Voor Christus was redding vir heidene beskikbaar as hulle Jode geword het deur in God te glo en die wet te volg. Die wet het die riglyne vir geloof verskaf totdat God 'n nuwe verbond tot stand gebring het, en sy Seun gestuur het om aan die kruis te sterf as offer vir almal. Christus is die rede waarom verlossing nie meer gaan oor heidene wat Jode word voordat hulle God kan volg nie. In Christus is almal wat glo deel van een liggaam. Daar is nie meer hindernisse tussen Jood en nie-Jood, vry mense en slawe, of mans en vroue nie.

Waar die wêreld verskille wil uitwys en verdeeldheid wil skep, bied die evangelie eenheid. Waar die wêreld sê jou gawes is nie genoeg nie, jou omstandighede sluit jou uit, jou geslag beperk jou, of jou finansies definieer jou, nooi God jou om deel te wees van iets anders. Hy verwelkom jou gawes, omdat Hy die een is wat dit geskep het. Hy sien jou omstandighede raak en loop saam met jou daardeur en laat werk alles ten goede vir jou en tot sy eer. Hy verlustig Hom in sy dogters en in die manier waarop Hy jou doelbewus en opsetlik geskep het.

Jesus het jou lief, nie oor wat jy het of wat jy kan bied nie, maar omdat jy 'n dogter van God is. Jy is uitverkies. Jy word geken. Jy is nie 'n fout, 'n mislukking of 'n ongerief nie. Wanneer jy jou geloof in Christus geplaas het, word jy geheel en al in die familie van God verwelkom.

Alle gelowiges is een in Christus, en niemand word uitgesluit uit die geleentheid om Hom as hulle Verlosser aan te neem nie. Terwyl jy poog om ander in die liggaam van Christus te bemoedig met jou unieke gawes, onthou dat ons almal in Christus verwelkom en aanvaar word. Sy offer breek mure af wat die wêreld oprig. Almal is een in Christus Jesus.

## LEES

*Week 1 • Donderdag*

*Lukas 7:11-17*

Kort daarna het Jesus na ’n dorp met die naam Nain gegaan, 12 en sy dissipels en ’n hele menigte mense is saam met Hom. Toe hy naby die ingang van die dorp kom, word daar juis ’n dooie uitgedra om begrawe te word. Hy was die enigste seun van sy ma, en sy was ’n weduwee. Byna die hele dorp se mense was saam met haar. 13 Toe die Here haar sien, het Hy haar innig jammer gekry en vir haar gesê: “Moenie huil nie!” 14 Hy gaan toe nader en vat aan die baar. Die draers gaan staan toe, en Hy sê: “Jongman, Ek sê vir jou, staan op!” 15 Die dooie het regop gaan sit en begin praat. En Jesus het hom aan sy ma teruggegee. 16 Almal is met ontsag vervul en het God geprys deur te sê: “’n Groot profeet het onder ons opgestaan,” en “God het na sy volk omgesien.” 17 Die berig oor wat Hy gedoen het, het deur die hele Joodse land en die omliggende gebied versprei.

## SOAP

*Week 1 • Donderdag*

SOAP / *Lukas 7:13*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Donderdag*

**SOAP:**

*Lukas 7:13*

*Toe die Here haar sien, het Hy haar innig jammer gekry en vir haar gesê: "Moenie huil nie!"*

**OORDENKING**

Jesus en sy dissipels het na die dorp Nain gereis. By die ingang van die stad het hulle 'n begrafnisstoet van 'n weduwee se enigste seun teëgekom. Weens haar seun se dood was hierdie vrou heeltemal hulpeloos—alleen, sonder sorg of beskerming. Bo en behalwe die hartseer oor die verlies van haar seun, was die onsekerheid van haar eie toekoms, want vroue in Israel in die eerste eeu kon nie maklik vir hulleself sorg nie. Hierdie vrou het beide haar man en haar enigste seun verloor, wat haar sonder middele van beskerming of voorsiening gelaat het.

Dit is interessant dat Lukas, wat bekend is daarvoor dat hy op besonderhede en feite fokus, 'n oomblik van emosie in hierdie verslag ingesluit het: Hy het Jesus se deernis erken. Alhoewel Jesus wonderwerke kon doen om in die vrou se fisiese en finansiële welstand te voorsien, het Hy gekies om haar diepste behoefte aan te spreek—haar seer hart.

Jesus het nader gegaan en die baar aangeraak, hoewel dit Hom seremonieël onrein gemaak het op grond van die Ou Testamentiese wet. Toe, sonder woorde wat beïndruk of 'n dramatiese seremonie, het Hy die jong man beveel om op te staan, en hy het! Almal wat die wonderwerk aanskou het, was in verwondering.

Jesus is so lief vir ons dat Hy nie net medelye met ons het nie, maar Hy is bereid om nader te kom, om in die gemors saam met ons te wees, om ons te ontmoet net waar ons is sonder om te verwag dat ons dinge eers moet uitpluis. Hy ken die verlange van ons harte, Hy het medelye met dít wat ons laat huil, Hy sal nie sommer verbystap nie.

In die Evangelie van Lukas word daar niks genoem van die vrou se geloof, gehoorsaamheid of sosiale status nie. Daar word nie eers vir ons vertel wat haar naam is nie. Wat ons wel sien, is Jesus se sorg vir haar. Jesus het geweet hoe haar lewe sou wees sonder 'n man om vir haar te sorg. Hy het haar intiem geken omdat Hy haar geskape het en Hy bly die held van haar verhaal. Jesus was die een wat barmhartig was, die een wat haar lewe binnegetree het en 'n wonderwerk gedoen het. Nie as gevolg van enigiets wat sy gedoen het nie, maar as gevolg van wie Hy is.

Waar in jou gebrokenheid benodig jy vandag vir Jesus om in te tree? As jy alleen, onseker van jou toekoms, hartseer of verlore voel te midde van deurmekaar omstandighede, lê dit alles voor die Here neer. Hou op om jou eie planne te volg en maak ruimte vir God om jou lewe binne te tree en iets onverwags te doen. Hy gee om vir jou soos wat Hy vir hierdie naamlose vrou omgegee het: ten volle, volkome en perfek.

## LEES

*Week 1 • Vrydag*

*Johannes 19:20-30*

Baie van die Jode het hierdie opskrif gelees, omdat die plek waar Jesus gekruisig is, naby die stad was. Die opskrif was in Hebreeus, Latyn en Grieks. 21 Die priesterhoofde van die Jode het toe vir Pilatus gesê: "Moenie skrywe: 'Die Koning van die Jode' nie, maar skrywe: Hy het gesê: Ek is die Koning van die Jode." 22 Pilatus het vir hulle gesê: "Wat ek geskrywe het, het ek geskrywe." 23 Toe die soldate Jesus dan gekruisig het, het hulle sy boklere gevat en dit in vier dele verdeel, vir elke soldaat 'n deel. Hulle het ook sy onderkleed gevat. Dit was sonder naat van bo af in een stuk geweef. 24 Hulle sê toe vir mekaar: "Ons moet dit nie skeur nie. Kom ons loot wie dit moet kry." Dit het gebeur sodat die Skrif vervul kan word waar dit sê: "Hulle het my klere onder mekaar verdeel, en vir my kleed het hulle geloot." Dit is wat die soldate gedoen het. 25 By die kruis van Jesus het ook nog sy moeder en sy moeder se suster en Maria, die vrou van Klopas, en Maria Magdalena gestaan. 26 Toe Jesus sy moeder sien en die dissipels vir wie Hy baie lief was, wat by haar staan, sê Hy vir haar: "Daar is u seun." 27 Daarna sê Hy vir die dissipel: "Daar is jou moeder." Van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem. 28 Hierna het Jesus, met die wete dat alles klaar volbring is en sodat die Skrif vervul kan word, gesê: "Ek is dors." 29 Daar het 'n kan vol suur wyn gestaan. Die soldate het toe 'n spons vol suur wyn op 'n hisoptakkie gesit en dit teen sy mond gehou. 30 Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê: "Dit is volbring!" Toe het Hy sy kop vooroor laat sak en die laaste asem uitgeblaas.

## SOAP

*Week 1 • Vrydag*

SOAP / *Johannes 19:26–27*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Vrydag*

**SOAP:**

*Johannes 19:26–27*

*Toe Jesus sy moeder sien en die dissipel vir wie Hy baie lief was, wat by haar staan, sê Hy vir haar: "Daar is u seun." Daarna sê Hy vir die dissipel: "Daar is jou moeder." Van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem.*

**OORDENKING**

Maria is deur God gekies om die moeder van Jesus te wees. Sy word in die Bybel bekendgestel toe sy nog maar 'n tiener was, maar dit is duidelik dat sy selfs met die vooruitsig van 'n onseker toekoms, getrou was en die Here liefgehad het. Maria was teenwoordig toe Jesus sy eerste wonderwerk gedoen het, en sy het by Hom gestaan toe Hy aan die kruis vasgespyker is. God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun, wat deur Maria gedra, liefgehad en grootgemaak is, gestuur het om aan die kruis te sterf sodat ons vir ewig saam met Hom kan lewe.

Terwyl Hy sterwend was, het Jesus sy groot liefde en medelye getoon deur seker te maak dat Maria—soos die weduwee in Lukas 7—versorg sou wees en beskerm word. Jesus het geweet Maria sou versorging nodig hê, en Hy het Johannes aangewys om soos sy eie ma vir haar te sorg. Die dissipel het haar sonder versuim in sy huis verwelkom.

Jesus het in sy laaste ure onmenslike lyding verduur. Hy is geslaan, bespot, kaal uitgetrek en aan 'n kruis vasgespyker. Hy is op die wreedste manier denkbaar deur die Romeine gestraf. Tog was Jesus selfs te midde van sy eie verskriklike lyding, besorg oor sy moeder. Jesus het seker gemaak dat Maria versorg en veilig sou wees. Met sy optrede het Hy sy groot besorgdheid en liefde getoon vir die vrou wat Hom gedra, aan Hom geboorte gegee en Hom grootgemaak het. Daarna het Hy verklaar dat alles volgens die Skrif volbring is, sy kop vooroor laat sak en sy gees oorgegee.

Selfs toe Hy sterwend was aan die kruis, het Jesus getoon hoe lief Hy vroue het en hoeveel Hy vir hulle omgee. Jy is nie 'n nommer vir Hom of 'n vreemdeling wat Hy eendag in die hemel gaan ontmoet nie. Jy is 'n geliefde dogter van God. Hy ken jou naam en het reeds lank voordat jy gebore is, geweet dat jy deel van God se familie sou wees. Wanneer dit voel asof die res van die wêreld nie omgee nie, wanneer jy voel asof jy uitgesluit of geïgnoreer word, weet dat Jesus jou raaksien. Hy het jou lief.

God se plan vir die redding en herstel van die mensdom het al voor die begin van tyd in werking getree. Toe jy Christus as jou Verlosser aanvaar het, is jy verwelkom in 'n ewige verhouding en 'n belofte en liefde wat vir ewig duur. Jesus het jou aangeneem om jou te beskerm en vir jou te sorg. Hy het jou net so innig lief as wat Hy vir Maria liefgehad het. Mag jy vandag, of jy jou helderste of donkerste dag beleef, Jesus se liefdevolle vertroosting, hoop en teenwoordigheid ervaar.

## OORDENKING

*Week 1*

1. *Waarom was dit nie goed vir die man om alleen te wees nie? Waarom het God die vrou geskep?*

2. *Waarom is dit belangrik om te onthou dat elke Christen, hetsy manlik of vroulik, 'n waardevolle lid van die liggaam van Christus is? Hoe moet ons mekaar behandel op grond van die waarheid dat ons almal na die beeld van God gemaak is?*

3. *Wat verenig ons, volgens Galasiërs 3:28?*

4. *Waarom is dit betekenisvol dat Jesus medelye met die weduwee in Lukas 7 betoon het toe Hy haar sien?*

5. *Selfs aan die kruis, terwyl Hy besig was om te sterwe, het Jesus seker gemaak dat daar na sy moeder omgesien sal word nadat Hy gesterf het. Wat leer dit ons oor Jesus se siening van vroue?*

*Gelukkig is sy*
*wat glo dat in*
*vervulling sal*
*gaan wat die Here*
*vir haar gesê het!*

*Lukas 1:45*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Wie in jou lewe het sterk geloof soos die vroue van wie ons lees? Neem hierdie week tyd en reik uit na haar. Moedig haar aan met jou woorde, hetsy dit geskryf of gesê word en deel hoe haar geloof gehelp het om jou geloof te versterk.*

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

## LEES

*Week 2 • Maandag*

*Lukas 1:5-25*

In die tyd van koning Herodes van Judea was daar 'n priester met die naam Sagaria, uit die diensgroep van Abia. Ook sy vrou het van Aäron afgestam, en haar naam was Elisabet. 6 Hulle was albei getrou aan die wet van God en het onberispelik al die gebooie en voorskrifte van die Here onderhou. 7 Hulle het geen kind gehad nie, omdat Elisabet onvrugbaar was. Buitendien was albei reeds op ver gevorderde leeftyd. 8 Op 'n keer toe Sagaria in die beurt van sy diensgroep besig was om die priesterdiens voor God te verrig, 9 is hy volgens die priesterlike gebruik deur die lot aangewys om in die tempel van die Here in te gaan en die wierook op die altaar te brand. 10 Terwyl die wierookoffer gebring is, was die hele volksmenigte buite besig om te bid. 11 Toe verskyn daar aan die regterkant van die wierookaltaar 'n engel van die Here aan hom. 12 Sagaria het geskrik toe hy hom daar sien staan en hy het baie bang geword, 13 maar die engel sê vir hom: "Moenie bang wees nie, Sagaria, want jou gebed is verhoor. Jou vrou, Elisabet, sal aan jou 'n seun skenk, en jy moet hom Johannes noem. 14 Hy sal 'n bron van blydskap en vreugde wees, en baie sal bly wees oor sy geboorte, 15 want hy sal groot wees, en baie sal bly wees oor sy geboorte, 15 want hy sal groot wees in die oë van die Here. Wyn en bier sal hy glad nie drink nie, en reeds van sy geboorte af sal hy met die Heilige Gees vervul wees. 16 Hy sal baie uit die volk Israel laat terugkeer tot die Here hulle God. 17 En hy sal voor die Here uitgaan in dieselfde gees en krag as Elia, om vaders en kinders met mekaar te versoen, om ongehoorsames op die regte pad terug te bring en om so vir die koms van die Here 'n volk voor te berei."18 Toe sê Sagaria vir die engel: "Waaraan sal ek dit weet? Ek is 'n ou man, en my vrou is al op ver gevorderde leeftyd." 19 Die engel antwoord hom: "Ek is Gabriël, wat in diens van God staan. Ek is gestuur om met jou te praat en hierdie goeie tyding vir jou te bring. 20 Kyk, jy sal stom wees en nie kan praat nie tot op die dag dat hierdie dinge gebeur, omdat jy my woorde, wat op die bestemde tyd vervul sal word, nie geglo het nie." 21 Intussen het die volk vir Sagaria gestaan en wag en begin wonder waarom hy so lank in die tempel bly. 22 Toe hy uitkom, kon hy nie met hulle praat nie. Hulle kom toe agter dat hy in die tempel 'n gesig gesien het. Hy het aanhoudend vir hulle beduie en stom gebly. 23 Toe die tyd van sy tempeldiens om was, het hy huis toe gegaan. 24 Na daardie tyd het sy vrou Elisabet swanger geword en haar vyf maande lank afgesonder. Sy het gesê: 25 "Die Here het dit vir my gedoen. Nou het Hy na my omgesien om my smaad onder die mense weg te neem."

*Lukas 1:39-45*

39 Maria het haar sonder versuim gereed gemaak en haastig na 'n dorp in die bergstreek van Judea gegaan. 40 Daar het sy in Sagaria se huis ingegaan en vir Elisabet gegroet. 41 Net toe Elisabet die groet van Maria hoor, het die kindjie in Elisabet se moederskoot beweeg, en sy is met die Heilige Gees vervul 42 en het hard uitgeroep: "Geseënd is jy onder die vroue En geseënd is die vrug van jou moederskoot! 43 Waaraan het ek dit te danke dat die moeder van my Here na my toe kom? 4 Kyk, net toe die geluid van jou groet in my ore klink, het die kindjie in my van vreugde beweeg. 45 Gelukkig is sy wat glo dat in vervulling sal gaan wat die Here vir haar gesê het!"

## SOAP

*Week 2 • Maandag*

SOAP / *Lukas 1:45*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Maandag*

**SOAP:**

*Lukas 1:45*

*"Gelukkig is sy wat glo dat in vervulling sal gaan wat die Here vir haar gesê het!"*

**OORDENKING**

Hoe vas is jou geloof as die begeertes van jou hart onvervuld is? Wat as dit voel asof jou gebede vir langer as wat jy gedink het, onbeantwoord bly? Wanneer ons van Elisabet lees, kan 'n mens aanvanklik maklik die aanname maak dat haar lewe perfek was. Sy was met 'n priester getroud, en het self uit 'n lyn van priesters afgestam, wat vir 'n Jood as 'n besondere seën beskou is. Elisabet en Sagaria was getrou, het al die gebooie en voorskrifte onderhou, en is regverdig genoem.

Elisabet kon egter nie kinders hê nie, iets wat haar gemeenskap as 'n groot teleurstelling beskou het. Elisabet en Sagaria was reeds op gevorderde leeftyd, wat dit nog meer onwaarskynlik—vanuit 'n menslike oogpunt feitlik onmoontlik—gemaak het dat hulle kinders sou kon hê. Tog het Elisabet deur al die jare van teleurstelling en moedeloosheid vas bly staan in haar geloof.

Op God se volmaak bestemde tyd, toe haar niggie Maria ook haar eersteling, naamlik Jesus, sou verwag, het Elisabet swanger geraak met 'n seun. Hy moes Johannes genoem word. Johannes is die een wat deur God uitgekies is om die komende Verlosser, Jesus Christus, bekend te maak en die weg vir Hom voor te berei. Elisabet het God se ongelooflike krag nie net in haar eie lewe ondervind nie, sy het ook die koms van die beloofde Messias persoonlik beleef. Sy was ook die eerste persoon wat Jesus as die Messias bely het! Elisabet het besef watter vreugde dit is om deur God gebruik te word, en om uitdrukking te gee aan haar vreugde, het sy Maria geseën en was saam met haar verheug oor die wonder wat Maria in die wêreld sou bring.

Net God kon geweet het van al die stukkies wat saamgevoeg moes word om so 'n wonderwerk te laat gebeur, 'n seëning wat Elisabet se lewe sou verander. Na al die jare se gewag en haar hoë ouderdom, was hierdie seun ongetwyfeld waarlik 'n wonderwerk van die Here. Elisabet self kon op geen manier enigiets doen om haar onvrugbaarheid om te keer nie.

Wanneer ons ons midde-in onvrugbare, bar plekke bevind, kan dit onmoontlik voel om ons in te dink dat ons gebede eendag dalk nog beantwoord kan word. Ons mag dalk nooit sien waar God oral aan die werk is nie. Ons mag dalk nooit verstaan waarom ons vir 'n antwoord moes wag nie. Soos Elisabet kan ons egter kies om vas te bly staan in ons geloof. Ons kan terugkyk na alles wat God gedoen het en Hom loof vir sy getrouheid. As ons God se getrouheid onthou en Hom vir sy goedheid prys, plaas ons ons hoop in sy vermoë en bereidheid om namens ons op te tree. In Hom is niks onmoontlik nie.

## LEES

*Week 2 • Dinsdag*

*Matteus 15:21-28*

Jesus het daarvandaan weggegaan en na die streke van Tirus en Sidon toe vertrek.
22 ’n Kanaänitiese vrou wat in daardie gebied gewoon het, het onverwags by
Hom aangekom. Sy het aanhoudend geroep: “Ontferm U oor my, Here, Seun
van Dawid! My dogter is in die mag van ’n bose gees, en dit gaan sleg.” 23 Maar
Hy het haar niks geantwoord nie. Sy dissipels kom toe by hom en vra: “Stuur
haar weg, want sy hou aan met skreeu hier agter ons.” 24 Jesus antwoord: “Ek is
net na die verlore skape van die volk Israel toe gestuur.” 25 Maar die vrou kom
kniel voor Hom en sê: “Here, help my!” 26 Hy sê vir haar: “Dit is nie mooi om
die kinders se brood te vat en vir die hondjies te gooi nie.” 27 “Dit is waar, Here,”
sê sy, “maar die hondjies eet darem van die krummels wat van hulle base se tafels
afval.” 28 “Mevrou,” sê Jesus vir haar, “jou geloof is groot. Jou wens word vervul.”
Van daardie oomblik af was die dogter gesond.

## SOAP

*Week 2 • Dinsdag*

SOAP / *Matteus 15:28*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Matteus 15:28*

*"Mevrou," sê Jesus vir haar, "jou geloof is groot. Jou wens word vervul." Van daardie oomblik af was die dogter gesond.*

**OORDENKING**

Wanneer ons geliefdes in pyn verkeer, siek is of 'n wonderwerk nodig het, is ons gebede vir hulle dikwels meer passievol en doelgerig as gebede vir onsself. In ons medelye en liefde roep ons die naam van Jesus aan om te genees, te herstel, en te vertroos totdat ons woorde opraak en ons nog net kan fluister: "Asseblief, Jesus."

Dis nie moeilik om jouself in die Kanaänitiese vrou se skoene in te dink nie. Ons hoef nie voor dieselfde omstandighede te staan te kom om te weet hoe dit voel om desperaat te wees dat God ons gebede moet verhoor nie. As dit voel asof daar nie meer hoop is en geen wêreldse oplossings die probleem kan oplos nie, raak ons gebede vasberade.

Die verhaal in vandag se Skriflesing is aanvanklik 'n bietjie verwarrend om te verstaan, veral as dit vergelyk word met van die ander gedeeltes wat ons gelees het, waar Jesus moeite doen om medelye te toon. Die dissipels wou die vrou heeltemal ignoreer. Jesus self sê eers vir haar dat Hy net na die Jode toe gestuur is. Sy hou egter aan met smeek en kom val voor Jesus neer, omdat sy weet Hy kan haar help, selfs al betoon Hy net 'n krieseltjie genade aan haar.

Die vrou het Jesus se antwoord, sy opmerking dat Hy net na diegene uit die huis van Israel toe gestuur is, verstaan. Haar geloof was egter so groot dat sy vir geen oomblik getwyfel het dat selfs die oorskiet van Jesus se krag genoeg sou wees om haar dogter te genees nie. Hoewel baie Jode oor die koms van die Messias ingelig was, het hulle die tekens geïgnoreer en geweier om te glo dat Jesus die Christus, die Redder van die wêreld, is. Maar hierdie vrou, 'n nie-Jood, het Jesus erken vir wie Hy is. As gevolg van die vrou se groot geloof het Jesus haar dogter gesond gemaak.

Miskien vind jy diep aanklank by die ma in hierdie verhaal, desperaat vir beantwoorde gebede vir 'n kind of geliefde. Miskien sien jy jouself in haar, hoe sy vasberade agter Jesus bly aanloop om by Hom te probeer uitkom terwyl die bekommernisse van die wêreld jou probeer wegtrek. Miskien voel jy bemoedig dat Jesus haar nie as gevolg van haar agtergrond afgeskryf het nie, maar haar raakgesien, na haar geluister, en haar geloof erken het. Jesus wil graag ons geloof sien, en Hy is bereid en in staat om te help. Dit is dikwels ons diep geloofskrete, die oomblikke wat ons so desperaat is dat ons op niks anders as op Hom kan vertrou nie, wat Hy ons op die wonderbaarlikste manier antwoord.

## LEES

*Week 2 • Woensdag*

*Josua 2*

Josua seun van Nun het van Sittim af in die geheim twee verkenners uitgestuur en vir hulle gesê: "Gaan kyk die land deur, veral Jerigo." Hulle is toe weg en het uitgekom by die huis van 'n prostituut met die naam Ragab en daar tuis gegaan. 2 Die koning van Jerigo het berig gekry dat daar in die nag van die Israeliete af mense aangekom het om die land te verken, 3 en hy het vir Ragab laat weet: "Lewer die manne uit wat na jou toe, na jou huis toe, gekom het. Hulle is hier om die land te verken." 4 Die vrou het die twee manne weggesteek en vir die koning laat weet: "Daar het manne by my aangekom, maar ek weet nie waarvandaan hulle is nie. 5 Hulle het met donker vertrek toe dit tyd was vir die stadspoort om te sluit, en ek weet nie waarheen hulle is nie. Maak gou en agtervolg hulle. Miskien haal u hulle in." 6 Sy het die twee manne intussen op die dak laat klim en hulle weggesteek onder die vlasstoppels wat sy daar oopgesprei het. 7 Die koning se manne het na die twee verkenners gaan soek op die pad na die Jordaan toe, in die driwwe se rigting. Nadat die agtervolgers weg is agter die verkenners aan, is die stadspoort gesluit. 8 Voor die verkenners aan die slaap geraak het, is die vrou na hulle toe op die dak 9 en het sy vir hulle gesê: "Ek weet die Here gee vir julle die land; ons is skrikbevange vir julle, al die inwoners van die land bewe van vrees vir julle. 10 Ons het gehoor hoe die Here die water van die Rietsee voor julle laat wegdroog het met julle trek uit Egipte, en ook wat julle met die twee konings van die Amoriete oorkant die Jordaan, met Sihon en Og, gedoen het, hoe julle hulle voor die voet uitgeroei het. 11 Ons het dit gehoor en ons harte het van angs verstyf. Niemand het nog moed teen julle nie, want julle God, die Here, is God, bo in die hemel en onder op die aarde. 12 "Ek het julle goed behandel. Lê dan nou vir my 'n eed voor die Here af dat julle my familie ook goed sal behandel, en gee my 'n betroubare aanduiding 13 dat julle my pa en ma, my broers en susters en almal wat by hulle hoort, se lewens sal spaar en ons so van die dood sal red." 14 Toe sê die manne vir haar: "Ons staan met ons eie lewe in vir julle s'n. As julle nie oor ons praat nie en die Here gee ons die land, sal ons jou goed behandel en ons woord hou."15 Sy het hulle met 'n tou deur die venster laat afsak; haar huis was in die stadsmuur ingebou, sodat sy in die muur gewoon het. 16 Haar woorde aan hulle was: "Gaan die berge in sodat die mense wat na julle soek, julle nie raakloop nie. Kruip drie dae daar weg tot hulle die soektog staak. Daarna kan julle julle koers gaan." 17 Die manne het vir haar gesê: "Die eed wat jy aan ons laat aflê het, sal ons net bind 18 as jy, wanneer ons die stad aanval, hierdie bloedrooi tou vasbind aan die venster waardeur jy ons laat afsak, en jou pa en ma, jou broers en jou hele familie by jou in die huis bymekaarhou. 19 Enigeen wat by jou huis se deure uitgaan buitentoe, sal self vir sy dood verantwoordelik wees, nie ons nie. Ons hou ons verantwoordelik vir enigeen wat by jou in die huis is; daar sal nie 'n hand teen hom gelig word

nie. 20 En as jy oor ons praat, is ons nie gebind aan die eed wat jy ons laat aflê
het nie." 21 Sy het gesê: "Laat dit wees soos julle gesê het," en sy het hulle laat
gaan en hulle is weg. Sy het toe die bloedrooi tou aan die venster vasgebind.
22 Hulle het vertrek en is die berge in. Daar het hulle drie dae gebly tot die
mense wat hulle gaan soek het, teruggekom het. Die mense het langs die hele
pad gesoek en niks gekry nie. 23 Daarna het die twee manne uit die berge
teruggekom en is hulle die rivier oor na Josua seun van Nun toe. Hulle het
hom alles vertel wat met hulle gebeur het. 24 Hulle het vir Josua gesê: "Die
Here gee die hele land oor in ons mag. Al die inwoners van die land bewe van
vrees vir ons."

### *Hebreërs 11:31*

Omdat Ragab, die prostituut, geglo het, het sy die verkenners vriendelik ontvang en het sy nie omgekom saam met dié wat aan God ongehoorsaam was nie.

### *Jakobus 2:14-26*

Wat help dit, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig
dit nie? Kan so 'n geloof 'n mens red? 15 Sê nou daar is 'n broer of 'n suster
wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly, 16 en sê nou een van julle
sou vir hulle sê: "Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en
eet genoeg," maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe
nie, wat help dit dan? 17 So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dade
oorgaan nie, is dit sonder meer dood. 18 Maar iemand kan miskien sê: "Die
een het die geloof en die ander het die dade." Goed, wys dan vir my jou geloof
wat sonder dade is, en ek sal jou my geloof wys uit my dade. 19 Glo jy dat daar
net een God is? Dit is reg. Die bose geeste glo dit ook – en hulle sidder van
angs. 20 Jou dwaas, wil jy 'n bewys hê dat geloof sonder dade nutteloos is? 21
Ons voorvader Abraham het sy seun Isak op die altaar gelê. Is dit nie op grond
van wat hy gedoen het dat God hom vrygespreek het nie? 22 Jy sien dus dat sy
geloof met dade gepaardgegaan het en dat dit eers deur dade volkome geword
het. 23 So is die Skrif vervul wat sê: "Abraham het in God geglo, en God het
hom vrygespreek," en hy is 'n vriend van God genoem. 24 Julle sien dus dat
'n mens vrygespreek word op grond van sy dade en nie net op grond van sy
geloof nie. 25 Is Ragab die prostituut nie ook vrygespreek op grond van wat
sy gedoen het toe sy die verkenners weggesteek en hulle met 'n ander pad laat
ontkom het nie? 26 'n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. So is die geloof
wat nie tot dade kom nie, ook dood.

## SOAP

*Week 2 • Woensdag*

SOAP / *Hebreërs 11:31*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Woensdag*

**SOAP:**

*Hebreërs 11:31*

*Omdat Ragab, die prostituut, geglo het, het sy die verkenners vriendelik ontvang en het sy nie omgekom saam met dié wat aan God ongehoorsaam was nie.*

**OORDENKING**

Ragab is deur God aangewys om 'n rol te speel in 'n plan wat sy nooit in haar leeftyd in vervulling sou sien gaan nie; sy het groot krag, dapperheid en geloof aan die dag gelê. Ragab het die lewens gered van Israelitiese spioene wat gestuur is om die stad Jerigo te verken. Later het Ragab 'n seun met die naam Boas gehad, wat met 'n vrou met die naam Rut getroud is, wat 'n seun met die naam Isai sou hê. Isai het die vader van Koning Dawid geword, en na hom het daar 'n lang lyn nakomelinge gekom totdat 'n baba met die naam Jesus gebore sou word.

Die mans en vroue wat in Hebreërs 11 genoem word (dikwels die "geloofshelde" genoem) word nie vermeld as gevolg van hulle rustige, gemaklike lewens nie. Hulle was in der waarheid mense wat getrou gebly het ten spyte daarvan dat hulle nie die vervulling van God se beloftes gesien het nie. Hulle het gekies om God te volg terwyl dit moeilik was, toe hulle teenkanting van ander gekry het, en toe dit behels het dat hulle moeilike of gevaarlike keuses moes maak.

Die veilige keuse vir Ragab sou gewees het om die Israelitiese spioene aan die koning van Jerigo uit te lewer, of om, sodra hulle weg was, die koning omtrent hulle planne in te lig sodat haar stad op hulle aanval voorbereid kon wees. Verhale van die ongelooflike dinge wat God vir sy volk gedoen het, het egter by die mense van Jerigo uitgekom. Ragab het geweet dat wanneer God vir sy volk veg, niks Hom kon stuit nie.

In geloof het Ragab die spioene versteek. Met krag het sy die koning se manne oortuig om op 'n ander plek na hulle te gaan soek. Met waagmoed het sy die Israelitiese spioene gevra om haar en haar familie se lewens te spaar. Ragab het hulle nie probeer ompraat om van plan te verander en 'n ander stad aan te val nie. Sy het haar nie uit die voete gemaak voordat die Israeliete teruggekeer het nie. Pleks daarvan het sy standvastig gebly, haar vooropgesette plan uitgevoer en vas geglo dat God se mense hulle woord sou hou.

As jy 'n volgeling van God is, was dit nog nooit gewaarborg dat jy 'n gemaklike, rustige lewe gaan geniet nie. Wat ons wel belowe is, is dat God met ons sal wees, wat ons ook al in die gesig moet staar. Ragab het 'n rooi tou in haar venster vertoon om die Israeliete te herinner aan die belofte van genade en redding wat die verkenners aan haar gemaak het. Net so herinner die bloed van Jesus ons dat God ons van ons sondes skoon was, en vir ewig verlossing en redding aan ons bied.

Mag ons vroue wees wat God so innig liefhet dat ons bereid is om sterk en dapper te wees soos Ragab, terwyl ons kies om te veg vir 'n geloof wat ons in lyn bring met God en sy Woord, en glo dat Hy altyd sy beloftes sal nakom.

## LEES

*Week 2 • Donderdag*

*Rut 1:1-18*

1 In die tyd van die leiers was daar op 'n keer hongersnood in die land, en 'n man
met sy vrou en sy twee seuns het uit Betlehem in Juda weggetrek om 'n heenkome
te soek in die gebied van Moab. 2 Die man was Elimelek, sy vrou Naomi, en sy
twee seuns Maglon en Kiljon. Hulle was afkomstig uit Efrata in Betlehem in
Juda. Hulle het in Moab aangekom en hulle daar gevestig. 3 Toe Naomi se man,
Elimelek, sterf, het sy en haar twee seuns alleen agtergebly. 4 Die twee seuns het
later getrou met die Moabitiese meisies Orpa en Rut. Naomi en haar seuns het
omtrent tien jaar in Moab gebly. 5 Toe haar twee seuns Maglon en Kiljon ook
sterf, het sy alleen agtergebly sonder haar seuns en sonder haar man. 6 Toe sy
verneem dat die Here vir sy volk uitkoms gebring het deur vir hulle 'n goeie oes
te gee, het sy en haar skoondogters klaargemaak om van Moab af terug te gaan.
7 Sy en haar skoondogters het saam vertrek uit die plek waar hulle gebly het, op
pad na Juda toe. 8 Toe sê Naomi vir haar twee skoondogters: "Julle moet liewer
teruggaan na julle ouerhuise toe. Mag die Here sy liefde aan julle bewys, soos julle
aan die oorledenes en aan my liefde bewys het. 9 Mag die Here vir julle elkeen
weer 'n goeie man en 'n heenkome gee." Toe sy van hulle wou afskeid neem,
het hulle begin huil 10 en vir haar gesê: "Nee, ons wil met Ma saamgaan na Ma
se volk toe." 11 Maar Naomi het weer vir hulle gesê: "Gaan terug, my dogters.
Waarom sou julle saam met my wou kom? Het ek nog enige hoop om seuns in
die wêreld te bring, sodat julle met hulle sou kon trou? 12 Gaan asseblief maar
terug, my dogters, ek is te oud om weer te trou; selfs al sou ek sê daar is nog hoop
vir my, al sou ek vannag by 'n man slaap, al sou ek nog seuns in die wêreld bring,
13 sou julle kon wag tot hulle groot is? Sou julle julle ondertussen daarvan kon
weerhou om te trou? Dit is onmoontlik, my dogters. Nee, my lot is swaarder as
julle s'n: die Here het teen my gedraai."14 Toe het Naomi se skoondogters weer
begin huil, en Orpa het van haar afskeid geneem, maar Rut het by haar gebly. 15
Toe sê Naomi: "Kyk, jou skoonsuster het teruggegaan na haar volk en na haar
gode toe. Gaan jy nou ook saam met haar terug."16 Maar Rut het geantwoord:
"Moet my tog nie dwing om van u af weg te gaan en om om te draai nie, want
waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly; u volk is my volk; u God is my
God; 17 waar u sterf, sal ek sterf en daar sal ek begrawe word. Ek lê 'n eed af voor
die Here: net die dood sal ons skei."18 Naomi het besef dat Rut vasbeslote was
om saam met haar te gaan en sy het opgehou om haar te probeer ompraat.

## SOAP

*Week 2 • Donderdag*

SOAP / *Rut 1:16*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Donderdag*

### SOAP:

*Rut 1:16*

*Maar Rut het geantwoord: "Moet my tog nie dwing om van u af weg te gaan en om om te draai nie, want waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly; u volk is my volk; u God is my God."*

### OORDENKING

Naomi sou nooit weet hoe God verlossing deur haar hartseer en verlies sou orkestreer nie. God het Naomi se moeilikste oomblikke gebruik om sy planne vir sy volk voort te sit. As Elimeleg nog geleef het, sou Naomi nooit nodig gehad het om op haar seuns staat te maak vir beskerming en versorging nie. As haar seuns nog geleef het, sou Naomi nooit nodig gehad het om planne te maak om Moab te verlaat en terug te reis na Betlehem nie. En as Naomi nooit daardie eerste tree terug na haar tuisdorp gegee het nie, sou Rut nooit vir Boas ontmoet het nie, 'n gebeurtenis wat daartoe gelei het dat hulle familie in die geslag van Jesus was.

Rut was baie lief vir Naomi en dit was moontlik dat sy van God geleer het deur haar daaglikse interaksies met Naomi. Ten spyte van alles wat teen haar was, het Naomi aangehou om in 'n vreemde land in God te glo. Naomi het nooit haar begrip verloor van wie God is nie, maar sy het soveel hartseer en pyn gesien dat sy opgehou het om te glo dat God vir haar goed sou wees. Selfs in haar pyn het God nie opgehou om vir Naomi om te gee nie; Hy het haar van 'n skoondogter voorsien wat alles wat sy geken het, gelos het om aan haar sy te wees.

Toe Naomi vertrek het om terug te keer na Bethlehem, was sy van plan om terug te keer na die dorp en familie wat vir haar as weduwee kon sorg. In plaas daarvan om terug te draai na haar eie familie in Moab, het Rut gekies om by Naomi te bly en na 'n vreemde land te reis, by 'n vreemde volk te woon en in 'n vreemde God te glo. Rut het haar geloof gestel in die God waarin Naomi geglo het, al het sy gesien hoe haar skoonma met haar geloof worstel. Rut se besluit het 'n impak op die hele dorpie Bethlehem gemaak. Haar verhaal het gereis tot by 'n man met die naam Boas, wat van Rut sou hoor en haar harde werk en toewyding met beskerming en voorsiening sou vereer.

Rut het ook geweldige verliese ervaar. Rut se man, skoonpa en swaer het almal gesterf, wat haar en die ander vroue in die familie oorgelaat het om vir hulself te sorg. Terwyl Naomi gekies het om te glo dat God teen haar werk, het Rut gekies om geloof te hê. Sy het gekies om in dieselfde God as haar skoonma te glo, al het Hy hulle albei deur soveel swaarkry laat gaan.

Ons kan Rut se voorbeeld van vertroue in God se voorsiening volg deur aan Hom vas te klou selfs wanneer diegene rondom ons begin twyfel. Rut se geloof en gewilligheid om Naomi te ondersteun in haar seisoen van hartseer het gelei tot haar verhouding met Boas en die kind wat die voorvader van die Messias, die Verlosser van die wêreld sou wees: Jesus Christus.

## LEES

*Week 2 • Vrydag*

*Markus 5:25-34*

Daar was ook 'n vrou wat al twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het. 26 Sy
het baie gely onder die behandeling van talle dokters en het alles wat sy gehad
het, daaraan bestee. Sy het egter geen baat daarby gevind nie; haar toestand het
eerder vererger. 27 Sy het van Jesus gehoor en in die gedrang nader gekom en van
agter af aan sy klere geraak, 28 want sy het gedink: as ek maar net aan sy klere
kan raak, sal ek gesond word. 29 En dadelik het die bron van haar bloedvloeiing
opgedroog, en sy kon aan haar liggaam agterkom dat sy van haar kwaal ontslae
was. 30 Jesus het ook self onmiddelik geweet dat daar van Hom krag uitgegaan
het. Hy het Hom in die gedrang omgedraai en gevra: "Wie het aan my klere
geraak?" 31 Sy dissipels het Hom geantwoord: "U sien tog dat die mense van
alle kante af teen U druk, en dan vra U nog: Wie het aan My geraak?" 32 Hy
het rondom Hom gekyk om te sien wie dit gedoen het. 33 Die vrou het geskrik
en gestaan en bewe, want sy het besef wat met haar gebeur het. Sy het toe voor
Hom op haar knieê kom val en vir Hom haar hele geskiedenis vertel. 34 Daarna
sê Hy vir haar: "Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede. Wees vir goed
van jou kwaal genees!"

*Lukas 8:40-48*

Toe Jesus van die oorkant af terugkom, het die mense Hom verwelkom, want
almal was Hom te wagte. 41 Skielik kom daar 'n man aan. Dit was Jaïrus, 'n
raadslid van die sinagoge. Hy het op sy knieë voor Jesus se voete geval en Hom
gesmeek om na sy huis toe te kom, 42 want sy enigste dogter het op sterwe
gelê. Sy was omtrent twaalf jaar oud. Op pad daarheen het die mense om Jesus
saamgedrom. 43 Onder hulle was 'n vrou wat al twaalf jaar lank aan bloedvloeiing
gely het. Sy het alles wat sy gehad het aan dokters uitgegee, maar niemand kon
haar gesond maak nie. 44 Sy het nader gekom en van agter af aan die soom van
sy klere geraak, en haar bloedvloeiing het onmiddelik opgehou. Jesus vra toe: 45
"Wie het My aangeraak?" Toe almal ontken dat dit hulle is, sê Petrus: "Here, die
mense dring tog rondom U saam en druk teen U." 46 Maar Jesus sê: "Iemand
het My aangeraak, want Ek het agtergekom dat daar krag van My uitgegaan het."
47 Toe die vrou sien Hy weet dit is sy, het sy angs gebewe en voor Hom kom
neerval. Daar voor al die mense vertel sy Hom toe waarom sy Hom aangeraak het
en hoe sy onmiddelik gesond geword het. 48 Toe sê Hy: "Dogter, jou geloof het
jou gered. Gaan in vrede!"

## SOAP

*Week 2 • Vrydag*

SOAP / *Markus 5:34*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Vrydag*

**SOAP:**

*Markus 5:34*

*"Daarna sê Hy vir haar: "Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede. Wees vir goed van jou kwaal genees!"*

**OORDENKING**

Die vrou waarvan ons vandag lees, het 'n paar ongelooflike dapper keuses gemaak voordat haar genesing plaasgevind het. Kultureel sou sy 'n uitgeworpene gewees het omdat haar mediese toestand haar seremonieel onrein gemaak het. Dit het beteken dat, bo en behalwe meer as 'n dekade van lyding wat geen dokter kon genees nie, sou sy die hele tyd van haar gemeenskap geïsoleer gewees het. Na soveel jare van eensaamheid en siekte, is dit geen wonder dat sy desperaat was om genees te word deur die enigste Een wat dit kon doen nie.

Al het haar jare van isolasie haar van haar gemeenskap en godsdiensdeelname uitgesluit, het sy groot geloof gehad. Ons weet nie of sy vir genesing gebid het nie, al wat ons weet is dat sy al haar geld aan dokters bestee het en haar toestand het net erger geword. Ons word nie eers vertel wat haar naam is nie. Maar ons weet wel dat sy geloof gehad het in die genesende krag van Jesus. Sy het geglo dat deur net aan Hom te raak, sy genees sou word.

Om tussen die skare te wees was 'n groot risiko, gegewe haar toestand. Die vrou mag aan niemand geraak het nie, veral nie iemand so gewild en belangrik soos Jesus nie. Tog het sy so groot geloof gehad dat Hy haar sou genees dat sy selfs gevaar geloop het om die wet te oortree net om genees te kon word. Die vrou het met haar hele hart geglo dat al wat nodig sou wees vir haar om gesond te word, was om aan Jesus se klere aan te raak.

Jesus is deur sy eie broers verwerp, aangesien hulle nie ten volle verstaan het wie Hy was nie. Baie Jode het Hom verwerp, Hom 'n leuenaar en 'n valse profeet genoem en baie heidene het Hom gevrees. Nie hierdie vrou nie. Hierdie vrou, wat sosiaal geïsoleer, uitgesluit en van haar gemeenskap geskei was, het presies geweet wat Jesus kon doen. Haar geloof in sy genesende krag het haar heeltemal verander. In sy groot barmhartigheid en deernis het Jesus haar geloof geëer deur berusting en lof te bied, benewens die wonderbaarlike fisiese genesing wat plaasgevind het sonder dat Hy ooit 'n woord gesê het.

Ons vind onsself dalk uitgesluit, afgesny, verwerp, misverstaan, gevrees, geïsoleer, of nie in staat om te aanbid soos ons die meeste daarvan hou nie, maar glo! Jesus is naby jou, jy hoef net uit te reik.

## OORDENKING

*Week 2*

1. *Watter verband sien jy tussen om te glo en seën, soos ons vind in Lukas 1:45?*

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

2. *Waarom dink jy het Jesus in Matteus 15:28 'n punt gemaak om te wys hoe geloof en genesing met mekaar verband hou? Is dit altyd die geval?*

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

3. *Waarom is geloof in God so belangrik? Wanneer moes jy al in geloof optree? Wat het jy uit daardie ervaring geleer?*

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

4. *Hoe word Rut se geloof in Rut 1:16–19 gedemonstreer? Hoekom is haar reaksie so inspirerend?*

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

5. *Weereens sien ons die verband tussen geloof en genesing in Markus 5:34. Waarom dink jy is dit belangrik om geloof te hê voordat genesing kan plaasvind? Bepaal ons hoeveelheid geloof of 'n persoon genees word of nie? Hoekom of hoekom nie?*

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

*As julle in My bly*
*en my woorde in*
*julle, vra dan net*
*wat julle wil hê, en*
*julle sal dit kry.*

*Johannes 15:7*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Wie in jou lewe is 'n kragtige gebedsvegter? Neem hierdie week die tyd om haar aan te moedig en haar te laat weet hoe haar gebede jou beïnvloed het.*

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

## LEES

*Week 3 • Maandag*

*1 Samuel 1:1-2:11*

Daar was 'n man uit Ramatajim, 'n Suffiet uit die Efraimsberge. Hy was Elkana seun van Jerogam, seun van Elihu, seun van Togu, seun van Suf uit Efrata. 2 Hy het twee vrouens gehad. Die een se naam was Hanna en die ander s'n Peninna. Peninna het kinders gehad, maar Hanna nie. 3 Elkana het elke jaar uit sy stad na Silo toe gegaan om te aanbid en aan die Here die Almagtige offers te bring. Eli se twee seuns, Hofni en Pinehas, was in Silo priesters van die Here. 4 Elkana het gewoonlik op die dag wanneer hy geoffer het, dele van die offermaaltyd aan sy vrou Peninna en al haar seuns en dogters gegee. 5 Alhoewel hy vir Hanna liefgehad het, kon hy vir haar elke keer net een deel gee, want die Here het haar kinderloos laat bly. 6 Dan het die ander vrou haar baie gespot en verneder omdat die Here haar kinderloos laat bly het. 7 So het dit jaar vir jaar gegaan: elke keer as Hanna in die huis van die Here gaan offer het, het Peninna haar gespot, sodat sy gehuil het en nie wou eet nie. 8 Dan sê haar man Elkana vir haar: "Hanna, waarom huil jy? Waarom eet jy nie en waarom is jy hartseer? Is ek nie vir jou meer werd as tien seuns nie?" 9 Op 'n keer ná die offermaaltyd in Silo het Hanna opgestaan terwyl die priester Eli op sy stoel langs die deurkosyn van die tempel van die Here gesit het. 10 Sy was bitter hartseer en terwyl sy tot die Here gebid het, het sy onbedaarlik gehuil. 11 Sy het 'n gelofte afgelê en gesê: "Here, Almagtige, as U tog op my ellende wou let en aan my, u dienares, wou dink en my nie vergeet nie en aan my 'n seun gee, sal ek hom sy lewe lank aan U gee, en as teken daarvan sal sy hare nie afgesny word nie." 12 Sy het lank tot die Here gebid, en Eli het stip na haar mond bly kyk. 13 Hanna het in haar gedagte gepraat, net haar lippe het geroer. Eli kon nie haar stem hoor nie, en daarom het hy gedink sy is dronk. 14 Hy sê toe vir haar: "Hoe lank wil jy dronk bly? Loop word eer nugter!" 15 Maar Hanna het geantwoord: " Nee, Meneer, ek is maar net 'n vrou wat diep terneergedruk is. Ek het nie wyn of bier gedrink nie. Ek het my hart uitgestort voor die Here. 16 Moet tog nie dink ek is 'n slegte vrou nie. Dis oor my groot smart en leed dat ek so lank bly praat het." 17 Toe sê Eli: "Wees gerus en gaan nou maar. Die God van Israel sal aan jou gee wat jy van Hom afgesmeek het." 18 En sy het gesê: "Mag dit vir my wees soos u sê." Sy het toe geloop en gaan eet, en sy was nie meer bedruk nie. 19 Die volgende môre het Elkana-hulle vroeg opgestaan, die Here aanbid en teruggegaan huis toe. Nadat hulle tuis gekom het in Rama, het Elkana gemeenskap gehad met sy vrou Hanna, en die Here het aan haar gedink. 20 By die wisseling van die jaar was Hanna swanger. Sy het 'n seun in die wêreld gebring en uitgeroep: "Sy naam is Samuel: van die Here het ek hom afgesmeek!" 21 Toe Elkana en sy hele gesin gaan om die jaarlikse offer aan die Here te bring en sy gelofte te betaal, 22 het Hanna nie saamgegaan nie, want sy het vir haar man gesê: "Wanneer die seun gespeen is, sal ek hom wegbring dat hy voor die Here verskyn en altyd daar bly." 23 Haar man Elkana het vir haar gesê: "Maak soos jy dit goedvind. Bly totdat jy hom gespeen

het. Mag die Here sy woord bevestig!" Hanna het toe gebly en haar kind gevoed totdat sy hom gespeen het. 24 Toe sy hom gespeen het, het sy hom saamgeneem, en ook 'n driejaaroud bul. Sestien kilogram meel en 'n kruik wyn. Sy het hom as klein seuntjie weggebring na die huis van die Here toe in Silo. 25 Elkana-hulle het die bul geslag en die seun na Eli toe gebring, 26 en Hanna het gesê: "Ekskuus, Meneer, u sal my nie glo nie, maar, Meneer, ék is die vrou wat hier by u gestaan het om tot die Here te bid. 27 Om hierdie seun het ek gebid, en die Here het aan my gegee wat ek van Hom afgesmeek het. 28 Ja, van die Here het ek hierdie kind afgesmeek, en nou sal hy sy lewe lank iemand wees wat van die Here afgesmeek is." Toe het hulle die Here aanbid. 1 En Hanna het gebid: "Ek jubel in die Here, ek is sterk in die Here. Ek lag my vyande uit, ek is bly oor die uitkoms wat U my gegee het. 2 Daar is geen heilige soos die Here nie, buiten U is daar nie een nie, daar is geen rots soos ons God nie. 3 "Julle moenie in hoogmoed bly praat nie, moenie aanmatigende dinge sê nie, want die Here is 'n God van diepe kennis, dade word deur hom getoets. 4 "Die boog van die magtiges is verbreek, dié wat gestruikel het, het nuwe krag gekry. 5 Wie versadig was, moet hulle nou vir brood verhuur, wie honger was, het oorgenoeg om te eet. Die onvrugbare bring sewe in die wêreld, die een met baie kinders kwyn weg. 6 "Die Here maak dood en Hy maak lewend, Hy laat afdaal na die doderyk toe en Hy laat daaruit opkom. 7 Die Here maak arm en Hy maak ryk, Hy verneder, ook gee Hy aansien. 8 Hy laat die geringes uit die stof opstaan, Hy het die armes op van die ashoop af om hulle by vername mense te laat sit; Hy skenk hulle 'n ereplek. Aan die Here behoort die pilare van die aarde; Hy het die aarde daarop gegrondves 9 "Hy beskerm sy troue dienaars op hulle pad, maar die goddeloses word stil gemaak in die duisternis van die graf. 'n Mens oorwin nie deur eie krag nie! 10 Dié wat teen die Here in opstand kom, word vernietig, van bo uit die hemel verbrysel Hy hulle. Die Here spreek reg tot by die eindes van die aarde, Hy verleen krag aan sy koning, Hy gee sterkte aan sy gesalfde." 11 Daarna het Elkana na sy huis toe gegaan in Rama, terwyl die seun Sameul die Here bly dien het onder toesig van die priester Eli.

**SOAP**

*Week 3 • Maandag*

SOAP / *1 Samuel 1:27–28*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Maandag*

**SOAP:**

*1 Samuel 1:27–28*

*"Om hierdie seun het ek gebid, en die Here het aan my gegee wat ek van Hom afgesmeek het. Ja, van die Here het ek hierdie kind afgesmeek, en nou sal hy sy lewe lank iemand wees wat van die Here afgesmeek is." Toe het hulle die Here daar aanbid.*

**OORDENKING**

Hanna was 'n vrou van groot geloof wat groot hartseer ervaar het, en ook groot guns van die Here. Hanna se man was baie lief vir haar, meer as vir sy ander vrou, Peninna. As gevolg van hierdie bevoordeling het Peninna alles gedoen wat sy kon om Hanna te verneder en het haar voortdurend herinner aan die een ding wat haar bo Hanna in hul familie en in hul gemeenskap gestel het: kinders.

Hanna was baie hartseer. Nog 'n jaar het verbygegaan en haar droom om kinders te hê was steeds nie verwesenlik nie. In plaas daarvan om haar hartseer in kos of drank te verdrink, in plaas daarvan om raad of oplossings by ander vroue te soek, of haar aandag af te lei met die feesaktiwiteite, het Hanna tyd in gebed deurgebring.

Soos sy gebid het, het Hanna God gevra vir die een ding wat haar hart die meeste begeer het. Sy kon God gevra het om Peninna se hart te verander of om haar van haar folteraar te red, maar dit was nie die begeerte van haar hart nie. Hanna was so desperaat vir 'n seun dat sy in huilende, stille, herhaalde gebed voor die Here sou gaan. Sy het vir 'n seun gevra en belowe om hom aan die Here op te dra.

God het haar desperate gebede gehoor en vir haar 'n seun gegee. 'n Seun wat God al die dae van sy lewe sou dien. 'n Seun wat sy net sou grootmaak totdat hy hoogstens vyf jaar oud was. 'n Seun genaamd Samuel wat 'n profeet en geestelike leier van Israel sou wees, wat Israel se eerste twee konings, Saul en Dawid, sou salf.

Wat vir Hanna onmoontlik gelyk het, was vir God moontlik (sy sou voortgaan om nog vyf kinders na Samuel te hê!). Hanna het so desperaat gebid dat die priester gedink het sy is dronk. Haar geloof is nie deur haar hartseer oorskadu nie. In geloof het Hanna God gevra vir die grootste begeerte van haar hart. In geloof het Hanna haar belofte nagekom om haar seun terug te gee om die Here te dien. In geloof het Hanna God geprys en aan Hom al die eer gegee.

In plaas daarvan om te fokus op hoe haar omstandighede verander het, het Hanna verklaar dat sy vreugde gevind het in die Here, in wie Hy is en wat Hy kon doen. Hanna het 'n loflied geskryf wat God se volk vir geslagte lank beïnvloed het. Is jy vinnig om lof te bring wanneer God doen wat onmoontlik lyk in jou lewe, soos Hanna gedoen het? Neem vandag tyd om God te onthou en te loof vir sy getrouheid, ongeag hoe jou omstandighede mag lyk.

**LEES**

*Week 3 • Dinsdag*

*Lukas 2:36-40*

Daar was ook 'n profetes, Anna, 'n dogter van Fanuel uit die stam Aser. Sy was
al baie oud. As jong vrou was sy sewe jaar getroud, en na haar man se dood 37
het sy weduwee gebly. Sy was nou al vier en tagtig jaar oud. Sy het nie van die
tempel af weggebly nie en het God dag en nag gedien deur te vas en te bid. 38
Juis op daardie oomblik het sy nader gekom en God gedank en oor die Kindjie
gepraat met almal wat na die verlossing van Jerusalem uitgesien het. 39 Toe Josef-
hulle alles nagekom het wat die wet van die Here voorskryf, het hulle na Galilea
toe teruggegaan, na hulle eie dorp, Nasaret. 40 Die Kindjie het gegroei en sterk
geword, en Hy was vol wysheid, en die genade van God was op Hom.

## SOAP

*Week 3 • Dinsdag*

SOAP / *Lukas 2:37–38*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Lukas 2:37–38*

*... na haar man se dood het sy weduwee gebly. Sy was nou al vier en tagtig jaar oud. Sy het nie van die tempel af weggebly nie en het God dag en nag gedien deur te vas en te bid. Juis op daardie oomblik het sy nader gekom en God gedank en oor die Kindjie gepraat met almal wat na die verlossing van Jerusalem uitgesien het.*

**OORDENKING**

Wat is die langste tyd wat jy jouself al aan iets verbind het? Studies toon dat die meeste mense wat ‘n besluit neem om iets nuuts aan die begin van die jaar te doen, vir hoogstens dertig dae daarby hou. Selfs ons beste voornemens, soos om meer tyd in God se Woord deur te bring, by ‘n Bybelstudie aan te sluit of onsself aan gebed toe te wy, gaan dikwels goed vir ‘n paar weke totdat die lewe druk word, skedules besig raak, seisoene verander, familielede siek word, of ons eenvoudig vergeet.

Vir vier en tagtig jaar het Anna by die tempel gebly en die Here aanbid. Op die ouderdom van ongeveer 105 jaar het sy dag en nag bly bid. Waar ander weduwees dalk ’n nuwe eggenoot probeer kry het of by ’n familielid ingetrek het, het Anna gekies om haar hele lewe aan God te wy. Sy het so ‘n diep verhouding met die Here ontwikkel deur haar tyd in gebed dat sy presies geweet het wie Jesus was toe Maria en Josef Hom in die tempel ingebring het. Met vrymoedigheid het sy aan die mans en vroue in die tempel verklaar dat dit die hoop was waarop hulle gewag het! Dit was die Christus, die Messias!

Gebed is ons uitnodiging om met God te kommunikeer, maar dit is nie ‘n eenrigtinggesprek nie. Ja, God wil van jou hoor. Hy ken jou en gee om vir jou. Maar gebed is ook ‘n geleentheid om nader aan God te groei en meer te leer van wie Hy is. Anna se verhouding met God het so intiem gegroei omdat sy haar lewe daaraan gewy het om Hom te ken. God het sy plan op ‘n baie spesiale manier aan Anna geopenbaar. Terwyl Hy dalk nie vir ons dieselfde tipe openbaring gee nie, praat Hy met ons deur sy Woord en die Heilige Gees. Hoe meer ons tyd spandeer in gebed, aanbidding en die lees van God se Woord, hoe meer ken ons Hom.

Soos enige vaardigheid wat ons wil bemeester, verg gebed oefening. Dit verg geduld en fokus en nederigheid om alles wat ons is – gebroke, onseker, eensaam, vreugdevol, hoopvol, sondig – voor God te bring. Dit sal nie altyd maklik of gemaklik wees nie. Ons sal nie altyd welsprekend praat nie en ons kan dae hê wanneer ons eerder ‘n miljoen ander dinge wil doen. Maar, aan die einde van ons dae, mag ons bekend wees vir ons aanbidding en gebed. Mag ons so ‘n hegte verhouding met God ontwikkel dat wanneer ons Hom aan die werk sien, ons sy hand dadelik sal herken, sonder ‘n skadu van twyfel.

**LEES**

*Week 3 • Woensdag*

*Genesis 29:31-30:24*

Toe die Here sien dat Jakob nie vir Lea liefhet nie, het die Here vir haar kinders gegee, terwyl
Ragel kinderloos gebly het. 32 Lea het swanger geword en ’n seun in die wêreld gebring en
hom Ruben genoem, “want,” het sy gesê, “die Here het my smart raakgesien. Nou sal my man
my liefhê.” 33 Lea het weer swanger geword en ’n seun in die wêreld gebring en sy het gesê:
“Die Here het gehoor dat ek nie liefde ontvang nie. Daarom het Hy my hierdie seun gegee.”
Sy het hom Simeon genoem. 34 Sy het weer swanger geword en ’n seun in die wêreld gebring.
Toe sê sy: “Na hierdie keer sal my man aan my gebind wees, want ek het nou al drie seuns
vir hom in die wêreld gebring.” Daarom het sy die seun Levi genoem. 35 Sy het nog ’n keer
swanger geword en ’n seun in die wêreld gebring. Sy het gesê: “Hierdie keer prys ek die Here.”
Daarom het sy die seun Juda genoem. Daarna het sy vir eers nie weer kinders gehad nie. 1
Toe Ragel merk dat sy nie vir Jakob kinders in die wêreld bring nie, het sy jaloers geword op
haar suster. Ragel het vir Jakob gesê: “Gee vir my seuns, anders sterf ek.” 2 Jakob het hom
vererg vir Ragel en vir haar gevra: “Kan ek God se werk oorneem? Dit is Hy wat sorg dat jy
nie swanger word nie.” 3 Ragel het vir hom gesê: “Hier is my slavin Bilha. Hou gemeenskap
met haar sodat sy haar kind op my knieë in die wêreld kan bring en ek deur haar ’n kind kan
hê.” 4 Ragel het vir Bilha aan Jakob gegee as vrou en hy het met haar gemeenskap gehad. 5 Sy
het swanger geword en vir Jakob ’n seun in die wêreld gebring. 6 Toe sê Ragel: “God het in
my guns uitspraak gelewer, Hy het my gebed verhoor en vir my ’n seun gegee.” Daarom het
sy hom Dan genoem. 7 Bilha die slavin van Ragel het weer swanger geword en ’n tweede seun
vir Jakob in die wêreld gebring. 8 Ragel het toe gesê: “Ek was in ’n bitter swaar stryd gewikkel
met my suster, maar ek het gewen.” Toe noem sy die seun Naftali. 9 Toe Lea besef sy bring
nie meer kinders in die wêreld nie, het sy haar slavin Silpa gevat en vir Jakob gegee as vrou.
10 Sy het vir hom ’n seun in die wêreld gebring, 11 en Lea het gesê: “Nou is ek gelukkig!” Sy
het die seun Gad genoem. 12 Daarna het Lea se slavin Silpa ’n tweede seun vir Jakob in die
wêreld gebring, 13 en Lea het gesê: “Hoe gelukkig is ek. Die vrouens sal my Die Gelukkige
noem!” Toe noem sy die seun Aser. 14 Op ’n keer het Ruben in die oestyd veld toe gegaan en
liefdesappels gepluk. Hy het dit vir sy ma Lea gebring. Ragel het vir haar gesê: “Gee vir my van
die liefdesappels wat jou seun gebring het.” 15 Toe vra Lea vir haar: “Is jy nie daarmee tevrede
dat jy my man gevat het nie? Wil jy nou nog ook die liefdesappels vat wat my seun gebring
het?” Daarop het Ragel geantwoord: “In ruil daarvoor mag Jakob vannag by jou slaap.” 16 Toe
Jakob die aand van die veld af kom, gaan Lea hom tegemoet en sê vir hom: “Jy moet na my toe
kom, want om jou te kry, het ek die volle prys betaal met die liefdesappels wat my seun gebring
het.” Daardie nag het Jakob toe by haar geslaap. 17 God het Lea se gebed verhoor, en sy het
swanger geword en ’n vyfde seun vir Jakob in die wêreld gebring. 18 Sy het gesê: “God het my
’n loon gegee omdat ek my slavin aan my man gegee het.” Toe noem sy die seun Issaskar. 19
Lea het weer swanger geword en ’n sesde seun vir Jakob in die wêreld gebring. 20 Toe sê sy:
“God het hierdie keer ’n mooi geskenk aan my gegee. Nou sal my man by my bly, want ek het
ses seuns vir hom in die wêreld gebring.” Toe noem sy die seun Sebulon. 21 Daarna het sy ‘n
dogter in die wêreld gebring en haar Dina genoem. 22 God het op Ragel ag geslaan en haar
gebed verhoor. Hy het haar nie langer kinderloos gelaat nie. 23 Sy het swanger geword en ’n
seun in die wêreld gebring en toe sê sy: “God het my skande weggeneem.” 24 Toe noem sy die
seun Josef, “want,” het sy gesê, “die Here sal my nog ’n seun gee.”

**S O A P**

*Week 3 • Woensdag*

**SOAP /** *Genesis 30:22–24*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Woensdag*

**SOAP:**

*sGenesis 30:22–24*

*God het op Ragel ag geslaan en haar gebed verhoor. Hy het haar nie langer kinderloos gelaat nie. Sy het swanger geword en 'n seun in die wêreld gebring en toe sê sy: "God het my skande weggeneem." Toe noem sy die seun Josef, "want," het sy gesê, "die Here sal my nog 'n seun gee."*

**OORDENKING**

Niks wat ons kan doen kan God se planne verhinder nie, maar soms maak ons keuses dinge ingewikkeld. In ons Skrifgedeelte vandag ontmoet ons vir Ragel en Lea, Jakob se vrouens. Sover dit manipulasie aangaan, het Jakob 'n groot bydrae gelewer. Hy het probeer help om God se plan te laat uitwerk deur sy broer Esau uit sy geboortereg en hul vader se seën te verkul. Jakob het toe, om aan Esau se wraak te ontkom, na Haran gevlug om onder sy oom Laban se dogters 'n vrou te gaan soek.

Toe Jakob daar aankom, het hy Ragel by die put gesien, op haar verlief geraak, en aangebied om sewe jaar vir Laban te werk in ruil om met haar te trou. By die bruilofsfees het Laban vir Jakob bedrieg en in plaas van Ragel, sy oudste dogter, Lea, vir hom gegee. Jakob is 'n week later met Ragel ook getroud en het toe nog sewe jaar vir sy tweede bruid vir Laban gewerk. (Die drama!)

Jakob het Ragel liefgehad, maar nie vir Lea nie. Die Here was vir Lea jammer en het haar vier seuns laat kry. Uit jaloesie oor haar suster se groter wordende gesin, het Ragel deur haar slavin 'n gesin probeer bou. Haar slavin het twee seuns vir Jakob in die wêreld gebring. Toe het Lea se slavin egter twee seuns vir Jakob voortgebring en Lea het self aan nog twee seuns geboorte geskenk. Die Skrif sê eers na die geboorte van Jakob se elfde kind, "God het op Ragel ag geslaan" en sy het toe haar eie seun, by name Josef, gehad.

Anders as die verhaal van Hanna, word daar geen melding gemaak dat Ragel gebid het, haar hart voor God uitgestort het, of te midde van haar pyn geloof probeer bewerkstellig het nie. In plaas daarvan, het sy vir haar man gesê, "Gee vir my seuns, anders sterf ek!" (Genesis 30:1) Selfs in die deurmekaarspul was God steeds aktief deel van haar verhaal. God het op haar ag geslaan en aan haar haar eie seun gegee. Na die geboorte van haar eerste seun het Ragel verklaar dat God haar gebede verhoor het. God is die held, nie Ragel, haar swak planne of haar man nie. God het haar geroep gehoor, en net Hy het die eer ontvang.

God hoor ons geroep ook. Selfs wanneer ons dink ons manier of ons tydsberekening is beter. Selfs wanneer ons uit vrees in plaas van geloof optree. God het 'n doel vir ons lewens, en ons pogings tot kortpaaie en ompaaie kan nie God se planne ontwrig nie. Kom ons word nederig onder die hand van die Een wat ons geroep hoor, en gee al ons bekommernisse aan Hom oor terwyl ons op sy tydsberekening en sy antwoord vertrou.

## **LEES**

*Week 3 • Donderdag*

*Genesis 16*

Sarai het nog nie vir haar man Abram 'n kind in die wêreld gebring gehad
nie. Sy het 'n Egiptiese slavin met die naam Hagar gehad. 2 Toe sê Sarai
vir Abram: "Die Here het my nou eenmaal daarvan weerhou om kinders
te kan hê. Gaan slaap by my slavin. Miskien bring sy 'n kind in die wêreld
wat my eie kan word." En Abram het saamgestem met sy vrou. 3 Abram
was al tien jaar in Kanaän toe Sarai, die vrou van Abram, self vir Hagar,
haar Egiptiese slavin, gevat en vir haar man Abram as vrou gegee het. 4
Hy het by Hagar gaan slaap, en sy het swanger geword. Toe sy agterkom
sy is swanger, het sy haar eienares geminag. 5 Toe sê Sarai vir Abram: "Jy
dra die skuld vir hierdie onreg wat ek moet verduur. Ek het my slavin
vir jou gegee om met haar gemeenskap te hê, en noudat sy agterkom sy
is swanger, minag sy my. Mag die Here hierdie saak tussen my en jou
uitwys." 6 Maar Abram sê vir Sarai: "Jou slavin staan onder jou. Doen met
haar soos jy goeddink." Sarai het haar slavin toe sleg behandel, en sy het
weggeloop. 7 Die Engel van die Here het vir Hagar ontmoet by 'n fontein
in die woestyn, die fontein langs die pad na Sur toe, 8 en vir haar gevra:
"Hagar, slavin van Sarai, waar kom jy vandaan en waar gaan jy heen?" Toe
antwoord sy: "Ek loop van my eienares Sarai af weg," 9 en die Engel van
die Here sê vir haar: "Gaan terug na jou eienares toe en onderwerp jou
aan haar gesag." 10 Verder het die Engel van die Here vir haar gesê: "Ek
sal jou nageslag so baie maak dat hulle te veel sal wees om te tel." 11 En
toe sê die Engel van die Here ook nog vir haar: "Kyk, jy is swanger; jy sal
'n seun in die wêreld bring. Jy moet hom Ismael noem, want die Here het
van jou swaarkry gehoor. 12 Jou seun sal 'n man wees so ontembaar soos 'n
wildedonkie: hy sal teen almal wees, en almal sal teen hom wees. Hy sal in
vyandskap leef met sy bloedverwante." 13 Hagar het toe die Naam van die
Here wat daar met haar gepraat het, aangeroep en gesê: "U is 'n God wat
my sien, hier het ek Hom gesien wat my gesien het." 14 Daarom word die
fontein genoem Lagai-Roï-fontein. Die fontein is tussen Kades en Bered.
15 Hagar het vir Abram 'n seun in die wêreld gebring, en Abram het sy
seun wat Hagar in die wêreld gebring het, Ismael genoem. 16 Abram was
ses en tagtig toe Hagar vir Ismael vir hom in die wêreld gebring het.

*Genesis 21:1-20*

1 Die Here het aan Sara gedink soos Hy beloof het. Hy het sy belofte aan haar
nagekom. 2 Sy het swanger geword en in Abraham se ouderdom vir hom ’n seun
in die wêreld gebring. Dit het gebeur op die tyd wat God vir Abraham beloof
het. 3 Hy het die seun wat vir hom gebore is, die een wat deur Sara in die wêreld
gebring is, Isak genoem. 4 Soos God vir Abraham beveel het, het hy vir Isak
besny toe hy ag dae oud was. 5 Abraham was honderd jaar oud toe sy seun Isak
gebore is. 6 Sara het toe gesê: “God het gemaak dat mense vir my lag: elkeen wat
van Isak hoor, sal vir my lag.” 7 Sy het verder nog gesê: “Wie sou vir Abraham
kon sê dat Sara seuns aan haar bors sal voed? Ek het in sy ouderdom ’n seun in
die wêreld gebring. 8 Die kind het grootgeword en die dag toe hy gespeen is,
het Abraham ’n groot fees gehou. 9 Toe Sara die seun wat Hagar die Egiptiese
slavin vir Abraham in die wêreld gebring het, sien lag, 10 sê sy vir Abraham:
“Jaag hierdie slavin en haar seun weg. Die seun van hierdie slavin mag nie saam
met my seun Isak erf nie.” 11 Abraham het ter wille van sy seun Ismael baie sleg
gevoel oor wat sy gesê het, 12 maar God het vir Abraham gesê: “Moenie sleg voel
oor die kind en oor jou slavin nie. Luister na alles wat Sara vir jou sê, want uit
Isak sal jou nageslag gebore word. 13 Tog sal Ek die seun van die slavin ’n nasie
laat word, want hy is jou kind.” 14 Vroeg die volgende môre het Abraham kos
gevat en ’n velsak water en dit vir Hagar gegee. Hy het dit saam met die kind
op haar rug gesit en haar weggestuur. Sy is toe weg en het in die Bersebawoestyn
rondgeswerf. 15 Toe die water in die velsak opraak, het sy die kind onder ’n
doringbos neergesit 16 en ’n entjie daarvandaan gaan sit, omtrent so ver as ’n
mens met ’n pyl en boog kan skiet, want sy het gedink: ek wil nie sien as die kind
doodgaan nie. Terwyl sy so daar sit, het sy begin huil. 17 God het die kind hoor
huil, en die Engel van God het uit die hemel na Hagar geroep en vir haar gesê:
“Wat is dit, Hagar? Moenie bang wees nie, want God het die kind daar waar hy
lê, gehoor. 18 Staan op, tel die kind op en troos hom, want Ek sal hom ’n groot
nasie laat word.” 19 Toe het God haar oë oopgemaak en sy het ’n put met water
gesien. Sy het die velsak vol water gaan maak en vir die kind water gegee. 20 God
was by die kind en hy het groot geword. Hy het in die woestyn gewoon en het
handig geword met die pyl en boog.

## SOAP

*Week 3 • Donderdag*

**SOAP** / *Genesis 16:13*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Donderdag*

**SOAP:**

*Genesis 16:13*

*Hagar het toe die Naam van die Here wat daar met haar gepraat het, aangeroep en gesê: "U is 'n God wat my sien, hier het ek Hom gesien wat my gesien het."*

**OORDENKING**

Was jy al ooit veroordeel, sleg behandel, uitgesluit of verneder? Ons almal was al, die een of ander tyd. Dit maak diep seer. Dis moeilik om sulke ervarings te vergeet. Ons dra dit dikwels nog saam met ons, lank nadat ons omstandighede verander het.

Abram se vrou Sarai was al moeg gewag dat God die seun wat Hy beloof het, vir haar gee, en in plaas daarvan reël sy toe dat haar slavin, Hagar, swanger word. Hagar se seun sou 'n afstammeling van Abram wees, 'n menslike poging om 'n Godgegewe belofte te vervul. Al was Hagar se seun nie die een deur wie God beplan het om sy belofte te vervul nie, het God steeds deernis en sorg aan Hagar en haar seun betoon.

Toe Hagar swanger raak, is haar status as 'n slavin vervang met haar status as die vrou wat Abram se seun gedra het. Die eerste keer in haar lewe het sy iets gehad wat Sarai nie het nie, en sy het Sarai met minagting behandel. Sarai se status is verlaag en Hagar s'n verhoog.

In reaksie daarop het Sarai Hagar so sleg behandel dat sy weggeloop en haar en haar ongebore kind se lewens in gevaar gestel het toe sy die terugreis na Egipte, haar land van herkoms, aangepak het. Dit is nie duidelik wat Hagar se verhouding met God was nie, maar sy sou waarskynlik bewus gewees het van Abram en Sarai se geloof en die belofte wat hulle God aan hulle gemaak het. Klaarblyklik het sy die engel van die Here as 'n boodskapper van die God van Abram herken. In plaas van om vrae te vra, het sy God verheerlik omdat Hy haar gesien en Hom aan haar bekend gemaak het.

In Hagar se pyn het God 'n belofte voorsien. Sy sou ook die ontvanger van 'n groot seën, die moeder van baie geslagte wees. God het Hagar ontmoet toe sy in die woestyn was. Later, in antwoord op haar seun se geroep, het God haar weer in die woestyn ontmoet. God het haar nie daar in die woestyn gelos nie, en Hy was met Ismael soos hy groot geword het (Genesis 21:20).

Ons hoef nie te wag totdat ons genees, genoeg kennis het of goed genoeg is om God te beleef nie. God sal ons ontmoet net daar waar ons is, selfs in ons woestynseisoene. Ons God sien ons, en bied ons in sy barmhartigheid en medelye die geleentheid om Hom ook te ken. En wanneer ons Hom nodig het, sal ons God opdaag, weer en weer. Sy liefde vir jou sal nooit opraak nie.

## LEES

*Week 3 • Vrydag*

*Johannes 4:1-30*

Die Fariseërs het gehoor dat Jesus meer dissipels maak en doop as Johannes – 2 Eintlik was dit nie Jesus wat gedoop het nie, maar sy dissipels. – 3 Toe Jesus dit verneem, het Hy Judea verlaat en weer na Galilea toe gegaan. 4 Hy moes deur Samaria gaan. 5 Hy kom toe by 'n dorp in Samaria met die naam Sigar, naby die stuk grond wat Jakob aan sy seun Josef gegee het. 6 Die fontein van Jakob was daar, en Jesus het toe, omdat Hy moeg was van die reis, sommer by die fontein gaan sit. Dit was omtrent twaalfuur die middag. 7 Daar kom toe 'n Samaritaanse vrou water haal, en Jesus vra vir haar: "Gee My 'n bietjie water om te drink." 8 Sy dissipels was intussen weg dorp toe om te gaan kos koop. 9 Die Samaritaanse vrou sê toe vir Hom: "Hoe vra jy, wat 'n Jood is, vir my, 'n Samaritaanse vrou, water om te drink?" Die Jode en die Samaritane gaan immers nie met mekaar om nie. 10 Jesus het haar geantwoord: "As jy geweet het wat God gee, en wie dit is wat vir jou sê: 'Gee My 'n bietjie water om te drink,' sou jy Hom gevra het, en Hy sou vir jou die lewende water gegee het." 11 Die vrou sê toe vir Hom: "Meneer, jy het nie eens 'n skepding nie, en die put is diep. Waar gaan jy die lewende water vandaan kry? 12 Jy is tog nie tot meer in staat as ons voorvader Jakob wat hierdie put vir ons gegee het en self saam met sy seuns en sy diere daaruit gedrink het nie?" 13 Maar Jesus antwoord haar: "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; 14 maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee." 15 Die vrou het vir Hom gesê: "Meneer, gee vir my van daardie water, sodat ek nie weer dors sal kry en hier hoef te kom water haal nie." 16 Hy sê toe vir haar: "Gaan roep jou man en kom terug hiereen." 17 Die vrou het Hom geantwoord: "Ek het nie 'n man nie." En Jesus sê vir haar: "Dis reg wat jy nou gesê het: 'Ek het nie 'n man nie.' 18 Jy het reeds vyf gehad, en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Jy het die waarheid gepraat." 19 Die vrou het vir hom gesê: "Meneer, ek sien dat u 'n profeet is. 20 Ons voorouers het God op hierdie berg aanbid, en tog sê julle die plek waar 'n mens God moet aanbid, is in Jerusalem." 21 Jesus sê toe vir haar: "Glo My, Mevrou, daar kom 'n tyd wanneer julle die Vader nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem sal aanbid nie. 22 Julle aanbid sonder om te weet wat julle aanbid; ons weet wat ons bid, want die verlossing kom uit die Jode. 23 Maar daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader wil juis hê dat die mense wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid." 25 Die vrou het vir Hom gesê: "Ek weet dat die Messias kom, Hy wat ook die Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy alles aan ons bekend maak." 26 Toe sê Jesus vir haar: "Dit is Ek, Ek wat met jou praat." 27 Net toe het sy dissipels teruggekom en hulle was verbaas dat Hy met 'n vrou praat. Tog het niemand vir haar gevra: "Wat wil jy hê?" of vir Hom: "Waarom praat U met haar?" nie. 28 Die vrou het toe haar waterkruik net daar laat staan en na die dorp toe gegaan en vir die mense gesê: 29 "Kom kyk, hier is 'n man wat my alles vertel het wat ek gedoen het. Is Hy nie miskien die Christus nie?" 30 Die mense het toe uit die dorp uit na Jesus toe begin kom.

## SOAP

*Week 3 • Vrydag*

SOAP / *Johannes 4:14–15*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Vrydag*

**SOAP:**

*Johannes 4:14–15*

*"Maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee." Die vrou het vir Hom gesê: "Meneer, gee vir my van daardie water, sodat ek nie weer dors sal kry en hier hoef te kom water haal nie."*

**OORDENKING**

Samaria was nie die gebruiklike roete tussen Jerusalem en Galilea nie. Trouens, daar was 'n baie meer direkte roete langs die Jordaanrivier langs wat die Jode gewoonlik gebruik het. Johannes meld dat Jesus deur Samaria "moes" gaan, 'n betekenis wat verwys na God se wil in plaas van 'n persoonlike voorkeur.

Daar was 'n rede waarom Jesus hierdie ompad op sy pad na Galilea moes neem, en daardie rede was om die vrou by die put te ontmoet. Dit was in die middel van die vrou se gewone, alledaagse aktiwiteit, terwyl sy water by die put gaan haal, dat sy Jesus teëgekom het. Dit was nie by 'n uitsonderlike aanbiddingsdiens of fees nie, dit was nie by die tempel waar sy in die voorhof vir die vroue ingeperk sou wees nie; dit was in haar tuisdorp, in die middel van die dag.

Dit was skokkend dat Jesus alleen met 'n vrou gepraat het. Dit was skokkend dat Jesus, 'n Jood, vir 'n Samaritaan drinkwater sou vra omdat dit Hom seremonieel onrein sou maak as Hy uit 'n houer sou drink waaraan sy geraak het. Dit was skokkend dat Jesus Hom as die Messias aan haar geopenbaar het. Jesus het meer van haar af geweet as wat sy gedink het moontlik was, en sy het geglo.

Toe die vrou weer in die dorp kom, het sy almal van Jesus vertel. Johannes 4:39 sê, "Baie van die Samaritane in daardie dorp het tot geloof in Jesus gekom op grond van die woorde van die vrou wat getuig het." 'Hy het my alles vertel wat ek gedoen het.'" Een vrou se ontmoeting met Jesus in die middel van haar alledaagse, gewone lewe, het die lewens van baie verander toe sy van haar ervaring met Hom vertel het.

Wat is jou "put"? Waar wag jy vir Jesus om jou in die buitengewone oomblikke te ontmoet terwyl Hy eintlik wil hê dat jy Hom in die gewone moet ervaar? Wie in jou lewe, jou gemeenskap, by jou werksplek of in jou familie moet hoor van jou eerste ontmoeting met Jesus? Mag ons vroue wees wat ingestel is op God se teenwoordigheid in al die klein oomblikkies van ons dae sodat ons die Goeie Nuus van die evangelie kan verkondig aan ander wat wil leer om God heelhartig lief te hê.

## OORDENKING

*Week 3*

1. *Wat het jy uit Hanna se verhaal geleer? Wat het dit jou oor gebed geleer?*

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

2. *Anna het nooit ophou bid nie. Hoekom is dit belangrik om nie op te hou om vir iemand of oor iets te bid nie al lyk dit of dit te lank neem om ‘n antwoord te kry?*

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

3. *Watter troos gee Ragel se verhaal aan diegene wat op God wag om hulle gebede te verhoor?*

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

4. *Hagar het in gebed tot God geroep. Waarom is dit belangrik om te verstaan dat God ons sien en ons gebede hoor wanneer ons seer het en desperaat is?*

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

5. *Waarom is dit belangrik om te besef dat God alles weet van ons verlede en al ons sondes? Hoe kan daardie kennis ons help wanneer ons na Hom toe gaan in gebed?*

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

..................................................................................................................................................

*Toe het Hy vir almal gesê: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis opneem en My volg."*

*Lukas 9:23*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Oorgawe kan terselfdertyd moeilik en tog mooi wees. Ons sien dit in die lewens van die vroue wat van wie ons hierdie week lees. Wie in jou lewe is 'n goeie toonbeeld daarvan? Neem hierdie week tyd om haar met jou woorde aan te moedig en haar te laat weet dat haar getrouheid jou lewe beïnvloed het.*

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

# LEES

*Week 4 • Maandag*

*Lukas 1:26-38*

In die sesde maand van Elisabet se swangerskap het God die engel Gabriël gestuur
na 'n maagd in Nasaret, 'n dorp in Galilea. 27 Sy was verloof aan Josef, 'n man
uit die geslag van Dawid. Die naam van die maagd was Maria. 28 Toe die engel
by haar kom, sê hy: "Ek groet jou, begenadigde! Die Here is by jou." 29 Sy was
verbysterd oor die woorde en het gewonder wat die begroeting tog kon beteken.
30 Die engel sê toe vir haar: "Moenie bang wees nie, Maria, want God bewys
genade aan jou. 31 Jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring, en jy moet
Hom die naam Jesus gee. 32 Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste
genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee,
33 en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy
koningskap sal daar geen einde wees nie." 34 Maar Maria sê vir die engel: "Hoe is
so iets moontlik, aangesien ek nog nooit omgang met 'n man gehad het nie?" 35
Die engel antwoord haar: "Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die
Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig
genoem word, die Seun van God. 36 Kyk, 'n bloedverwant van jou, Elisabet, het
in haar ouderdom self ook 'n seun ontvang, en sy wat as onvrugbaar bekend was,
is nou al in haar sesde maand. 37 Niks is vir God onmoontlik nie." 38 Maria sê
toe: "Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het." Toe
het die engel van haar af weggegaan.

## SOAP

*Week 4 • Maandag*

SOAP / *Lukas 1:38*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Maandag*

**SOAP:**

*Lukas 1:38*

*Maria sê toe: "Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het." Toe het die engel van haar af weggegaan.*

**OORDENKING**

Maria was 'n vrou wat haar aan God se wil onderwerp het en haar planne opgeoffer het om aan die Here gehoorsaam te wees. Maria is deur God gekies om iets te doen waartoe niemand op aarde ooit geroep was of ooit weer geroep sal word om te doen nie. Ten spyte van hierdie lewensveranderende aankondiging van 'n engel van die Here was Maria dapper. Sy was verward en ontsteld en het gewonder wat die engel se begroeting kon beteken. Daar word niks verder uitgewei oor Maria se gedagtes of gevoelens op daardie tydstip nie. Selfs al het sy vrae gehad, was sy bereid om haar lewe aan God se wonderbaarlike plan oor te gee.

Elke "ja" wat ons op een uitnodiging antwoord, beteken dat ons "nee" sê vir dosyne ander opsies en geleenthede. Toe Maria "ja" gesê het vir God, het sy "nee" gesê vir 'n eenvoudige, ongekompliseerde en kultureel tipiese toekoms wat sy saam met Josef beplan het. Dit het beteken dat sy "nee" gesê het vir 'n lewe wat vir haar gemeenskap en familie bekend was. Maria se geloof het haar sonder huiwering laat "ja" sê, sonder al die antwoorde en sonder om te weet wat die toekoms sou inhou.

God se genade is so groot dat Hy Elisabet se onverwagte swangerskap beplan het om perfek met Maria s'n saam te val. Elisabet se swangerskap was verrassend, Maria s'n wonderbaarlik. Maria het 'n familielid gehad na wie toe sy kon gaan, iemand wat ook 'n spesifieke roeping van die Here ontvang het. God het gesorg dat albei vroue 'n vriendin het om op te steun. Toe Maria haar lewe en toekoms aan die Here oorgegee het, het Hy haar nie sonder ondersteuning en gemeenskap gelaat nie.

God het van die begin af verklaar dat gemeenskap belangrik is. Ons is nie bedoel om alleen deur die lewe te gaan nie. Hulle familie en bure sou dalk sê dat Elisabet se swangerskap te laat gekom het en Maria s'n te vroeg, maar God het hierdie ongelooflike gebeurtenisse doelbewus so beplan.

Om "ja" te sê vir die onbekende maak 'n mens benoud. Wanneer ons egter, soos Maria, vertrou en glo dat God vir en met ons is, kan ons ons met vertroue aan sy wil oorgee en ons planne moedig opoffer. As God 'n nuwe pad vir jou toekoms uitlê, kyk om jou na die vroue wat al voor jou uit gegaan het. Soek die gemeenskap, al is dit net een vrou, wat saam met jou sal stap as jy vir God "ja" sê.

## LEES

*Week 4 • Dinsdag*

*1 Samuel 25*

Samuel is oorlede, en die hele Israel het bymekaargekom en oor hom gerou.
Hulle het hom begrawe by sy huis in Rama. Dawid het klaargemaak en na die
Paranwoestyn toe getrek. 2 Daar was 'n man in Maon wat sy boerdery in Karmel
gehad het, 'n baie ryk man. Hy het drie duisend skape en duisend bokke gehad.
Hy was besig om sy skape in Karmel te skeer. 3 Die naam van die man was Nabal
en die naam van sy vrou Abigajil. Die vrou het 'n goeie verstand gehad en sy was
mooi, maar die man was 'n regte korrelkop en onbeskof. Hy was 'n Kalebiet. 4 Toe
Dawid in die woestyn verneem dat Nabal skape skeer, 5 het hy tien jong manne
gestuur en vir hulle gesê: "Gaan na Karmel toe, en as julle by Nabal kom, moet julle
hom namens my vra hoe dit gaan. 6 En sê vir hom: Gesondheid en voorspoed vir u
en u familie en alles wat u besit! 7 Ek verneem dat hulle besig is om by u te skeer. U
skaapwagters was by ons en ons het hulle nie kwaad aangedoen nie. Hulle het niks
vermis solank hulle in Karmel was nie. 8 Vra maar u veewagters sodat hulle dit kan
vertel. Wees dan tog my mense goedgesind. Ons het op die regte tyd gekom. Gee
asseblief wat u kan afstaan aan u seun Dawid en sy manne." 9 Die jong manne van
Dawid het gekom en Dawid se hele boodskap aan Nabal oorgedra en gewag. 10
Maar Nabal het die manne van Dawid geantwoord: "Wie is Dawid, wie is die seun
van Isai? Daar is deesdae baie slawe wat wegloop van hulle eienaars af. 11 Moet ek
nou my brood en water en die vleis wat ek vir my skeerders geslag het, en dit vir
mense gee van wie ek nie weet waar hulle vandaan is nie?" 12 Die jong manne van
Dawid het net daar in hulle spore omgedraai en teruggegaan. Hulle het alles wat
Nabal gesê het, vir Dawid gaan vertel. 13 Dawid het toe aan sy manne gesê: "Gord
aan julle swaarde!" En elkeen het sy swaard aangegord, Dawid ook. Omtrent vier
honderd man het saam met Dawid opgetrek, terwyl twee honderd by hulle goed
gebly het. 14 Een van die veewagters het vir Abigajil, die vrou van Nabal, vertel:
"Dawid het boodskappers uit die woestyn gestuur om vir Meneer te groet, maar hy
het teen hulle uitgevaar. 15 Tog was die manne baie goed vir ons. Solank ons saam
met hulle in die veld rondgetrek het, is ons nie kwaad aangedoen nie, en het ons
niks vermis nie. 16 Hulle het ons dag en nag beskerm solank as ons die kleinvee
naby hulle opgepas het. 17 Nou kan u gerus gou kyk wat u kan doen, want daar
is klaar besluit om vir Meneer en sy hele huis te straf; en hy is so 'n verkeerde
man dat 'n mens nie met hom daaroor kan praat nie." 18 Abigajil het gou twee
honderd brode, twee kruike wyn, vyf gaargemaakte skape, vyf emmers gebraaide
koring, honderd trosse rosyntjies en twee honderd koeke gedroogde vye gevat en op
donkies gelaai. 19 Sy het vir haar slawe gesê: "Gaan vooruit. Ek kom sommer nou
agter julle aan." Aan haar man Nabal het sy niks hiervan vertel nie. 20 Terwyl sy
nog op die donkie ry en in 'n kloof teen die berg afgaan, kom Dawid en sy manne
juis na haar kant toe aan, sodat sy hulle teëkom. 21 Dawid het juis net gedink: ek
het verniet alles wat aan daardie man behoort in die woestyn opgepas, sodat daar
niks van sy goed vermis is nie. Hy vergeld my kwaad vir goed. 22 Mag God my
deur my vyande om die lewe bring as ek teen môreoggend nog enige manspersoon
van Nabal laat oorbly. 23 Toe Abigajil vir Dawid sien, het sy gou van die donkie af

gespring en vir Dawid eerbiedig gegroet. Sy het diep gebuig voor hom 24 en gesê:
“ Verskoon tog die onreg, Meneer! Mag ek vertroulik met u praat? Luister tog na
my woorde. 25 Meneer moet hom tog nie steur aan daardie verkeerde mens, aan
Nabal nie, want hy is net soos sy naam. Sy naam beteken dwaas, en dwaas is hy.
Maar ek, ek het nie die manne van Meneer vir wie Meneer gestuur het, gesien nie.
26 Meneer, so seker as die Here leef en so seker as wat u self leef, dit is die Here
wat gekeer het dat u bloed vergiet en die reg in u eie hande neem. Mag dit met
u vyande gaan soos dit met Nabal sal gaan en met almal wat u ondergang soek.
27 Neem tog nou hierdie blyk van goeie wense wat ek vir Meneer gebring het, en
laat dit gegee word aan die manne wat altyd vir Meneer volg. 28 Vergewe tog my
oortreding, want die Here sal beslis vir u ’n bestendige huis besorg, omdat Meneer
die oorloë van die Here voer, en mag ’n ramp u nooit tref nie. 29 En sou daar
iemand opstaan om u te agtervolg en u te probeer doodmaak, mag die lewe van
Meneer dan by die Here, u God, veilig wees saam met die lewendes. Maar mag die
lewe van u vyande weggeslinger word soos ’n klip uit ’n slingervel. 30 Wanneer die
Here al die goeie dinge wat Hy oor u gesê het, aan Meneer volbring het, en Hy u as
regeerder van Israel aangestel het, 31 mag hierdie vooval dan nie vir u tot kwelling
en gewetenswroeging wees omdat u onskuldige bloed vergiet het deur die reg in eie
hande te neem nie. En wanneer die Here aan Meneer goed gedoen het, mag u my
dan in gedagte hou.” 32 Dawid het vir Abigajil gesê: “Geloof sy die Here die God
van Israel wat jou vandag gestuur het om my te ontmoet. 33 Mag jy geseën word
vanweë jou insig en ook omdat jy my vandag verhinder het om bloed te vergiet en
die reg in my eie hand te neem. 34 Maar, so seker as die Here die God van Israel
leef, Hy wat my gekeer het om jou kwaad aan te doen, as jy my nie gou tegemoet
gekom het nie, sou daar beslis geen enkele manspersoon van Nabal tot die môrelig
oorgebly het nie.” 35 Daarna het Dawid die goed wat sy gebring het, aanvaar en
vir haar gesê: “Wees gerus en gaan maar huis toe. Kyk, ek het jou versoek gehoor
en ek staan dit toe.” 36 Toe Abigajil by Nabal kom, het hy in sy huis ’n feesmaal
gehad soos ’n koning. Nabal was opgeruimd en baie dronk. Voor die oggend met
ligdag het sy hom hoegenaamd niks vertel nie. 37 Die oggend het Nabal nugter
geword, en toe sy vrou hom al hierdie dinge vertel, het hy ’n beroerteaanval gekry
en is hy heeltemal verlam. 38 Omtrent tien dae later het die Here hom weer met
’n aanval getref, en hy het gesterf. 39 Toe Dawid hoor dat Nabal dood is, het hy
gesê: “Geloof sy die Here wat my regsaak behartig het oor die onreg wat Nabal
my aangedoen het, en my van kwaad weerhou het. Die Here het Nabal se kwaad
op sy eie kop laat afkom.” Daarna het Dawid gestuur en met Abigajil laat praat
om haar as vrou vir hom te neem. 40 Die manne van Dawid het by Abigajil die
Karmeliet gekom en vir haar gesê: “Dawid het ons na u toe gestuur om as u vrou
vir hom te neem.” 41 Sy het opgestaan en gebuig en gesê: “Ag nee, ek wil net ’n
slavin wees om die voete van Meneer se manne te was.” 42 Abigajil het toe gou
klaargemaak en op ’n donkie gery terwyl haar vyf slavinne te voet gevolg het. Sy
het die boodskappers van Dawid gevolg en sy vrou geword. 43 Dawid was reeds
met Aginoam uit Jisreël getroud. Hy het nou twee vrouens gehad. 44 Saul het sy
dogter Mikal, die vrou van Dawid, aan Palti die seun van Lajis uit Gallim gegee.

## SOAP

*Week 4 • Dinsdag*

SOAP / *1 Samuel 25:23–24*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Dinsdag*

### SOAP:

*1 Samuel 25:23–24*

*Toe Abigajil vir Dawid sien, het sy gou van die donkie af afgespring en vir Dawid eerbiedig gegroet. Sy het diep gebuig voor hom en gesê: "Verskoon tog die onreg, Meneer! Mag ek vertroulik met u praat? Luister tog na my woorde."*

### OORDENKING

Abigail, wie se naam "wys" beteken het, was getroud met 'n man wie se naam "sinneloos" beteken het. Abigail, soos die meeste vroue destyds, het nie 'n keuse gehad in wie sy mee getrou het nie, maar sy sou deur haar pa aan Nabal gegee gewees het in ruil vir geld of arbeid. As ons hierdie gedeelte in die oorspronklike Hebreeus lees, sou ons dadelik die tweespalt tussen Nabal (dwaas) en sy vrou, Abigail (wys) sien. Nabal was selfsugtig, gierig, reaksionêr en het wêreldse plesier verkies bo om eer te betoon aan diegene met gesag. Sy dienaars het geen respek vir hom gehad nie en hy het nie omgegee dat sy optrede ander in gevaar stel nie.

Abigail se interaksie met die veewagter het getoon dat sy vriendelik, betroubaar, bedagsaam en vrygewig was. Sy het haar lewe op die spel geplaas om diegene in haar huishouding en onder haar gesag te beskerm. Haar dienaar het vrymoedig met haar gepraat, vol vertroue dat sy die omstandighede wat Nabal oor hulle gebring het, sou kon verander.

Terwyl Nabal homself beter as almal beskou het, het Abigail haarself voor Dawid verneder. Sy het dapperheid getoon in die gevaarlike situasie toe sy die toekomstige koning genader het, nie net met geskenke nie, maar ook met wysheid. Om vir Dawid te vra om die lewe van haar man te spaar, sou nie genoeg gewees het om hom te oorreed nie. In plaas daarvan het Abigail wysheid aan die dag gelê en vir Dawid gevra om sy eie toekoms te oorweeg. Dawid sou beslis nie 'n skuldige gewete wou hê en spyt wees dat hy reg in eie hande geneem het in plaas daarvan om God te vertrou nie.

Deur 'n beroep te doen op Dawid se begeerte om God te eer, deur hom met wysheid en moed te nader, en deur Dawid se manne aan te bied wat Nabal geweier het om aan hulle te gee, het Abigail vir Dawid beïnvloed om van plan te verander. Sy het haar gesin gered, teruggekeer huistoe en gewag vir die regte tyd om die nuus met Nabal te deel. Na Nabal se skielike dood kon Abigail vinnig, respekvol en eerbaar Dawid se vrou word.

Nederigheid word dikwels met swakheid of sagtheid verwar, maar ons kan uit Abigail se voorbeeld leer dat nederigheid dikwels groot moed, wysheid, krag en opoffering vereis. Wanneer die wêreld ons aanmoedig om te veg vir ons individuele regte en vryhede, kan dit moeilik wees om diegene met gesag te eer en te respekteer. Tog, wanneer ons, soos Abigail, reageer met liefde en vrygewigheid in plaas van harde woorde of selfsug, kan God ons gebruik as die katalisator vir die verandering wat ons gemeenskap nodig het.

## LEES

*Week 4 • Woensdag*

*Ester 4*

Toe Mordegai hoor wat gebeur het, het hy sy klere geskeur en rouklere aangetrek
en as op sy kop gegooi. Hy het deur die stad geloop en hard en bitterlik gekerm.
2 So het hy tot by die poort van die paleis gegaan. Niemand kon met rouklere aan
by die poort ingaan nie. 3 In al die provinsies waar die besluit en die proklamasie
van die koning bekend geword het, was daar groot smart onder die Jode. Hulle
het gevas en gehuil en gekerm, en baie het rouklere aangetrek en in die as gaan lê.
4 Toe koningin Ester se kamerpersoneel en haar paleisbeamptes haar van Mordgai
kom vertel, was sy baie ontsteld. Sy het vir hom klere gestuur om aan te trek in
die plek van sy rouklere, maar hy wou dit nie vat nie. 5 Ester roep toe vir Hatak,
een van die koning se paleisbeamptes wat in haar diens was, en beveel hom om
na Mordegai toe te gaan en uit te vind wat aangaan en waarom hy so maak. 6
Hatak het na Mordegai toe gegaan op die stadsplein voor die poort van die paleis.
7 Mordegai het hom alles vertel wat gebeur het, selfs van die presiese hoeveelheid
silwer wat Haman onderneem het om aan die skatkis van die koning te lewer
as hy die Jode mag doodmaak. 8 Hy het ook vir Hatak ’n afskrif gegee van die
proklamasie wat in Susan uitgevaardig is en waarvolgens die Jode doodgemaak
moes word. Hatak moes dit aan Ester wys, haar alles vertel en haar versoek om
na die koning toe te gaan. Sy moes hom om genade smeek en vir haar volk intree.
9 Hatak is toe terug na Ester toe en het Mordegai se woorde aan haar oorgedra.
10 Sy het toe vir Hatak beveel om vir Mordegai te sê: 11 “Al die amptenare van
die koning en die mense in die provinsies van die koning weet dat daar net een
wet is vir enigeen, man of vrou, wat na die koning toe in die binneste voorhof
gaan as hy nie ontbied is nie: hy word sonder meer doodgemaak. Die enigste
uitsondering is dat die koning sy goue septer na so ’n persoon toe uitsteek; dan
bly hy lewe. En dit is nou al dertig dae dat ek nie na die koning toe ontbied is
nie.” 12 Die boodskap van Ester is aan Mordegai oorgedra, 13 en hy het haar
geantwoord: “Moenie dink net jy van al die Jode sal vrykom omdat jy in die
koning se paleis is nie. 14 As jy nóú swyg en daar kom van ’n ander kant af
uitkoms en redding vir die Jode, sal jy en jou familie omkom. Wie weet, miskien
is dit juis met die oog op ’n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het!” 15
Ester het toe vir Mordegai laat weet: 16 “Gaan maak al die Jode wat in Susan
is, bymekaar en vas ter wille van my. Julle moet drie dae, dag en nag, niks eet
en drink nie. Ek en my kamerpersoneel sal ook vas. Daarna sal ek na die koning
toe gaan, al is dit teen die wet. As ek moet omkom, moet ek maar omkom.” 17
Mordegai is toe weg en het alles gedoen wat Ester hom beveel het.

## SOAP

*Week 4 • Woensdag*

SOAP / *Ester 4:16*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Woensdag*

**SOAP:**

*Ester 4:16*

*"Gaan maak al die Jode wat in Susan is, bymekaar en vas ter wille van my. Julle moet drie dae, dag en nag, niks eet en drink nie. Ek en my kamerpersoneel sal ook vas. Daarna sal ek na die koning toe gaan, al is dit teen die wet. As ek moet omkom, moet ek maar omkom."*

**OORDENKING**

Ester was dalk 'n nuutaangestelde koningin, maar sy het die perke van haar posisie verstaan. Haar status het haar nie immuun gemaak teen die wet wat haar dood vereis het as sy ongenooid voor die koning sou kom nie. Ester se lewe was op die spel, beide as sy gepraat het en as sy stilgebly het.

Ester was baie mooi, en wanneer ons sien hoe ander haar behandel het, kan ons aflei dat haar karakter ook gerespekteer is. In 'n vertrek vol mooi vroue het Ester 'n gunstige eerste indruk gemaak op Hegai, wat toesig gehou het oor al die kandidate om die volgende koningin te word. Trouens, Hegai was so beïndruk met Ester dat hy haar alles gegee het wat sy nodig gehad het om sukses te behaal, van grimering en kos tot paleispersoneel en raad.

Esther het 'n karakterkwaliteit gehad wat dikwels oor die hoof gesien word, maar wat ongelooflik betekenisvol is: sy was gewillig om te leer. Sy het na haar oom se instruksies geluister, sy het Hegai se raad gevolg, en sy het verstaan hoe om binne die reëls van haar posisie te werk. Elke daad van gehoorsaamheid het Ester vorentoe beweeg in die reis wat God vir haar gehad het, en haar voorberei om 'n agent vir die redding van haar mense te wees.

Alhoewel Ester gerespekteer en geliefd was deur diegene rondom haar, selfs die koning, was sy onseker hoe die koning op haar benadering sou reageer. In plaas daarvan om te vertrou op haar eie vermoëns, die posisie wat sy verwerf het of die status wat sy verkry het, het Ester haar na God gewend. Sy het die Jode gevra om saam met haar te vas en te bid. Sy het geweet daar sou geen sukses wees sonder God se ingryping nie.

In die aangesig van die dood het Ester geloof gehad dat God se wil sou geskied, selfs al sou dit beteken dat sy haar lewe in die proses verloor. Met moed en deeglike oorweging het Ester 'n reeks gebeurtenisse aan die gang gesit wat die wette van die koninkryk sou eerbiedig en terselfdertyd haar posisie sou versterk in 'n poging om haar mense te red.

Hoe gereeld probeer ons dinge op ons eie manier regmaak, met oorhaastige reaksies en onnadenkende woorde? Ester het nie geëis nie, sy het genooi. Deur gesprek, nederigheid en moed het sy die koning toegelaat om 'n oplossing te skep wat haar mense geëer, hul grootste bedreiging verwyder en vrede ingelui het. Wanneer geloof, nie vrees nie, ons rigtinggewende faktor is, is daar geen beperking op wat God deur ons kan bereik nie.

## LEES

*Week 4 • Donderdag*

*Eksodus 2:1-10*

’n Man uit die stam Levi was met ’n Levitiese meisie getroud. 2 Die vrou het
swanger geword en ’n seuntjie in die wêreld gebring. Toe sy sien hoe mooi is hy,
het sy hom drie maande lank weggesteek. 3 Langer kon sy hom nie wegsteek nie.
Daarom het sy vir hom ’n biesiemandjie gekry en dit met klei en pik dig gemaak.
Sy het die seuntjie daarin neergelê en dit tussen die riete aan die kant van die Nyl
gesit. 4 Sy suster het op ’n afstand gaan staan om te sien wat met hom gebeur. 5
’n Dogter van die farao het afgegaan Nyl toe om te swem, en die jongmeisies wat
haar vergesel, het aan die kant van die rivier geloop. Toe sy die mandjie tussen
die riete sien, stuur sy haar diensmeisie om dit te gaan haal. 6 Met die oopmaak
sien sy dat dit is ’n seuntjie en hy huil. Toe kry sy hom jammer en dink: dit is
seker een van die Hebreeuse seuntjies. 7 Sy suster kom sê toe vir die farao se
dogter: “Mag ek vir u ’n vrou gaan roep, ’n Hebreeuse vrou met ’n pasgebore
baba, dat sy die seuntjie vir u kan laat drink?” 8 Die dogter van die farao het haar
geantwoord: “Ja, goed!” Die meisie het toe die seuntjie se ma gaan roep. 9 Toe
beveel die farao se dogter die man: “Neem hierdie seuntjie en laat hom vir my
drink. Ek sal jou daarvoor betaal.” Die vrou het die seuntjie geneem en vir hom
gesorg. 10 Toe hy oud genoeg was, het sy hom na die dogter van die farao toe
gebring, wat hom as haar eie seun aangeneem het. Sy het hom Moses genoem,
“want,” het sy gesê, “ek het hom mos uit die water gehaal.”

**SOAP**

*Week 4 • Donderdag*

SOAP / *Eksodus 2:3*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Donderdag*

**SOAP:**

*Eksodus 2:3*

*Langer kon sy hom nie wegsteek nie. Daarom het sy vir hom ‘n biesiemandjie gekry en dit met klei en pik dig gemaak. Sy het die seuntjie daarin neergelê en dit tussen die riete aan die kant van die Nyl gesit.*

**OORDENKING**

Die Farao was bedreig deur die krag en getalle van die Israeliete. Alhoewel hulle slawe van die Egiptenare was, het hulle gedy toe die Farao verwag het dat hulle uitmekaar sou val. Hoe meer die Israeliete onderdruk is, hoe meer het hulle vermeerder en versprei. Die Farao het nie gevoel dat vroue hom bedreig nie, en tog het die bose plan wat hy probeer instel het, misluk weens die optrede van vroue.

In sy eerste poging om die Israelitiese bevolking te beperk, het die Farao twee vroedvroue gevra om elke Hebreeuse seun wat gebore word dood te maak. Maar hierdie vroue het God meer gevrees as wat hulle die gevolge van ongehoorsaamheid aan ‘n aardse leier gevrees het, en hulle het nie sy bevele gevolg nie.

Toe Moses te oud was om langer weggesteek te word, het sy ma hom na ‘n plek geneem waar die moontlikheid dat hy gevind sou word, groot was. Sy het hom sorgsaam beskerm deur hom in ‘n drywende, waterdigte mandjie te plaas en hom in geloof in die rivier geplaas. Moses het na ‘n gebied gedryf waar vroue waarskynlik klere sou was of bad. Toe die prinses, die dogter van die einste Farao wat hom ter dood veroordeel het, vir Moses ontdek het, het sy medelye met hom gehad. Haar deernis het haar vasberadenheid versterk om hierdie hulpelose kind te red.

‘n Ander jong vrou, Moses se suster, het aangebied om ‘n vrou te vind om die baba wat die prinses gevind het, te voed. Nadat sy eers haar seun weggesteek het en hom toe in geloof laat gaan het, het Moses se ma hom weer terug ontvang, hom gevoed en hom in haar eie huis versorg.

Baie vroue het ‘n belangrike rol gespeel in die redding van Moses en uiteindelik in God se plan om sy volk te red. Die vroedvroue het God gedien en geweier om die Farao se bevele te gehoorsaam. Moses se moeder en suster was baie lief vir hom en het ‘n plan gemaak om sy lewe te red. En Farao se dogter het groot deernis getoon en ‘n hulpelose baba gered.

Moses se ma kon nie geweet het wat God vir haar jong seun beplan het nie. Sy het gedoen wat sy gedoen het om haar kind se lewe te red. Sy kon nie geweet het dat God Moses aangestel het om die een te wees om sy uitverkore volk uit die hande van hulle onderdrukkers te red nie. Alhoewel dit waarskynlik gelyk het asof sy haar kind sou verloor, het Moses se ma steeds in geloof opgetree.

Soms is dit maklik om te sien wat die gevolge is van ons geloofsdade. Soms het ons geen idee watter impak ons op ons vriende, bure of familielede sal maak wanneer ons in onderdanigheid aan God lewe nie. Tog, ongeag die uitkoms, ‘n lewe van geloof is altyd die risiko werd.

## LEES

*Week 4 • Vrydag*

*Markus 12:41-44*

Jesus het toe regoor die offergawekis gaan sit en kyk hoe die mense geld daar
ingooi. Baie ryk mense het baie geld ingegooi. 42 Daar het toe 'n arm weduwee
gekom en twee muntstukkies ingegooi. Dit was baie min werd. 43 Hy het sy
dissipels nader geroep en vir hulle gesê: "Dit verseker Ek julle: Hierdie arm
weduwee het meer ingegooi as al die ander mense wat iets in die offergawekis
gegooi het. 44 Hulle het almal uit hulle oorvloed iets ingegooi, maar sy het in
haar gebrek alles ingegooi wat sy gehad het, alles waarvan sy moes lewe."

## SOAP

*Week 4 • Vrydag*

SOAP / *Markus 12:43–44*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Vrydag*

**SOAP:**

*Markus 12:43–44*

*Hy het sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: "Dit verseker Ek julle: Hierdie arm weduwee het meer ingegooi as al die ander mense wat iets in die offergawekis gegooi het. Hulle het almal uit hulle oorvloed iets ingegooi, maar sy het in haar gebrek alles ingegooi wat sy gehad het, alles waarvan sy moes lewe."*

**OORDENKING**

In die tempel in Jerusalem was dertien offergawekiste, elkeen in die vorm van 'n trompet. Elke kis is gemerk vir die soort offergawe wat dit moes insamel. Sommige was vir betaling vir offerdiere, terwyl ander vir vereiste belasting was. Verskeie is gemerk om die vrywillige offergawe van diegene in te samel wat in staat was om te gee wat hulle kon. Die munte wat gedeponeer is, sou in 'n skatkis geplaas word, wat dan in die tempel geneem sou word.

Uit al die mense wat in die tempel se binnehof was, uit al die offergawekiste, het Jesus die bydrae van een weduwee raakgesien: twee klein muntstukke. Al die offergawekiste was in die Vrouehof, die area waar vroue toegelaat is, buite die binneste tempelhowe en die tempel self. Jesus het die vryheid gehad om enige plek in die tempel te onderrig, tog het hy homself doelbewus daar geplaas, waar beide vroue en mans welkom was.

Die lepta, of kopermunte, wat die weduwee in die offergawekis geplaas het, was elk gelykstaande aan ses minute se daaglikse werk. Dit was al wat sy gehad het, en dit het amper geen waarde gehad nie, tog is dit in die openbaar deur Jesus geëer, wat die gewig van haar offer erken het. In geloof het die weduwee alles gegee wat sy gehad het, in vergelyking met dié wat uit hul rykdom gegee het en meer in reserwe gehad het.

Die weduwee het alles vir God gegee. Wanneer ons God heelhartig liefhet, kan ons Hom ook alles gee. Ons kan God eer deur Hom die beste van ons tyd, die beste van ons talente en al ons aanbidding en lof te gee. Waar ons klein en nietig voel maar tog kies om God te dien, word Hy verheerlik. Alhoewel daar baie maniere is om te gee en God te dien, soos om ons tyd of talent vrywillig aan te bied, vra God ons om finansieël te gee. Die weduwee se offer wys vir ons dit maak nie saak hoeveel ons kan gee nie, God word geëer deur ons opoffering. Wanneer ons aan sy koninkryk gee, maak nie saak hoeveel nie, verheerlik ons Hom en die offer wat Hy vir ons aan die kruis gemaak het.

Dit maak nie vir Jesus saak hoeveel jy het om te gee nie. Wat belangrik is is dat jy met jou hele hart, alles wat jy het, mildelik en met vreugde aan God gee. Wanneer ons, soos die weduwee, aan die Here gee wat ons kan gee, kan ons verseker wees dat Hy ons geskenk sien en dit tot sy eer sal gebruik. Wat jy aan die Here gee sal nooit vermors wees nie.

## OORDENKING

*Week 4*

1. *Wat leer Maria se reaksie in Lukas 1 ons oor haar? Hoe sou jy gereageer het as jy in haar skoene was?*

   .......................................................................................................................................

   .......................................................................................................................................

   .......................................................................................................................................

2. *Wat het vir jou die meeste uitgestaan in Abigail se reaksie op Dawid? Hoe dink jy het haar nederigheid en moed Dawid se reaksie op haar en haar gesin beïnvloed?*

   .......................................................................................................................................

   .......................................................................................................................................

   .......................................................................................................................................

3. *Ester het voor 'n moeilike besluit gestaan: waag haar lewe, of die lewens van haar mense. Hoe openbaar haar optrede in Ester 4 haar bron van krag? Wat kan jy uit haar voorbeeld leer?*

   .......................................................................................................................................

   .......................................................................................................................................

   .......................................................................................................................................

4. *Moses se ma was met 'n moeilike besluit gekonfronteer. Watter rol het oorgawe en opoffering gespeel in haar vasberadenheid om haar seun te red? Wat openbaar dit oor haar geloof?*

   .......................................................................................................................................

   .......................................................................................................................................

   .......................................................................................................................................

5. *Die arm weduwee in Markus 12 het alles gegee wat sy gehad het. Waarom het haar opoffering so baie beteken? Wat het haar vrygewigheid openbaar oor haar hart en haar geloof in God?*

   .......................................................................................................................................

   .......................................................................................................................................

   .......................................................................................................................................

*Ek sal die Here*
*altyd weer prys,*
*sy lof sal altyd*
*op my lippe wees.*

*Psalm 34:2*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Wie in jou lewe het jy al gesien veg vir vreugde en loof God te midde van moeilike tye? Maak hierdie week 'n punt daarvan om haar aan te moedig en te deel wat jy in haar lewe gesien het en hoe dit jou beïnvloed het.*

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

## LEES

*Week 5 • Maandag*

*Eksodus 15:1-21*

Toe het Moses en die Israeliete die volgende lied tot eer van die Here gesing: "Ek wil tot eer van die Here sing omdat Hy hoog verhewe is. Perd en strydwa het Hy in die see geslinger. 2 Die Here is my krag en my beskerming. Hy het tot my redding gekom. Hy is my God, Hy roem ek, die God van my voorvaders, Hom prys ek. 3 Die Here is oorwinnaar in die stryd, sy Naam is 'Die Here'! 4 Die strydwaens van die farao en ook sy leër het Hy in die see geslinger. Die keur van Egipte se offisiere is in die Rietsee gedompel. 5 Watermassas het hulle oordek, soos 'n klip het hulle in die dieptes afgesak. 6 U regterhand, Here, gedug in sy krag, u regterhand, Here, verpletter die vyand. 7 U is hoog verhewe, U vernietig wie teen U opstaan, U laat u toorn woed, dit verteer hulle soos kaf. 8 U wind het gewaai: die water dam op, strome staan regop soos 'n muur, watermassas stol in die hart van die see. 9 Die vyand sê: 'Ek sal hulle agtervolg en inhaal, ek sal die buit verdeel, ek sal my sin kry, ek sal my swaard trek, my hand sal hulle verslaan.' 10 "U laat u wind waai: die see oordek hulle, hulle sink soos lood in die magtige waters. 11 Wie van die gode is soos U, Here? Wie is soos U, so hoog geëer en heilig? In lofsange word U vereer, Bewerker van wonderdade! 12 U het u regterhand uitgesteek; die aarde het die vyand ingesluk. 13 Deur u trou het U die volk gelei wat deur U verlos is, hulle deur u krag gebring na u gewyde land toe. 14 Die volke het dit gehoor en hulle het gesidder, angs het die bewoners van Filistea beetgepak, 15 die stamhoofde van Edom was verskrik, die magtiges van Moab vreesbevange, al die bewoners van Kanaän was lam geskrik. 16 Vrees en angs het hulle oorval, u magtige dade het hulle laat versteen toe u volk deurtrek, Here, toe die volk wat U u eie gemaak het, deurtrek. 17 U het hulle ingebring, U het hulle geplant op die berg wat aan U behoort. Here, U het 'n plek vir u troon voorberei, u hande, Here, het 'n gewyde plek gereed gemaak. 18 Die Here regeer tot in ewigheid!" 19 Waarlik, toe die perde van die farao met strydwaens en bemanning die see ingegaan het, het die Here die water van die see oor hulle laat terugvloei, maar die Israeliete het op droë grond daardeur gegaan. 20 Mirjam die profetes, suster van Aäron, het 'n tamboeryn gevat en al die vroue het met tamboeryne agternageloop en gedans. 21 Mirjam het hulle voorgesing: "Sing tot eer van die Here omdat Hy hoog verhewe is. Perd en ruiter het Hy in die see geslinger."

**S O A P**

*Week 5 • Maandag*

SOAP / *Eksodus 15:20–21*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Maandag*

**SOAP:**

*Eksodus 15:20–21*

*Mirjam die profetes, suster van Aäron, het 'n tamboeryn gevat en al die vroue het met tamboeryne agternageloop en gedans. Mirjam het vir hulle voorgesing: "Sing tot eer van die Here omdat Hy hoog verhewe is. Perd en ruiter het Hy in die see geslinger."*

**OORDENKING**

Wat is jou reaksie wanneer God op 'n kragtige manier in jou lewe werk? Vir Moses en die Israeliete was dit lofprysing. Die Israeliete het vir drie dae in die woestyn gereis, uiteindelik vry van ballingskap in Egipte. Die Farao se hart was egter verhard en hy het hulle met 'n leër en elke strydwa in Egipte agtervolg. Sonder 'n wonderbaarlike daad van God sou die Israeliete nooit ware vryheid gevind het nie.

Moses het die volk opdrag gegee om vas te staan, geloof te hê en nie te vrees nie, want God sou redding voorsien. Deur Moses het God die Rietsee oopgekloof en drooggelê sodat die Israeliete na veiligheid kon beweeg. Deur Moses het God die Rooi See laat terugstroom en die Israeliete van hulle vyande gered. God het vryheid aan sy volk gegee en hulle vyande heeltemal vernietig.

Deur God in geloof te volg, selfs in 'n situasie in wat onmoontlik gelyk het, was hoe die volk Israel van slawerny verlos is. Nou kon hulle vorentoe beweeg in ware vryheid en reis na die land wat God beloof het om aan hulle te gee.

Mirjam, Moses se suster en 'n leier onder die volk, het Moses se voorbeeld gevolg en met haar eie lied op sy loflied gereageer. Sy het die vroue in sang en dans gelei en die grootheid van God in die openbaar verklaar.

Sy het die Rietsee oorgesteek. Sy het gesien wat God gedoen het. En daar was geen ander reaksie vir 'n vrou van geloof as om hardop die heerlikheid en majesteit van haar God te verkondig nie. Haar vreugde en lof het uit haar hart oorgevloei en ander gelei om dieselfde te doen.

Soos Mirjam het jy 'n sitplek in die voorste gestoelte vir die groot werke wat God in jou lewe en die lewens van jou geliefdes doen. Wanneer ander oor God se karakter en sy krag getuig, doen mee! Wanneer ander goeie leiding bied en God met hul gawes eer, gebruik die gawes wat God jou gegee het om dieselfde te doen. Wees 'n voorbeeld van 'n lewe van voortdurende lof aan ons grote God, deur Hom nie net te loof vir wat Hy gedoen het nie, maar ook vir wat Hy sal doen en, belangrikste, vir wie Hy is.

## LEES

*Week 5 • Dinsdag*

*Genesis 29:31-35*

Toe die Here sien dat Jakob nie vir Lea liefhet nie, het die Here vir haar kinders
gegee, terwyl Ragab kinderloos gebly het. 32 Lea het swanger geword en ’n seun
in die wêreld gebring en hom Ruben genoem, “want,” het sy gesê, “die Here
het my smart raakgesien. Nou sal my man my liefhê.” 33 Lea het weer swanger
geword en ’n seun in die wêreld gebring en sy het gesê: “Die Here het gehoor
dat ek nie liefde ontvang nie. Daarom het Hy my hierdie seun gegee.” Sy het
hom Simeon genoem. 34 Sy het weer swanger geword en ’n seun in die wêreld
gebring. Toe sê sy: “Na hierdie keer sal my man aan my gebind wees, want ek
het nou al drie seuns vir hom in die wêreld gebring.” Daarom het sy die seun
Levi genoem. 35 Sy het nog ’n keer swanger geword en ’n seun in die wêreld
gebring. Sy het gesê: “Hierdie keer prys ek die Here.” Daarom het sy die seun
Juda genoem. Daarna het sy vir eers nie weer kinders gehad nie.

*Genesis 30:9-21*

9 Toe Lea besef sy bring nie meer kinders in die wêreld nie, het sy haar slavin
Silpa gevat en vir Jakob gegee as vrou. 10 Sy het vir hom ’n seun in die wêreld
gebring, 11 en Lea het gesê: “Nou is ek gelukkig!” Sy het die seun Gad genoem.
12 Daarna het Lea se slavin Silpa ’n tweede seun vir Jakob in die wêreld gebring,
13 en Lea het gesê: “Hoe gelukkig is ek. Die vrouens sal my Die Gelukkige
noem!” Toe noem sy die seun Aser. 14 Op ’n keer het Ruben in die oestyd veld
toe gegaan en liefdesappels gepluk. Hy het dit vir sy ma Lea gebring. Ragel het
vir haar gesê: “Gee vir my van die liefdesappels wat jou seun gebring het.” 15 Toe
vra Lea vir haar: “Is jy nie daarmee tevrede dat jy my man gevat het nie? Wil jy
nou nog ook die liefdesappels vat wat my seun gebring het?” Daarop het Ragel
geantwoord: “In ruil daarvoor mag Jakob vannag by jou slaap.” 16 Toe Jakob die
aand van die veld af kom, gaan Lea hom tegemoet en sê vir hom: “Jy moet na my
toe kom, want om jou te kry, het ek die volle prys betaal met die liefdesappels
wat my seun gebring het.” Daardie nag het Jakob toe by haar geslaap. 17 God het
Lea se gebed verhoor, en sy het swanger geword en ’n vyfde seun vir Jakob in die
wêreld gebring. 18 Sy het gesê: “God het my ’n loon gegee omdat ek my slavin
aan my man gegee het.” Toe noem sy hom Issaskar. 19 Lea het weer swanger
geword en ’n sesde seun vir Jakob in die wêreld gebring. 20 Toe sê sy: “God het
hierdie keer ’n mooi geskenk aan my gegee. Nou sal my man by my bly, want ek
het ses seuns vir hom in die wêreld gebring.” Toe noem sy die seun Sebulon. 21
Daarna het sy ‘n dogter in die wêreld gebring en haar Dina genoem.

## SOAP

*Week 5 • Dinsdag*

SOAP / *Genesis 29:35*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION /** *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER /** *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Dinsdag*

### SOAP:

*Genesis 29:35*

*Sy het nog 'n keer swanger geword en 'n seun in die wêreld gebring. Sy het gesê: "Hierdie keer prys ek die Here." Daarom het sy die seun Juda genoem. Daarna het sy vir eers nie weer kinders gehad nie.*

### OORDENKING

Lea was ongeliefd en onbegeerd. Haar man, Jakob, is mislei om met haar te trou voordat hy met haar suster, Ragel, kon trou. Daar word beskryf dat Lea sagte oë het, terwyl Rachel, haar jonger suster, beskryf word as beeldskoon. Ragel se naam in Hebreeus beteken "ooilam" terwyl Lea s'n "koei" beteken. Ragel was Jakob se eerste keuse, terwyl Lea geensins sy keuse was nie. Later, toe Jakob sy broer Esau met 400 man op pad sien kom, het hy vir Lea en haar kinders agter hom geplaas en vir Ragel en haar kinders agter Lea. Ragel se sorg en beskerming was vir Jakob altyd belangriker as die sorg en beskerming van Lea.

Deur dit alles het God 'n plan en 'n doel met Lea se lewe gehad. Alhoewel Lea se man haar nie liefgehad het nie, was sy diep geliefd deur God. Lea sou sewe kinders hê, meer as enige ander vrou in hierdie verhaal. Sy sou die moeder word van Levi, wie se nageslag die priesterdom in Israel sou word, en die moeder van Juda, wie se nageslag die konings van Israel en Juda en die grootste Koning, Jesus, ingesluit het. Lea is die moeder van die helfte van die volk Israel, en is selfs saam met Abraham, Sara, Isak, Rebekka en Jakob begrawe. Tog het sy nooit ontvang wat haar hart die meeste begeer het nie: die liefde van Jakob.

Selfs in haar hartseer het Lea God geprys. Al was haar aardse verhoudings pynlik, het Lea voortgegaan om God te loof. Alhoewel Lea nooit die volheid van die belangrike rol wat sy in God se verhaal van verlossing gespeel het, sou sien nie, het sy aanhou veg vir liefde en geloof.

Ten spyte van Lea se onveranderlike en moeilike huwelik situasie, het sy haar kinders na God se karakter vernoem, nie na haar eie omstandighede nie. Wanneer ons God nie kan sien werk in ons lewens nie, of wanneer die een ding wat ons harte begeer, nooit gebeur nie, kan ons God steeds loof vir wie Hy is? Kan ons gefokus bly op sy goedheid en getroue liefde in plaas daarvan om gefokus te bly op ons omstandighede?

God het 'n plan en 'n doel met jou lewe. Jy is geliefd en begeerd. Jy word beskerm en voor geveg. Jou daaglikse dade van geloof, gehoorsaamheid en lof word gesien. Die begeertes van jou hart is bekend. Alhoewel jou gebede dalk nie beantwoord word soos jy hoop nie, kan jy vol vertroue wees dat God vir jou is en jou gebed sal beantwoord op 'n manier wat die beste vir jou is en Hom eer bring.

**L E E S**

*Week 5 • Woensdag*

*Rut 4*

Ondertussen het Boas na die stadspoort toe gegaan en daar gaan sit. Juis toe kom die losser van
wie Boas gepraat het, daar verby. Boas roep toe: “Kom sit hier, my vriend.” Nadat hy kom sit
het, het Boas 2 ook tien leiers van die stad gevra om daar te kom sit, en hulle het dit gedoen. 3
Boas sê toe vir die losser: “Naomi, die vrou wat uit Moab teruggekom het, bied die stuk grond
wat aan ons familielid Elimelek behoort het, te koop aan. 4 Ek het gedink ek behoort dit vir
jou te sê. Koop dit nou in die teenwoordigheid van almal wat hier sit en voor die leiers van
die volk; indien jy bereid is om as losser op te tree, doen dit dan, maar indien nie, sê dit vir
my dat ek dit weet, want ek is ná jou die volgende een wat die lossersreg moet uitoefen.” Hy
antwoord toe: “Ek is bereid om as losser op te tree.” 5 Daarop sê Boas: “Wanneer jy die stuk
grond van Naomi koop, kry jy terseldertyd vir Rut die Moabitiese weduwee sodat die grond in
die oorledene se familie bly.” 6 Die losser sê toe: “In daardie geval sal ek my reg om as losser
op te tree, laat vaar, want anders sou dit beteken dat my eie eiendom in die gevaar kom. Tree jy
nou maar as losser op, want ek sien nie meer daarvoor kans nie.” 7 In Israel was dit gebruiklik
by die lossingsprosedure of by die ruil van enige eiendom dat die een party ’n skoen uittrek
en aan die ander party gee. Dit was die manier waarop die bekragtiging van ’n transaksie in
Israel plaasgevind het. 8 Die losser sê toe vir Boas: “Jy kan dit maar koop,” en die losser het sy
skoen uitgetrek. 9 Hierop sê Boas vir die leiers en almal teenwoordig: “Julle is vandag getuies
dat ek alles wat aan Elimelek en Kiljon en Maglon behoort het, van Naomi gekoop het en dat
10 ek ook die Moabitiese vrou Rut, die weduwee van Maglon, vir my as vrou gekry het. So sal
die grond in die oorledene se familie bly en sy nagedagtenis nie vergeet word in die volkslewe
nie. Ja, julle is vandag getuies.” 11 Die leiers en almal wat in die stadspoort bymekaar was, het
toe bevestig: “Ons is getuies. Mag die Here die vrou wat nou in jou huis inkom, soos Ragel en
Lea maak wat saam gebou het aan die volk Israel. Verwerf aansien in Efrata en maak naam vir
jouself in Betlehem. 12 Mag die nageslag wat die Here jou uit hierdie jong vrou sal gee, wees
soos dié van Peres wat deur Tamar vir Juda in die wêreld gebring het.” 13 Boas het toe met
Rut getrou en hy het gemeenskap met haar gehad. Die Here het haar swanger laat word, en
Rut het ’n suentjie in die wêreld gebring. 14 Die vrouens sê toe vir Naomi: “Aan die Here kom
die lof toe omdat Hy vandag vir jou ’n losser gegee het. Mag die losser se naam bekend wees
in Israel, 15 en mag hy vir jou vreugde bring en jou in jou oudag versorg. Jou skoondogter
wat jou liefhet en wat vir jou meer werd is as sewe seuns, het hom in die wêreld gebring.” 16
Naomi het toe die seuntjie op haar skoot gevat en as haar eie aangeneem. 17 Haar buurvroue
het die seuntjie toe ’n naam gegee. Hulle het hom Obed genoem en gesê: “’n Seun is vir Naomi
gebore.” Obed was die voorvader van Dawid. 18 Hier is nou die geslagsregister van Peres: Peres
was die vader van Gesron, 19 Gesron van Ram, Ram van Amminadab, 20 Amminadab van
Nagson, Nagson van Salmon, 21 Salmon van Boas, Boas van Obed, 22 Obed van Isai, en Isai
was die vader van Dawid.

## SOAP

*Week 5 • Woensdag*

SOAP / *Rut 4:14–15*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Woensdag*

**SOAP:**

*Rut 4:14–15*

*Die vrouens sê toe vir Naomi: "Aan die Here kom die lof toe omdat Hy vandag vir jou 'n losser gegee het. Mag die losser se naam bekend wees in Israel, en mag hy vir jou vreugde bring en jou op jou oudag versorg. Jou skoondogter wat jou liefhet en wat vir jou meer werd is as sewe seuns, het hom in die wêreld gebring."*

**OORDENKING**

Omring jy jouself met mense wat jou aanmoedig, vir jou bid, jou seën en God loof vir die werk wat Hy in jou lewe doen? Van die begin af het God klem op gemeenskap geplaas. Die lewe is soveel ryker as ons die reis van die lewe saam met vriende loop, en ons geloof word verskerp wanneer ons tyd in verhouding met ander gelowiges deurbring.

Voordat hy met die man onderhandel het wat die eerste regte op Naomi se grond en Rut se hand in die huwelik sou hê, het Boas gemeenskapsleiers bymekaargemaak om as getuies van die transaksie te dien. Wanneer die gesprek deur ander waargeneem is, sou daar geen twyfel wees oor die uitkoms nie, geen terugdraai op 'n belofte nie. Op een of ander manier sou daar na Naomi en Rut omgesien word, en Boas het volgens sosiale gebruike opgetree om te verseker dat dit reg gedoen word.

Die leiers het Boas se toegewydheid gevier om as die losser vir sy gesin te dien en het hul gesin en hul toekoms geseën. En toe Rut 'n seun gehad het, het die gemeenskap van vroue in die dorp saam met Naomi feesgevier. Hulle het haar verhaal geken, wat haar toekoms as 'n weduwee sonder seuns kon gewees het, en hulle was verheug oor die wete dat daar steeds na haar omgesien sal word.

Toe ons Naomi die eerste keer ontmoet het, het sy alles verloor, en haar hart was bitter. Later het die dorpsvroue God geprys vir sy voorsiening en verlossing van Naomi se familie. Alhoewel Boas met Rut getrou het en die familielyn toegelaat het om voort te gaan, is Obed, Naomi se kleinseun, as die voog van haar familie beskou. Obed was die een deur wie die lyn sou voortduur, die een deur wie God die grootste koning van Israel (Dawid) en die ewige Koning van Israel (Jesus) sou bring. Die dorpsvroue het God geprys vir Naomi se kleinseun en vir haar skoondogter en gesê sy is beter as sewe seuns ('n Groot kompliment aan Rut aangesien seuns gewoonlik meer geag is as dogters). Dit was meer as waarvoor Naomi ooit kon vra of kon dink.

Wie is die vroue in jou gemeenskap wat jou verhaal kan waarneem en die werk van God in jou lewe kan raaksien? Wat kan jy God in die lewens van jou vriende sien doen? Hoe kan jy God se lof verkondig oor wat Hy in hulle lewens doen? Het jy 'n paar vriende wat jou verhaal so goed ken dat hulle dadelik sal herken wanneer God op 'n nuwe, onverwagte manier aan die werk is? Bly bedag op die werk van God rondom jou, en wees 'n vrou en vriend wat God heelhartig liefhet en Hom vrymoedig loof!

**L E E S**

*Week 5 • Donderdag*

*Rigters 4:1-5:9*

Na Ehud se dood het die Israeliete weer gedoen wat verkeerd is in die oë
van die Here. 2 Die Here het hulle oorgegee in die mag van koning Jabin
van Kanaän wat in Hasor geregeer het. Sisera uit Garoset-Gojim was
die hoof van Jabin se weermag. 3 Hy het nege honderd ysterstrydwaens
gehad en hy het die Israeliete twintig jaar lank verdruk. Daarom het
hulle tot die Here geroep om hulp. 4 In daardie tyd was Debora, die
vrou van Lappidot, die leier van die Israeliete. Sy was 'n profetes. 5 Sy
het altyd onder die Deborapalm in die Efraimsberge tussen Rama en
Bet-El gesit, en die Israeliete het daarheen gekom sodat sy hulle geskille
kon bylê. 6 Sy het vir Barak seun van Abinoam uit Kedes in Naftali laat
roep en vir hom gesê: "Die Here die God van Israel beveel jou: Trek met
tien duisend man uit Naftali en Sebulon op na Taborberg toe. 7 Ek sal
vir Sisera, die hoof van Jabin se leër, met sy strydwaens en sy leër na jou
toe laat optrek tot by Kisonspruit en Ek sal hulle in jou mag oorgee."
8 Barak het haar geantwoord: "As u saamgaan, sal ek optrek, maar as
u nie saamgaan nie, gaan ek nie." 9 Sy het vir hom gesê: "Goed, ek sal
saamgaan, maar jy sal nie die eer vir die veldtog kry nie: die Here sal vir
Sisera aan 'n vrou uitlewer." Toe het Debora klaargemaak en saam met
Barak na Kedes toe gegaan. 10 Barak het vir Sebulon en Naftali daarheen
ontbied. Tien duisend man het vir Barak gevolg, en Debora het saam
met hom opgetrek. 11 In daardie gebied was daar 'n man met die naam
Geber, 'n Keniet uit die nageslag van Moses se skoonpa Gobab. Geber
het weggetrek van die Keniete af en sy tent opgeslaan by die groot boom
in Saänannim naby Kedes. 12 Daar is aan Sisera vertel dat Barak seun
van Abinoam na Taborberg toe getrek het. 13 Sisera het toe sy nege
honderd strydwaens en al sy manskappe van Garoset-Gojim af laat kom
na Kisonspruit toe. 14 Toe sê Debora vir Barak: "Trek op, want vandag
gee die Here vir Sisera in jou mag oor. Die Here gaan voor jou uit." Barak
het toe van Taborberg af gegaan, en die tien duisend man het hom gevolg.
15 Die Here het Sisera en sy strydwabemanning en sy hele leër baie bang
laat word vir Barak en sy mag, en Sisera het van sy strydwa af afgespring
en te voet gevlug. 16 Barak het die strydwaens en die leër agternagesit
tot by Garoset-Gojim, en die hele leër van Sisera is afgemaai: daar het
nie een van hulle oorgebly nie. 17 Sisera het te voet gevlug na die tent
van Jael, die Keniet Geber se vrou, want koning Jabin van Hasor en die
familie van Geber die Keniet het op goeie voet verkeer. 18 Jael het vir
Sisera tegemoet gegaan en vir hom gesê: "Kom hierheen, Meneer! Kom
na my toe, moenie bang wees nie!" Toe gaan hy na haar toe in die tent en
sy het hom agter 'n gordyn weggesteek. 19 Hy sê toe vir haar: "Ek is dors,

gee my 'n bietjie water om te drink." Sy het die melksak oopgemaak en
hom melk laat drink. Toe het sy hom weer toegemaak. 20 Hy het vir haar
gesê: "Staan by die tentdeur, en as daar iemand kom wat vir jou vra: 'Is
hier dalk iemand by jou?' moet jy vir hom sê: Nee!" 21 Jael die vrou van
Geber het toe 'n tentpen gevat en met 'n hamer in haar hand is sy suutjies
na Sisera toe. Hy was moeg en het vas geslaap. Toe slaan sy die tentpen
deur die slaap van sy kop, sodat sy hom in die grond vasslaan, en so is hy
dood. 22 Barak was besig om vir Sisera te agtervolg, en Jael het na Barak
toe gegaan. Toe sê sy vir hom: "Kom hier! Ek sal vir jou die man wys
wat jy soek." Toe Barak by haar kom, lê Sisera daar dood met 'n tentpen
deur sy slaap. 23 Daardie dag het God vir koning Jabin van Kanaän voor
die Israeliete verneder 24 en hulle het al hoe meer die oorhand oor hom
gekry totdat hulle hom vernietig het. 1 Daardie dag het Debora en Barak
seun van Abinoam gesing: 2 "Julle moet die Here prys, want leiers het
opgetree in Israel, die volk het hulle aangemeld vir die oorlog. 3 Luister,
konings, gee aandag, regeerders! Ek sing tot die Here die God van Israel
met my lied: 4 Toe U uit Seïr gekom het, Here, toe U uit die veld van
Edom opgetrek het, het die aarde gebewe, het die hemel reën gegee: die
wolke het strome water gegee. 5 Die berge het weggesmelt voor die Here,
voor Hom uit Sinai, voor die Here die God van Israel. 6 "In die dae van
Samgar seun van Anat, in die dae van Jael was die hoofpaaie stil, reisigers
het ompaaie gebruik. 7 Die lewe buite die stede het in Israel gekwyn
en agteruitgegaan totdat ek, Debora, na vore gekom het. 8 Toe die volk
nuwe gode vir hulle gekies het, het daar oorlog gekom, maar nie een uit
Israel se duisende soldate het die wapen opgeneem nie. 9 "Ek staan by
die leiers van Israel, by dié wat hulle vrywillig aangemeld het. Julle moet
die Here prys,

## SOAP

*Week 5 • Donderdag*

**SOAP** / *Rigters 5:3, 9*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Donderdag*

**SOAP:**

*Rigters 5:3, 9*

*Luister, konings, gee aandag, regeerders! Ek sing tot eer van die Here, ek prys die Here die God van Israel met my lied Ek staan by die leiers van Israel,by dié wat hulle vrywillig aangemeld het. Julle moet die Here prys!*

**OORDENKING**

Debora was ‘n gerespekteerde leier, regter en profetes in Israel wat duidelik verstaan het wat God aan die gang gesit het. ’n Vyand het teen Israel opgestaan, en Debora het geweet wat gedoen moes word om die geveg te wen.

Sonder om te huiwer het Debora vir Barak opdrag gegee om ‘n leër te neem en teen die vyand te gaan veg. God sou seker maak dat Sisera, die generaal van die vyand se leër, en sy manne op die regte plek, op die regte tyd sou wees, en God sou Barak die oorwinning gee. Sisera se leër was egter magtig, en Barak wou nie in die geveg ingaan tensy Debora, God se aangewese leier van Israel op daardie stadium, saam met hom gegaan het nie.

Die oorwinning in die stryd sou altyd God s’n wees, maar die eer wat sy mense verdien het, was afhanklik van hul geloof. Barak sou nie die onderskeiding verdien om die man te wees wat Sisera verslaan het nie. Daardie eer sou nou aan ‘n vrou met die naam Jael behoort, ‘n vrou wie se man van God se volk af weggetrek het. ’n Vrou wat, met krag van liggaam en karakter, die gereedskap wat sy byderhand gehad het, sou gebruik om saam met Israel te staan en haar deel doen om God se plan te vervul.

Nadat die geveg gewen is, het Debora en Barak ‘n lied aan God gebring ter lofprysing vir sy oorwinning. God het hulle gelei en van hulle vyande gered. Hy alleen het die stryd gewen, en Hy het groot lof van sy volk ontvang.

Wanneer ons oorwinning of sukses ervaar, aan wie gee ons die eer en lof? Sien ons onsself as die hoofkarakter in die verhaal, die held wat seëvier? Debora het gedien, geoordeel en gelei soos die Here beveel het. En toe die oorwinning behaal is, het sy God alleen geprys vir die oorwinning wat Hy aan sy volk gegee het. Hy alleen het die eer ontvang.

Niks – nie ons rolle, ons omstandighede, ons huiwering of ons vermoë – sal in God se pad staan in die stryd nie. Wanneer daardie dag van oorwinning aanbreek, kan ons God heelhartig liefhê deur Hom te loof vir alles wat Hy gedoen het en Hom al die eer te gee.

## LEES

*Week 5 • Vrydag*

*Lukas 10:38-42*

Op hulle reis het Jesus in 'n dorp gekom waar 'n vrou, Marta, Hom as gas ontvang
het. 39 Sy het 'n suster gehad, Maria, wat aan die voete van die Here gaan sit en na sy
woorde geluister het. 40 Maar Marta was baie bedrywig om alles klaar te maak. Sy kom
toe daar staan en sê: "Here, hinder dit U nie dat my suster my alleen laat bedien nie? Sê
sy moet my kom help!" 41 Maar die Here antwoord haar: "Marta, Marta, jy is besorg
en bekommerd oor baie dinge, 42 maar net een ding is nodig. Maria het die beste deel
gekies, en dit sal nie van haar weggeneem word nie."

*Johannes 11:1-44*

'n Man met die naam Lasarus was siek. Hy was van Betanië, die dorp waar Maria en
haar suster Marta gewoon het. 2 Maria was die vrou wat met reukolie die Here gesalf
en sy voete met haar hare afgedroog het. Dit was haar broer Lasarus wat siek was. 3 Die
susters het iemand na Jesus toe gestuur om te sê: "Here, hy vir wie U lief is, is siek." 4
Toe Jesus dit hoor, het Hy gesê: "Hierdie siekte sal nie op die dood uitloop nie, maar op
die openbaring van die wonderbaarlike mag van God, sodat die Seun van God daardeur
verheerlik kan word." 5 Jesus het vir Marta en haar suster en Lasarus liefgehad. 6 Nadat
Hy gehoor het dat Lasarus siek is, het Hy egter nog twee dae op die plek gebly waar Hy
was. 7 Eers daarna het Hy vir sy dissipels gesê: "Kom ons gaan terug na Judea toe." 8
Die dissipels sê toe vir Hom: "Rabbi, nou die dag nog wou die Jode U stenig, en gaan
U weer daarheen?" 9 Jesus het geantwoord: "Is daar nie twaalf uur in 'n dag nie? As
iemand in die dag loop, struikel hy nie, omdat hy die lig van hierdie wêreld sien. 10
Maar as iemand in die nag loop, struikel hy, omdat hy nie die lig het nie." 11 Hierna het
Hy vir hulle gesê: "Ons vriend Lasarus slaap, maar Ek gaan om Hom wakker te maak."
12 Die dissipels sê toe vir Hom: "Here, as hy slaap, sal hy gesond word." 13 Jesus het
van Lasarus se dood gepraat, maar hulle het gedink Hy praat van die gewone slaap. 14
Toe sê Jesus vir hulle reguit: "Lasarus is dood, 15 en om julle ontwil is Ek bly dat Ek
nie daar was nie sodat julle in My kan glo. Maar kom ons gaan na hom toe." 16 Tomas,
wat ook Didimus genoem is, sê toe vir die ander dissipels: "Kom ons gaan ook, sodat
ons saam met Hom kan sterwe." 17 Toe Jesus daar kom, het Hy gevind dat Lasarus al
vier dae in die graf was. 18 Betanië was naby Jerusalem, omtrent drie kilometer; 19 en
baie van die Jode het na Marta en Maria toe gekom om hulle oor hulle broer te troos.
20 Toe Marta hoor dat Jesus kom, het sy Hom tegemoet gegaan; maar Maria het in die
huis bly sit. 21 Marta sê toe vir Jesus: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe
het nie. 22 Maar selfs nou weet ek dat God U alles sal gee wat U van Hom vra." 23
Jesus sê toe vir haar: "Jou broer sal uit die dood opstaan." 24 Maar Marta sê vir Hom:
"Ek weet hy sal met die opstanding op die laaste dag uit die dood opstaan." 25 Toe sê
Jesus vir haar: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy
ook; 26 en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy
dit?" 27 "Ja, Here," sê sy vir Hom, "ek glo vas dat U die Christus is, die Seun van God,
die Een wat na die wêreld toe moes kom." 28 Nadat sy dit gesê het, het sy haar suster
Maria gaan roep en saggies vir haar gesê: "Ons Leermeester is hier, en Hy roep jou."
29 Toe sy dit hoor, het sy gou opgestaan en na Hom toe gegaan. 30 Jesus het nog nie

in die dorp aangekom nie, maar was nog op die plek waar Marta Hom ontmoet het. 31 Toe die Jode wat by Maria in die huis was en haar vertroos het, sien dat sy vinnig opstaan en uitgaan, het hulle agter haar aangegaan omdat hulle gedink het sy gaan na die graf toe om daar te huil. 32 Toe Maria daar aankom waar Jesus was en Hom sien, het sy by sy voete gekniel en vir Hom gesê: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie." 33 Toe Jesus sien dat Maria huil en dat die Jode wat saam met haar gekom het, ook huil, het sy gemoed vol geskiet en wat Hy aangedaan. 34 Hy vra toe: "Waar het julle hom begrawe?" Hulle het vir Hom gesê: "Here, kom kyk." 35 Jesus het gehuil. 36 Die Jode sê toe: "Kyk hoe lief het hy hom gehad!" 37 Party van hulle het ook gesê: "Kon hy wat die oë van die blinde man genees het, nie ook gemaak het dat hierdie man nie sterwe nie?" 38 Jesus se gemoed het weer vol geskiet toe Hy by die graf kom. Dit was 'n rotsgraf, en daar was 'n klip voor die ingang gerol. 39 Jesus sê toe: "Rol die klip weg." Maar Marta, die suster van die oorledene, sê vir Hom: "Here, hy ruik al, want dit is al die vierde dag." 40 Jesus sê toe vir haar: "Het Ek nie vir jou gesê as jy glo, sal jy die openbaring van die wonderbaarlike mag van God sien nie?" 41 Hulle het toe die klip weggerol. Jesus het opgekyk boontoe en gesê: "Vader, Ek dank U dat U My verhoor het. 42 Ek weet dat U my altyd verhoor, maar Ek sê dit ter wille van die mense wat hier rondom staan, sodat hulle kan glo dat U My gestuur het." 43 Nadat Hy dit gesê het, roep Hy met 'n harde stem: "Lasarus, kom uit!" 44 Die oorledene het uitgekom. Sy hande en sy voete was nog toegedraai met grafdoeke en sy gesig toegebind met 'n kopdoek. Jesus sê toe vir die mense: "Maak hom los dat hy kan huis toe gaan."

### *Johannes 12:1-11*

Ses dae voor die paasfees het Jesus na Betanië toe gekom, waar Lasarus wat Hy uit die dood opgewek het, gewoon het. 2 Daar het hulle vir Jesus 'n ete gegee. Marta het bedien, en Lasarus was een van dié wat saam met Hom aan tafel was. 3 Toe het Maria 'n halfliter egte, baie duur nardusolie gebring en dit op Jesus se voete uitgegiet en sy voete met haar hare afgedroog. Die hele huis is deurtrek met die geur van die reukolie. 4 Judas Iskariot, een van sy dissipels, die een wat Hom sou verraai, sê toe: 5 "Waarom is hierdie reukolie nie vir drie honderd silwermunstukke verkoop en die geld vir die armes gegee nie?" 6 Dit het hy gesê, nie omdat hy hom oor die armes bekommer het nie, maar omdat hy 'n dief was. Hy het die beursie gehad en het van die bydraes gevat. 7 Toe sê Jesus: "Laat staan haar. Sy moes dit hou vir hierdie dag om My te salf vir my begrafnis. 8 Die armes het julle tog altyd by julle, maar vir My het julle nie altyd nie." 9 Baie van die Jode het verneem dat Jesus daar is en het daarheen gekom, nie ter wille van Jesus nie, maar ook om vir Lasarus te sien wat Hy uit die dood opgewek het. 10 Die priesterhoofde het toe besluit om ook vir Lasarus dood te maak, 11 omdat baie van die Jode deur hom na Jesus toe oorgeloop en in Hom geglo het.

## SOAP

*Week 5 • Vrydag*

SOAP / *Johannes 12:3*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Vrydag*

**SOAP:**

*Johannes 12:3*

*Toe het Maria 'n halfliter egte, baie duur nardusolie gebring en dit op Jesus se voete uitgegiet en sy voete met haar hare afgedroog. Die hele huis is deurtrek met die geur van die reukolie.*

**OORDENKING**

Terwyl Marta die fisiese werk gedoen het om Jesus in hulle huis te verwelkom, het Maria gesit en stil na sy onderrig geluister. Toe Jesus gekom het nadat hulle broer Lasarus gesterf het, het Marta haar gehaas om Hom te ontmoet, selfs nog voordat Hy by die dorp aangekom het. Maria het eers in die huis gebly, maar het Hom later op dieselfde plek gaan ontmoet, gereageer op sy roepstem en voor sy voete gekniel. Toe Jesus tydens ete omring was deur mans wat groot wonderwerke aanskou het – insluitende Lasarus – het Maria haar weer aan die voete van Jesus bevind.

Wanneer dit by ons geloof kom, is die mees geskikte gesindheid vir ons een van nederigheid en onderdanigheid aan Jesus in alle omstandighede. Wanneer ons by Hom wil leer en Hom liefhet, sit ons aan sy voete. Wanneer ons in ons diepste hartseer Jesus se naam wil aannroep, val ons voor sy voete neer en wanneer ons Jesus met ons allerbeste wil eer, buig ons laag en lê ons offers voor sy voete neer.

Soos die weduwee wat die twee klein munte gegee het en vir haar vrygewigheid geprys is, het Maria Jesus gesalf met 'n buitensporige offerande. Toe Johannes geskryf het dat die hele huis gevul was met die geur, het vroeë lesers dalk daardie gedeelte verbind met 'n bekende gesegde uit die Ou Testament wat beskryf hoe offers wat aan God gemaak is, vir Hom 'n "aangename geur" was (Levitikus 1:9; 2:2; 3:5). Die soet geur het die kamer gevul en almal wat teenwoordig was, bewus gemaak van die daad van aanbidding en toewyding wat Maria aan haar Here gegee het. Die verhaal van haar offerande sou meegedeel word waar ookal die verhaal van Jesus vertel is.

Maria was 'n vrou wat volkome aan Jesus oorgegee was. Sy was absoluut oortuig in haar benadering, het getrou gebly aan wie God haar geskep het om te wees en het toegelaat dat haar liefde en geloof haar lewe definieer, en nie haar reputasie of prestasies nie.

Is jy 'n vrou wat aan die voete van Jesus sit? Waar het jy prestasies nagejaag wanneer God jou teenwoordigheid vra? Is daar 'n area van jou lewe wat jy van Jesus af teruggehou het? Hy nooi jou uit om jou heel beste by sy voete uit te stort! Mag ons soos Maria vroue word wat aan die voete van Jesus leef en nederig voor Hom is in alle omstandighede en alle seisoene.

## OORDENKING

*Week 5*

1. *Mirjam het die Israelitiese vroue met sang gelei en God geprys vir die wonderwerk wat Hy in Eksodus 15 gedoen het. Wat kan ons uit haar voorbeeld leer? Hoekom is dit belangrik om God te loof?*

   ........................................................................................................................

   ........................................................................................................................

   ........................................................................................................................

2. *Alhoewel Lea gevoel het dat haar man haar nie liefhet nie, sien ons hoe sy God prys omdat Hy haar met haar kinders geseën het. Wat leer hierdie verhaal ons oor Lea en haar verhouding met God?*

   ........................................................................................................................

   ........................................................................................................................

   ........................................................................................................................

3. *Die vroue van die stad het God se hand in Naomi en Rut se lewens herken. Hoe kan ons lewens ander aanspoor om God te loof? Wat het veroorsaak dat hierdie vroue God loof?*

   ........................................................................................................................

   ........................................................................................................................

   ........................................................................................................................

4. *Debora het God geprys te midde van 'n geveg. Waarom is dit vir ons belangrik om dit ook te doen? Waarom is dit belangrik om te onthou hoe God namens ons geveg het? Wat kan ons uit Debora se voorbeeld leer?*

   ........................................................................................................................

   ........................................................................................................................

   ........................................................................................................................

5. *Baie mense loof God met hulle woorde, maar Maria van Betanië het God geprys deur haar dade. Hoekom dink jy het haar optrede harder 'gepraat' as enige woorde wat sy kon gesê het?*

   ........................................................................................................................

   ........................................................................................................................

   ........................................................................................................................

*Geslag na geslag*
*prys wat U doen*
*en vertel van u*
*magtige dade,*

*Psalm 145:4*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Ons moet ons geloof aan ons kinders en die volgende generasie oordra en 'n goddelike nalatenskap nalaat vir diegene wat na ons kom. Wie in jou lewe het haar geloof goed uitgeleef en jou geïnspireer om dieselfde te doen? Maak seker jy deel hierdie week die verskil wat sy in jou lewe gemaak het. Na wie kan jy doelbewus uitreik en in belê? Daar is baie maniere om 'n goddelike nalatenskap na te laat, maar hulle almal begin dieselfde: om te kies om die eerste stap te neem.*

## LEES

*Week 6 • Maandag*

*Eksodus 1:1-21*

Hier volg die name van die Israeliete wat saam met Jakob na Egipte toe gekom
het, elkeen met sy gesin: 2 Ruben, Simeon, Levi en Juda; 3 Issaskar, Sebulon en
Benjamon; 4 Dan, Naftali, Gad en Aser. 5 Jakob het sewentig afstammelinge
gehad. Josef was toe al in Egipte. 6 Met verloop van tyd het hy en al sy broers,
daardie hele geslag, gesterwe. 7 Die Israeliete was vrugbaar en het vermeeder.
Hulle het baie geword, so baie dat die land vol was van hulle. 8 Toe 'n nuwe
koning wat nie van Josef geweet het nie, oor Egipte begin heers, 9 het hy vir sy
volk gesê: "Besef julle dat die Israeliete nou meer en sterker is as ons? 10 Kom
ons bedink 'n plan teen hulle sodat hulle nie kan vermeerder nie. Anders kan dit
gebeur dat as daar oorlog uitbreek, hulle dalk by ons vyand aansluit om teen ons
te veg en ons land te oorweldig." 11 Daar is toe slawedrywers oor hulle aangestel
om hulle met dwangarbeid te onderdruk. Hulle moes die voorraadstede Pirom
en Rameses vir die farao bou. 12 Maar hoe meer die Israeliete onderdruk is,
hoe meer het hulle geword en hoe meer het hulle oor die land versprei, in so 'n
mate dat die Egiptenaars baie bang geword het vir hulle. 13 Die Egiptenaars het
slawe gemaak van die Israeliete 14 en die lewe vir hulle bitter gemaak deur swaar
werk met klei en bakstene en deur allerhande werk in die lande. Hulle moes
onder dwang al die slawewerk vir Egipte doen. 15 Die Egiptiese koning het vir
die Hebreeuse vroedvroue Sifra en Pua gesê: 16 "As julle 'n Hebreeuse vrou by
geboorte bystaan en julle sien by die kraambed dat dit 'n seun is, moet julle hom
doodmaak, maar as dit 'n dogter is, mag sy bly lewe." 17 Maar die vroedvroue het
God gedien en nie gemaak soos die Egiptiese koning hulle beveel het nie: hulle
het die seuntjies laat lewe. 18 Die Egiptiese koning het die vroedvroue ontbied
en vir hulle gevra: "Waarom doen julle dit? Waarom laat julle die seuntjies lewe?"
19 Toe antwoord die vroedvroue die farao: "Die Hebreeuse vrouens is nie soos
dié van Egipte nie, hulle is sterk van gestel: voordat die vroedvrou by hulle kom,
is die kind al gebore." 20 As gevolg hiervan het die volk aanhou vermeeder en
baie talryk geword. God het toe die vroedvroue self ook voorspoedig gemaak. 21
Omdat hulle Hom gedien het, het Hy vir hulle huisgesinne gegee.

## SOAP

*Week 6 • Maandag*

**SOAP /** *Eksodus 1:17, 21*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Maandag*

**SOAP:**

*Eksodus 1:17, 21*

*Maar die vroedvroue het God gedien en nie gemaak soos die Egiptiese koning hulle beveel het nie:hulle het die seuntjies laat lewe. Omdat hulle Hom gedien het, het Hy vir hulle huisgesinne gegee.*

**OORDENKING**

Sifra en Pua was Hebreeuse vroedvroue tydens die ballingskap van Israel in Egipte. Die Farao is bedreig deur die groeiende Hebreeuse bevolking en toe moeiliker werksomstandighede en verhoogde eise die mense net versterk het, het hy 'n baie erger benadering geneem. Hy het vir Sifra en Pua opdrag gegee om al die babaseuntjies dood te maak net nadat die Hebreeuse vroue aan hulle geboorte gegee het.

Hierdie merkwaardige vroedvroue het die Here meer gevrees as wat hulle die Farao gevrees het. Hulle het die seuns laat lewe en aan Farao verduidelik dat die Hebreeuse vroue sterker as Egiptiese vroue was en hul babas gehad het voordat die vroedvroue aangekom het.

Sifra en Pua het nie geweet dat een van die seuns wat in daardie tyd gebore is die einste man sou wees wat God sou gebruik om sy volk te bevry nie. Hulle het nie geweet die redding van hul mense sou kom deur een van die seuns wat hulle gered het nie. Trouens, om teen Farao te gaan kon tot ernstige gevolge gelei het. Hierdie vroue het egter met integriteit, lojaliteit en liefde vir die Here opgetree. Hulle het gedoen wat reg was, want dit was die regte ding om te doen.

Omdat Sifra en Pua die besluit geneem het om die Hebreeuse seuns te laat lewe, is Moses gebore. Moses is deur sy ma weggesteek, deur die prinses gevind, in die paleis grootgemaak, 'n vlugteling gemaak en toe deur God geroep om sy volk te bevry. Deur hierdie man het God die Israeliete uit ballingskap gelei na die land wat God belowe het om aan hulle te gee.

God het Sifra en Pua geseën, hulle begunstig en aan hulle elkeen 'n huisgesin van hule eie gegee omdat hulle Hom gevrees en aan Hom gehoorsaam was. Hulle het geen idee gehad dat hul dade van gehoorsaamheid 'n beduidende rol sou speel in God se plan om sy volk te red, te bevry en te verlos nie.

Wanneer ons volkome oorgegee aan die Here leef, laat ons 'n erfenis van geloof na wat 'n geslagte beïnvloed. Die besluite wat ons elke dag neem, die klein dade van gehoorsaamheid, die groot stappe van geloof en alles tussenin, wanneer dit tot eer van God gedoen word, sal sy Koninkryk beïnvloed op manière wat ons nooit kan verwag of ons kan indink nie. Mag ons vroue wees wat getrou is in ons alledaagse besluite en God vertrou met watter uitkoms Hy ookal beplan het.

## LEES

*Week 6 • Dinsdag*

*Handelinge 16:11-15*

Ons het van Troas af weggevaar en reguit koers gehou na Samotrake en
die volgende dag na Neapolis toe. 12 Daarvandaan is ons na Filippi toe, 'n
belangrike stad in daardie deel van Masedonië en ook 'n Romeinse kolonie.
In hierdie stad het ons 'n paar dae gebly. 13 Op die sabbatdag is ons na die
rivier toe buitekant die stadspoort, omdat ons gedink het daar sou 'n Joodse
bidplek wees. Ons het gaan sit en met die vroue gepraat wat daar bymekaar
was. 14 Een van dié wat geluister het, was 'n vrou met die naam Lidia, wat die
Joodse geloof aangeneem het. Sy het handel gedrywe met pers wolmateriaal en
was van Tiatira afkomstig. Die Here het haar vir Paulus se woorde ontvanklik
gemaak. 15 Sy en haar huisgesin is toe gedoop. Daarna het sy ons uitgenooi
en gesê: "Aangesien julle daarvan oortuig is dat ek in die Here glo, kom gaan
by my tuis." En sy het ons oorreed om dit te doen.

*Handelinge 16:40*

Nadat hulle uit die tronk gekom het, is hulle na Lidia se huis toe, waar hulle die gelowiges gesien en bemoedig het. Daarna het Paulus-hulle vertrek.

**SOAP**

*Week 6 • Dinsdag*

SOAP / *Handelinge 16:15*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Handelinge 16:15*

*Sy en haar huisgesin is toe gedoop. Daarna het sy ons uitgenooi en gesê: "Aangesien julle daarvan oortuig is dat ek in die Here glo, kom gaan by my tuis."*

**OORDENKING**

Toe Paulus, Silas en Timoteus in Filippi was, het hulle uitegegaan om Jode te vind wat saam bid sodat hulle hulle van Jesus kon vertel Die feit dat hulle by die stadspoorte moes uitgaan om 'n groep te vind wat op die Sabbat bymekaargekom het, wys dat daar nie genoeg Joodse manne in die stad was om 'n sinagoge te hê nie – wat merkwaardig is aangesien slegs tien mans nodig was.

Paulus en sy metgeselle het hulle by die rivier bevind. Hulle het met die vroue gepraat wat daar bymekaar was, een van hulle se naam was Lidia. Lidia was 'n handelaar in pers wolmateriaal, wat beteken dat sy 'n sakevrou en 'n suksesvolle een was. Die materiaal wat sy verkoop het was duur; net die rykes kon dit bekostig. Sy het Paulus, Silas en Timoteus na haar huis genooi, 'n aanduiding dat sy 'n vermoënde vrou was met ekstra spasie vir besoekers.

Lidia het nie geweet wie sy daardie dag by die rivier sou ontmoet nie. Sy was 'n Godvresende nie-Jood, maar sy het nie 'n verhouding met God gehad nie. God het haar aan die rand van die rivier ontmoet. Hy het haar hart oopgemaak sodat sy sou glo dat wat Paulus, Silas en Timoteus gedeel het waar was. Toe Lidia die Here vertou het, het haar besluite 'n rimpeleffek gehad.

Sy is onmiddelik gedoop saam met haar huishouding, waarskynlik dienaars en kinders. Alhoewel die aantal mense wat wat gedoop is nie aangeteken is nie, kan ons sien dat Lidia se invloed die lewens van diegene in haar kring verander het.

Lidia se nalatingskap is kragtig. Sy word beskou as die eerste Christen-bekeerling in Europa en dit is waarskynlik dat sy die eerste huiskerk in Filippi in haar huis aangebied het. Toe Paulus en Silas uit die tronk vrygelaat is, het hulle by Lidia se huis gestop voordat hulle die stad verlaat het om die gelowiges in Filippi te bemoedig.

Toe Lidia daardie dag by die rivier aangekom het, het sy nie geweet dat sy 'n besluit gaan neem wat haar lewe sou verander nie. Met 'n oop hart en oop gemoed, het God Lidia ontmoet net waar sy was – en sy kerk het as gevolg daarvan gegroei. Dit maak nie saak wat die grootte van jou invloed is nie, jy kan 'n impakvolle nalatenskap nalaat. Wanneer ons getrou is met die hulpbronne wat God ons gegee het en getrou is om ander van Hom te vertel, is daar geen beperking op wat Hy deur ons kan doen nie.

## LEES

*Week 6 • Woensdag*

*Johannes 20:1-18*

Die Sondagmôre vroeg, toe dit nog donker was, kom Maria Magdalena by die graf en sien dat die klip van die graf af weggerol is. 2 Sy hardloop toe en gaan na Simon Petrus en na die ander dissipel toe vir wie Jesus baie lief was, en sê vir hulle: "Hulle het die Here uit die graf weggevat, en ons weet nie waar hulle Hom nou begrawe het nie." 3 Petrus en die ander dissipel het toe uitgekom en na die graf toe gegaan. 4 Die twee het saam begin hardloop, maar die ander dissipel het vinniger as Petrus gehardloop en eerste by die graf gekom. 5 Toe hy vooroor buk, sien hy die doeke lê, maar hy het nie ingegaan nie. 6 Ná hom het Simon Petrus ook daar aangekom, en hy het in die graf ingegaan. Hy sien toe die doeke daar lê, 7 ook die doek wat om Jesus se kop was. Dié doek het nie by die ander doeke gelê nie, maar was eenkant afsonderlik opgerol. 8 Daarna het die ander dissipel, wat eerste by die graf gekom het, ook ingegaan, en hy het dit ook gesien en geglo. 9 Hulle het nog nie die Skrif verstaan dat Jesus uit die dood moet opstaan nie. 10 Daarna het die dissipels weer huis toe gegaan. 11 Maar Maria het buite by die graf bly staan en huil. Terwyl sy huil, het sy vooroor gebuk om in die graf in te kyk. 12 Toe sien sy twee engele met wit klere aan daar sit waar die liggaam van Jesus gelê het, een waar die kop en een waar die voete was. 13 Hulle vra toe vir haar: "Mevrou, waarom huil jy?" Sy antwoord hulle: "Omdat hulle my Here weggevat het en ek nie weet waar hulle Hom nou begrawe het nie." 14 Nadat sy dit gesê het, het sy omgedraai en vir Jesus daar sien staan, maar sy het nie geweet dat dit Hy is nie. 15 Jesus vra haar toe: "Mevrou, waarom huil jy? Vir wie soek jy?" Sy het gedink dit is die tuinopsigter, en sy het vir hom gesê: "Meneer, as u Hom weggevat het, sê vir my waar u Hom begrawe het, en ek sal Hom daar gaan haal." 16 Jesus het vir haar gesê: "Maria!" Sy draai na Hom toe en sê in Hebreeus vir Hom: "Rabboenie!" Dit beteken leermeester. 17 Jesus sê toe vir haar: "Moet My nie vashou nie, want Ek het nog nie na die Vader toe opgevaar nie. Maar gaan na my broers toe en sê vir hulle: 'Ek vaar op na my Vader toe, wat ook julle Vader is, na my God, wat ook julle God is.'" 18 Maria Magdalena het toe vir hulle dissipels gaan sê: "Ek het die Here gesien!" En sy het ook vertel wat Hy vir haar gesê het.

## SOAP

*Week 6 • Woensdag*

SOAP / *Johannes 20:18*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Woensdag*

**SOAP:**

*Johannes 20:18*

*Maria Magdalena het toe vir die dissipels gaan sê: "Ek het die Here gesien!" En sy het ook vertel wat Hy vir haar gesê het.*

**OORDENKING**

Maria Magdalena was een van die vroue wat by Jesus se kruisiging teenwoordig was. Hierdie Maria kom al in vier Evangelies voor en haar eerste opgetekende ontmoeting van Jesus vind plaas toe Hy en die dissipels deur dorpe en klein nedersettings gereis het en die Goeie Nuus van die Koningkryk van God verkondig het. Toe Maria Jesus ontmoet het, is Maria van sewe bose geeste genees (Lukas 8:2). Na hierdie ontmoeting was Maria deel van 'n groep vroue wat hul hulpbronne gebruik het om Jesus en sy bediening te ondersteun.

Maria was lief vir Jesus, maar in haar grootste hartseer moes sy veg vir haar geloof. Sy het gesien hoe haar Here geslaan, gekruisig en begrawe is. Sy en verskeie ander vroue het by Jesus gebly toe selfs die dissipels weggegaan het. Hulle het sy dood aanskou en gekyk hoe sy liggaam voorberei en in 'n graf neergelê is.

As gevolg van Maria se toewyding aan Jesus, was sy in die perfekte posisie om onder die eerstes te wees wat ontdek het dat Hy nie meer in die graf was nie. Die dood kon Hom nie vashou nie! Nadat Maria vir Petrus en Johannes na die leë graf gebring het, het sy daar gebly nadat die twee dissipels na hul huise teruggekeer het. Dit was toe dat Jesus aan haar verskyn en haar by die naam geroep het. Hy het haar aangesê om vir die ander te gaan vertel. Maria was die eerste getuie van die opgestane Verlosser, die eerste wat die volheid van die evangelieverhaal aanskou het.

Maria het tyd saam met Jesus deurgebring terwyl Hy gereis, bedien en wonderwerke verrig het. Sy het sy dood betreur. Toe Jesus ná sy opstanding in die tuin met haar gepraat het, het sy sy stem geken. Sy het by sy voete gesit en luister hoe Hy onderrig. Vir Maria was Jesus nie ene of ander beroemde persoon waarvan sy gehoor het, maar wie sy nog nooit ontmoet het nie. Jesus was haar Here, die een wat haar lewe wonderbaarlik verander het. Hy was haar herder, en sy, as sy skaap, het sy stem geken (Johannes 10:27). Toe Hy haar naam noem, het sy Hom herken. Sy het uitgegaan en die opgestane Verlosser verkondig, as die eerste persoon wat die wêreld van sy opstanding vertel het!

In 'n samelewing wat nie 'n vrou se getuienis as geloofwaardig of betroubaar beskou het nie, het Jesus 'n vrou gekies om die een te wees om die Goeie Nuus van sy opstanding met sy dissipels te deel. Jesus het Maria gekies – en Maria het gehoorsaam. Maria het in geloof die opgestane Here verkondig. Jesus het gedoen wat Hy gesê het Hy sou doen!

Maria se nalatenskap is ons nalatenskap. As gelowiges in Christus moet ons ook die opgestane Here verkondig! Ons kan, soos Maria, 'n nalatenskap nalaat deur voortdurend sy lewe, dood en opstanding aan die wêreld te verkondig.

**L E E S**

*Week 6 • Donderdag*

*2 Timoteus 1:3-7*

Ek dank God, wat ek net soos my voorouers met ’n skoon gewete dien, wanneer
ek onophoudelik dag en nag in my gebede aan jou dink. 4 Ek onthou jou
afskeidstrane en wil jou baie graag weer sien. Dit sal vir my ’n groot vreugde
wees. 5 Ek dink ook aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat al in jou ouma
Loïs en in jou ma Eunice was, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is. 6 Om
hierdie rede herinner ek jou daaraan dat jy die genadegawe wat God jou gegee het
toe ek jou die hande opgelê het, soos ’n vuur weer moet aanblaas. 7 Die Gees wat
God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en
liefde en selfbeheersing.

## SOAP

*Week 6 • Donderdag*

**SOAP** / *2 Timoteus 1:5*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Donderdag*

**SOAP:**

*2 Timoteus 1:5*

*Ek dink ook aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat al in jou ouma Loïs en in jou ma Eunice was, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is.*

**OORDENKING**

Gesinne dra dikwels tradisies, stories en erfstukke van een geslag na 'n ander oor. Dalk het jy 'n spesiale halssnoer wat aan jou ouma behoort het, of dalk ken jy die storie van hoe jou oupagrootjie en oumagrootjie ontmoet het. Miskies het jou gesin 'n spesiale tradisie wat jy vier elke keer wanneer iemand in jou gesin verjaar.

Die nalatenskap wat Timoteus geërf het, was selfs beter as 'n erfstuk. In Paulus se brief aan Timoteus het hy die opregte geloof van Timoteus se ouma Loïs en sy ma Eunice erken. Paulus het Timoteus en sy gesin op sy eerste sendingreis in Galasië ontmoet, en hulle geloof het 'n blywende impak gemaak. Timoteus is grootgemaak deur 'n Joodse ma en 'n Griekse vader. Handelinge 16 verwys na Eunice as "'n Joodse vrou wat 'n gelowige was". Of Timoteus 'n stewige grondslag van die Joodse geloof van sy moeder en ouma ontvang het, en of Loïs en Eunice Christene geword het deur Paulus se verkondiging van die evangelie is nie duidelik nie. Wat wel duidelik is, is dat hulle hul geloof aan Timoteus oorgedra het.

Loïs en Eunice het Timoteus geleer om opregte geloof te hê. In plaas daarvan om hul oortuigings te laat vaar by die eerste teken van moeilikheid of aan te pas om by die kultuur rondom hulle in te pas, het hulle standvastig gebly. Timoteus is grootgemaak met God se waarheid. Dit was hierdie agtergrond en geloof wat Paulus aangespoor het om uiteindelik vir Timoteus te nooi om by hom aan te sluit as 'n sendinggenoot. Paulus het dikwels van Timoteus geskryf asof hy sy eie seun was.

Wanneer ons ons geloof met die volgende generasie deel, God se Woord vir hulle leer en hulle help om standvastig te bly in die waarheid, rus ons hulle toe om die uitdagende omstandighede, beproewings en struikelblokke in die lewe te navigeer, en bowenal, om Christus aan die wêreld te verkondig. Deur ons getuienis kan ons die volgende geslag aanmoedig om God se genadige gawe van verlossing in Christus te aanvaar. Wanneer ons deel hoe God getrou was om saam met ons deur moeilike tye te stap, sal hulle aangemoedig word om hul eie uitdagings met genade te verduur. En wanneer ons God loof vir die oorwinnings wat Hy ons gegee het, mag hulle aansluit met hul eie liedere van aanbidding en dankbaarheid.

Moenie die onskatbare geleenthede mis wat God jou gee om die volgende generasie op te lei, te onderrig, te mentor, aan te moedig of toe te rus om opregte geloof in en liefde vir God te ontwikkel nie. So 'n belegging sal baie meer werd wees as wat jy ooit kan dink.

## **LEES**

*Week 6 • Vrydag*

*Spreuke 31*

Die woorde van koning Lemuel van Massa. Sy moeder het vir hom dié voorskrif
gegee: 2 My seun, my kind wat ek in die wêreld gebring het, oor wie ek 'n gelofte
gedoen het, 3 moenie jou krag op vrouens vermors nie, moenie jou lewe verspil
met hulle nie; hulle bring konings tot 'n val. 4 Dit pas konings nie om te drink
nie, Lemuel, dit pas hulle nie, dit pas mense met gesag nie om hulle aan drank
oor te geen nie. 5 As hulle drink, vergeet hulle wat die wet bepaal en laat hulle
nie reg geskied aan al die minderbevoorregtes nie. 6 Gee drank aan dié wat besig
is om onder te gaan, laat dié wat swaar ly, drink; 7 as so 'n mens drink, vergeet
hy van sy armoede en dink hy nie meer aan sy moelikheid nie. 8 Praat jy vir dié
wat self nie hulle sê mag sê nie, kom op vir die reg van dié wat te gronde gaan; 9
praat, en lewer regverdige uitsprake, Laat reg geskied aan die armes en ellendiges.
10 'n Knap vrou is baie werd, baie meer as edelstene. 11 Haar man steun op haar
en pluk die vrugte van haar werk. 12 Sy bring vir Hom net voordeel, nie nadeel
nie, haar hele lewe lank. 13 Sy maak wol en vlas bymekaar en geniet dit om dit
te verwerk. 14 Sy is soos die handelskepe, sy bring die kos van ver af in. 15 Sy
staan op as dit nog nag is en maak kos vir haar huisgesin; ook haar slavinne kry
hulle deel. 16 Sy oorweeg die waarde van 'n stuk grond en koop dit, sy sit dit
onder wingerd met geld wat sy self verdien het. 17 Sy pak die werk aan met krag,
haar hande staan vir niks verkeerd nie. 18 Sy stel vas of die wins goed is, haar
lamp bly heelnag brand. 19 Sy werk net die spinwiel, haar hande bly besig met
die weefstoel. 20 Sy het 'n oop hand vir die armes, sy is vrygewig teenoor die
behoeftiges. 21 Sy is gerus oor haar huisgesin as dit sneeu: hulle dra almal warm
klere. 22 Sy maak self vir haar dekens en sy dra klere van linne en wol. 23 Haar
man is welbekend by die stadspoort waar hy saam met die leiers beraadslaag. 24
Sy maak klere en verkoop dit, sy lewer gordels aan die handelaars. 25 Alles aan
haar spreek van 'n sterk en edel persoonlikheid; sy ken geen kommer oor die
toekoms nie. 26 As sy praat, is dit met wysheid; as sy leiding gee, is dit met liefde.
27 Sy hou goeie toesig oor haar huishouding; lui is sy nie. 28 Haar kinders prys
haar, haar man bewonder haar: 29 "Daar is baie knap vrouens, maar jy oortref
hulle almal!" 30 Uiterlike skoonheid hou nie, 'n mooi voorkoms is nie alles nie;
as sy die Here dien, dán verdien 'n vrou om geprys te word. 31 Gee haar wat haar
toekom vir alles wat sy doen; laat haar werk haar roem wees in die stadspoorte.

## SOAP

*Week 6 • Vrydag*

SOAP / *Spreuke 31:28–30*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

# DAGSTUKKIE

*Week 6 • Vrydag*

**SOAP:**

*Spreuke 31:28-30*

*Haar kinders prys haar, haar man bewonder haar: "Daar is baie knap vrouens, maar jy oortref hulle almal!" Uiterlike skoonheid hou nie, 'n mooi voorkoms is nie alles nie; as sy die Here dien, dán verdien 'n vrou om geprys te word.*

**OORDENKING**

Ons het baie tyd spandeer om vroue te bestudeer wie se lewens volkome aan die Here oorgegee is. Soos ons ons studie afsluit, sal ons die tipe karakter sien wat ontwikkel word deur en teenwoordig is in 'n vrou met groot geloof.

Geleerdes glo dat hierdie gedig in die boek Spreuke dien as 'n opsomming van die temas van wysheid wat deur die vorige 30 hoofstukke gedeel is. Hierdie spreuk is bedoel om 'n verpersoonliking van die deugde van wysheid te wees. In die Antieke Nabye Ooste was die verpersoonliking van wysheid algemeen, en wysheid is dikwels vergoddelik. Hierdie Bybelse verslag bied egter 'n alternatiewe begrip van wysheid: dit kom van God alleen, en wysheid is waardeloos sonder God. Alhoewel hierdie gedig vir ons belangrike pitkos bied, is dit nie bedoel om 'n idealistiese uitbeelding van 'n godvrugtige vrou en haar gedrag te wees nie, maar 'n manier om te beskryf hoe goddelike wysheid 'n voordeel vir die individu, die gesin en die gemeenskap is.

Aan die begin van die boek Spreuke lees ons dat "kennis begin met die dien van die Here" (1:7). Net so is vrees vir die Here die fondament waarop hierdie vrou van edele karakter haar wysheid gebou het. Dit is deur geloof en wysheid dat ons die deugde en krag ontwikkel wat nodig is om die dinge te doen wat in hierdie gedig uiteengesit word. Dit is uit ons liefde vir God en geloof in Hom dat ons in staat is om te kan kan werk om ons gesinne en gemeenskappe te seën.

Soos ons groei in wysheid en ons verhouding met die Here verdiep, kan ons onderskei tussen die misleidings, leuens en teleurstellings van die wêreld. In plaas daarvan kan ons fokus op die hemelse dinge van ware, blywende waarde, soos wysheid en die vrees van die Here. Wanneer ons fokus daarop is om God te eer en 'n karakter soos Christus te ontwikkel, kan ons die werk wat voor ons is met vreugde doen.

Wanneer ons harte in lyn is met Jesus, sal ons diegene in ons gemeenskappe sien wat ons kan dien. Met wysheid kan ons die harde werk doen wat nodig is om voor te berei vir watter seisoene, uitdagings of onsekerhede ook al oor ons pad kom soos ons in ons geloof groei. En wanneer ons dít wat ons geleer het aan die volgende geslag oordra, met liefde en wysheid onderrig en leiding gee, sal hulle die nalatenskap van geloof en volkome oorgawe voortsit.

## OORDENKING

*Week 6*

1. *Sifra en Pua het God meer gevrees as wat hulle die koning van Egipte gevrees het. Watter les kan ons by hierdie dapper vroue leer? Wat was die gevolg van hulle gehoorsaamheid?*

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

2. *Lidia het nie geskroom om die kerk te dien nadat sy gered is nie. Hoe het haar gasvryheid die vroeë kerk geseën? Watter voorbeeld het sy aan diegene rondom haar gestel?*

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

3. *Maria Magdalena het aan die dissipels verkondig wat sy gesien het, ons opgestane Here. Waarom is dit belangrik om aan ander te vertel van die ongelooflike werk wat ons gesien het Jesus in ons lewens, sowel as die lewens van ander, doen?*

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

4. *Loïs en Eunice was 'n ouma en 'n ma wat 'n groot impak op die volgende generasie gehad het toe hulle hul geloof aan Timoteus oorgedra het. Waarom is dit belangrik om doelbewus ons geloof aan die volgende geslag oor te dra?*

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

5. *Waarom is dit belangrik om ons lewens gefokus op Jesus te leef? Hoe beïnvloed hierdie enkele eenvoudige keuse alle fasette van ons lewens?*

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

# Sluit By Ons Aan

**AANLYN**

*lovegodgreatly.com*
*lovegodgreatly.com/afrikaans*

**JOERNALE**

*lovegodgreatly.com/store*

**FACEBOOK**

*lovegodgreatly*
*lovegodgreatlyafrikaans*

**INSTAGRAM**

*@lovegodgreatlyofficial*
*@lovegodgreatlyafrikaans*

**APP**

*Love God Greatly*

**KONTAK ONS**

*info@lovegodgreatly.com*
*lovegodgreatlyafrikaans@gmail.com*

**SKAKEL BY ONS IN**

*#LoveGodGreatly*
*#LoveGodGreatlyAfrikaans*

## VIR JOU

### *Wat ons bied*

Meer as 40 Vertalings
Bybelleesplanne
Aanlyn Bybelstudie
Love God Greatly Toepassing
Meer as 200 Lande Bedien
Bybelstudie Joernale
Gemeenskapsgroepe
Love God Greatly Bybel
Love God Greatly Joernaal

### *Elke studie sluit in*

Drie Blogplasings per Week
Daaglikse Dagstukkies
Memoriseerverse
Weeklikse Uitdagings
Weeklikse Oordenkingsvrae
Oorbruggings Leesplan

### *Ander studies*

Die Grootste Geskenk
Geloof Bo Volmaaktheid
In Jesus Is Jy...
Vriendskap
In die Begin
Die Evangelie van Markus
Verlos van Skande
Ewige Verbond
Jesus, Ons Alles
Ken die Liefde
In Sy Krag: Gister en Vandag
Vrees en Angs
Opgestaan
Nader tot God
Saligsprekinge
Ester
Woorde Maak Saak
Wandel in Oorwinning
Laat Reg Geskied, Bewys Liefde En Trou, Lewe
Bedagsaam Voor Jou God
Getroue Liefde
Wees Dapper
Verlosser
Beloftes van God
Liefde Sonder Vooroordeel
Waarheid Oorwin
1 & 2 Tessalonisense
Vrees en Angs
Jakobus
Sy Naam Is...
Filippense
1 & 2 Timoteus
Toegewy
Rut
Gebroke en Verlos
Wandel in Wysheid
God Met Ons
Jy is Vergewe
Dawid
Prediker
Groei deur Gebed
Name van God
Galasiërs
Psalm 119
1 & 2 Petrus
Gemaak vir Verhoudings
Die Pad na Kersfees
Die Bron van Dankbaarheid
Jy is Geliefd